

# **DIE *GUTS* OM VIR VANDAG TE LEEF**

**... want God laat die lewe hier en nou gebeur, een dag op 'n slag**

# 1. Vandag – God se gunsteling tyd!

## Hoekom nog ‘n boek?

Goeie vraag! Mens moet weet tog hoekom jy iets lees. Die lewe is te kort om slegte koffie te drink, swak preke te hoor en *goor boeke* te lees. Wat is ‘n goor boek? Wel, dis een wat jou nie juis uitdaag, skuif, of vorentoe vat nie! Jy is verkul as jy die hoeveelste boek lees wat rubberstempels slaan op alles wat jy reeds weet of dink. Jy is ingedoen as jy die soveelste boek ter hand het wat versuikerde geestelike lekkers uitdeel.

Enige nuwe boek moet jou horisonne verbreed. Dit moet nuwe vensters op God, jouself en die lewe oopmaak, suurstof-inlaat vensters. Dit moet jou laat leef, sommer vandag al. Ek vertrou hierdie boek gaan dit laat gebeur met jou, want dit het ten minste my eie fundamente geskud terwyl ek dit geskryf het. So nie, moet jy jou geld asseblief terugvra. (Skryf ook aan my by [www.ekerk.co.za](http://www.ekerk.co.za).)

## Skokkende nuus: God hou van vandag

Almal beplan vir die dag van môre. Almal is onderweg soontoe. Vandag is vir die meeste mense maar ‘n vervelige tydsone. Vandag is vaal, flou en mistroostig. Maar môre as daardie groot drome waar word, dan gaan dinge vir eens en altyd anders wees. Egte lewe, soos goeie weer, is vir meeste mense altyd op pad. Dis nog nie hier nie, maar môre of oormôre as daardie ideale tyd aanbreek, dan gaan alles anders en lekkerder wees.

Mense sit hulle hoop gedurig op die toekoms terwyl vandag nutteloos en onopgebruik in die dryfsand wegsyfer. Nou ja, môre is belangrik, g’n twyfel hieroor nie. Maar wat van vandag? Wie sal vir die belangrikheid van vandag opstaan?

Terwyl baie mense oor die dag van môre praat, worstel derduisende om net vandag te oorleef. Terwyl baie kerklikes in droomland verkeer oor wat God nog in die toekoms gaan doen, probeer miljoene om van een maand tot die volgende kop bo water te hou. ‘n Leefstyl en ‘n godsdienst wat eksklusief met die toekoms besig is, raak hulle nie te veel nie. Miskien is die dag van môre groot nuus in veilige kerklike ruimtes, maar definitief nie daar buite op die harde speelvelde van die lewe nie.

Wat sê God oor vandag? Met hierdie vraag in my agterkop het ek in die Bybel gaan rondsnuffel. Daar tref dit my toe vierkantig tussen die oë: **God hou van vandag!** Meer as jy en ek. Dit is sy gunsteling werkstyd! Trouens, Hy hou so baie van vandag dat Hy dit spesiaal gemaak het! Hy het dit beplan, in aansyn geroep en op presies die regte tydstip laat aanbreek. God het vandag geskep en sakpas by ons lewe se voorstoep afgelewer. Hy

wil graag hê ons moet vandag ook be-leef, uit-leef en op-leef. Ons mag nie al ons energie vir môre spaar nie. Dis bykans 24 uur te laat.

### **Wat gebeur alles vandag?**

Ek het drie groot dinge in die Bybel ontdek oor vandag:

- a. *God het die wêreld gemaak teen die spoed van een dag op 'n slag.* Hy het dag-vir-dag tyd geskep, 24 uur op 'n keer. Toe het Hy ook sy spoed aangepas vanaf ewigheidstyd na mensetyd.
- b. *God versorg sy skepping teen die spoed van een dag op 'n slag.* Hy gee elke dag daaglikse brood aan al sy mense
- c. *God bring geestelike vernuwung in sy kinders se lewe teen die spoed van een dag op 'n slag.* Die Here maak ons elke dag van voor af oor.

Vandag maak regtig baie vir God saak. Terwyl meeste mense op pad is na môre toe, spandeer God graag tyd in vandag se tydsone. Terwyl mense rondsit en beplan hoe om die wêreld van môre af 'n beter plek te maak, deel God reeds vandag manna en lewende brood uit. Iewers loop ons Hom mis as ons eksklusief in môre se tydsone probeer leef terwyl God hier en nou aan die werk is. Nog erger, terwyl al wat toekomsreisiger dink hulle kan môre nou al haarfyn beplan en beheer, is dit net God wat môre se sleutels in sy hand vashou. Net Hy weet. Net Hy het die eksklusiewe regte op môre.

### **My probleempie... en dalk ook miljoene ander mense s'n**

*The faster we travel, the less there is to see*  
- Helen Hayes

Ek het vir 'n lang tyd in my lewe nie vandag ten volle beleef en geleef nie. Ja, ek was elke dag besig, dodelik besig. Daar was gedurig te veel dinge om te doen in veels te min tyd. Nie eens my gunsteling sjokolade het gehelp nie. En volgens die advertensie is dit juis ontwerp vir mense met 'n 25 uur werksdag.

Toe, so 'n paar jaar gelede, het ek tot my skok agtergekom my geloof maak nie veel van 'n verskil aan my daaglikse lewenskwaliteit nie. Ja, ek het geweet Jesus het vir my sondes gesterf. Ook dat ek die ewige lewe as geskenk uit sy hand ontvang het. Nogtans het dit nie 'n arskuddende verskil aan my daaglikse vreugde gemaak nie. Ek het steeds dieselfde klagtes gekla, dieselfde materialistiese drome gedroom en dieselfde pyne beleef as meeste ander mense rondom my. Boonop het ek myself halfpad dood gejaag.

### **Die verskil tussen spoed en gejaagdheid**

*Things that are not worth doing are not worth doing well*

Nee, ek het nie as sodanig 'n probleem met vinnig leef nie. Om vinnig te leef, is 'n gawe wat die Here aan sommige mense gegee het. Party mense kan net veel meer gedoen kry in 'n kort tydjie sonder om uitasem of moeg te wees. Party mense het die gawe om naellopers te wees. Hulle is vinnige, effektiewe besluitnemers en goeie implementeerders. Vinnige mense doen dinge gemaklik vanuit hul innerlike oortuiging. Hulle het tyd, al is hulle besig. Hulle loop, al hardloop hulle. Hulle rus, al leef hulle volspoed.

'n Haastige lewe, 'n "hurried life", is egter iets totaal anders. Gejaagdheid is om heeltyd onrustig, gespanne, oorlaai, bekommerd, uitgeput en klaerig te wees. Dis om aan daardie "Atlas-sindroom" te ly omdat jy dink jy moet die hele wêreld se laste op jou eie skouers dra. Ekself was vir 'n lang tyd ook 'n "hurried life" slagoffer. My leef-brandstof was gedurig op. Ek het dag in en dag uit op my reserwetenks geboer. Die rooi ligte het van die oggend tot die aand geflikker, want ek het geteer op verlede week se opgebruikte reserwes terwyl ek myself gedurig bekommer het oor volgende week se probleme.

Vir 'n ieder en 'n elk moes ek regstaan met antwoorde, oplossings, raad... altans, so het dit vir my gevoel. Want haastige mense wil gedurig almal ter wille te wees en almal gelukkig hou. Daar's nie 'n vraag nie, of haastige mense moet dit beantwoord. Daar's nie 'n saak nie, of haastige mense moet 'n opinie daarvoor hê. Haastige mense wil mos alles vir almal wees.

**Môre se energie is vandag al opgebruik**

*The most wasted day of all is one in which we have not laughed*

As slagoffer van 'n "gejaagde lewe" was ek gedurig geïrriteerd en gespanne. 'n Goeie nagrus het nooit veel langer as tienuur die volgende oggend gehou nie. Die elletlange lys doodlyne, optredes, vergaderings, gesprekke, boeke en afsprake wat weer vandag, môre en volgende week voorgelê het, was 'n bodemlose put wat al my energie opgeslurp het. Om alles te kroon, is die doelpale gedurig verskuif. Almal, ekself inkluis, het meer en meer van my verwag.

Niks was ooit genoeg nie. Daar was nooit tyd om een of ander klein vreugdetjie of deurbraak te vier nie. Daar was altyd nog iets om te doen, nog iemand om te sien, nog 'n probleem om aan te spreek. Nooit was die einde in sig nie. Want die nood was altyd te groot. Die wêreld moes gered word. Groot sake soos bekering, herlewing, reformasie en nuwe lewe moes gefasiliteer word. Dis toe dat ek nog 'n skokkende ontdekking gemaak het. Ek het besef ek leef nie slegs uit verlede week se reserwes nie, maar ook reeds op môre s'n! Ek het môre voor die tyd klaar leeggetap. Ek het onwettig by môre gaan leen. Die gevolg was dat ek elke vandag kniediep in die rooi was omdat ek gister en môre se

energie kantr en klaar opgebruik het. Daar was eenvoudig niks oor om wettiglik uit te gee hier en nou nie!

**Dit help nie om maar net jou omstandighede te verander nie, jy moet ook verander!**

*When we are emotionally fragmented, we leak. No matter how much we consume, how much we take for ourselves, we always find ourselves empty in the end*  
- Erwin McManus, *Uprising* (2003)

Op 'n dag het my haastige leefstyl my ingehaal. Daar by Tuks, waar ek professor in Teologie was, het ek op 'n dag omgekap. Aanvanklik het die dokter gedink dis 'n ligte beroerte. Genadiglik was dit toe nie die geval nie, maar hierdie was die eerste waarskuwingslig. Toe raak my been 'n maand of twee later skielik lam. 'n Neurochirurg wou met alle geweld 'n fusie op my rug doen om die probleem reg te stel. Gelukkig het dit ook nie gebeur nie. Om alles te kroon, volg 'n slegte motorkaping kort daarna. Toe het ek finaal besluit om uit die gejaagde baan pad te gee.

My vrou en ek het in die middel van 2002 die moeilikste keuse van ons lewe gemaak. Ons het gekies vir 'n nuwe leefstyl in 'n kleiner, onafhanklike Afrikaanse kerk in Auckland, ver weg uit die gejaag. So het ons gehoop! Vir veel minder geld en met groot moeite is ons weg uit Suid Afrika, op soek na 'n ongejaagde lewe, 'n rustiger wandel sam met God. En wat 'n jaar was dit nie! Totdat ek op 'n dag daar in Auckland agtergekom het dat egte rus nie maar net in veranderde omstanighede te vind is nie. Met dié dat nog 'n skok my getref het: ek het agtergekom ek het my gejaagdheid vanuit Suid Afrika saamgebring het. Dit is onwettig saam met my meubels verskeep.

Ek het myself verkul; ek het naamlik gedink die veranderde omstandighede vanaf Suid Afrika na Nieu Seeland sou daardie lank verwagte rustigheid in my lewe bring. Maar, soos wat ek al 'n paar keer vir mense gesê het, die enigste rustige deel van 'n verhuising oorsee, is daardie twaalf ure vlug op die vliegtuig. Geluk lê nie as sodanig opgesluit in nuwe omstandighede nie, maar in myself. Ek moes hierdie les weer en weer op die harde manier leer. Vaak ekki! Moenie so dwaas soos ek wees om te dink jy gaan gelukkiger en rustiger wees deur bloot net van werk of van land te verander nie. Want daardie nuwe werk of land vra kort voor lank 'n nuwe pond vleis van jou. As jy 'n slagoffer van 'n gejaagde-lewe sindroom is, gaan jy maar net van voor af swig voor presies dieselfde versoeking.

**Kopskuiwe = lewensskuiwe!**

*You can't please everybody if you are going to make a difference in this world*  
- Melvin Chapman

Die belangrikste ontdekking wat ek gemaak het na my terugkeer Suid Afrika toe om die *eker* te begin, was dat ek by die Here egte vrede moet vind, daaglikse vrede. Met dié dat ek die Woord van 'n kant af begin bestudeer het op soek na nuwe hemelse skatte. Dis toe dat die Here 'n paar nuwe ligte in my lewe aangeskakel het. My kop het van koers verander. My lewe ook. Nie oornag nie, maar stelselmatig. Want ek het algaande iets begin snap van God se hemelse ritme en my eie foutiewe leefritmes.

Die grootste ontdekking die afgelope jaar of twee was dat God *vandag* veral ook as sy werk- en rustyd uitgekies het. Vandag is sy reddingsdag! So sê Hebreërs 3 en 4. So sê Paulus ook luidkeels in 2 Korintiërs 6. Vandag tel lewensgroot op die hemelse kalender! As vandag dan so baie saakmaak dat God bereid is om sy heel belangrikste werk vandag te doen, naamlik om mense te red en hul lewens te verander, dan moet ek eenvoudig ook by vandag opdaag. Ek durf nie langer uitstel tot môre nie. Dis heeltemal te ver in die toekoms.

Vandag maak vir God saak. Daarom dat Paulus sê ek moet die tyd uitkoop. Om vandag deur my vingers te laat val ten gunste van nog 'n vervelige kuier by 'n opgebruikte gister, of 'n oor-die-muur-klim-ekspedisie na môre toe, is geestelik onwettig! Dis onverantwoordelik om die enigste stukkie leefbare lewe tot my beskikking te laat val.

### **Lewenslank in die verkeerde tydsone, of nie?**

Ek het agtergekom ek kan myself lewenslank besig hou met gister en môre. Ek het dit immers vir jare lank reggekry. Nee, ek sê nie die verlede is onbelangrik nie. Allermens. Hoofstuk 3 gaan juis oor die belangrikheid van die regte gister, God se reddende gister. Maar as ek God se reddende gister reg verstaan, dan verander dit hoe ek vandag leef!

Vandag is God se tyd. Hyself het gekies om vandag by te voeg tot sy hemelse kalender. Die blote feit dat God op vandag besluit het, vul my met groot opgewondenheid. Ongetwyfeld wil Hy hê iets groot moet op hierdie einste vandag gebeur. Wat? 2 Korintiërs 6:2 hou die sleutel: "*Vandag is die dag van redding.*" Dis wat God wil hê moet gebeur. Mense moet gered word. Lewens moet nuutgemaak word. Dis sy wil. Dis sy plan met vandag. Daarom dat Hy vandag aan ons geskenk het. Ons moet sorg dat vandag juis die dag van redding is.

Ek het die afgelope paar jaar geleer dat ek elke oggend moet kies om oor gister en môre se hoë mure na vandag toe terug te klim. Dit is nie maklik nie. Ek wil gedurig maar weer probeer om môre te beheer, of my veiligheid by al die verkeerde gisters loop soek. Te veel kere is ek steeds nie op my pos as vandag aanbreek nie. Maar ek weet minstens nou dat vandag God se gunsteling werkstyd is. Dis reddingsdag. En ek wil graag die res van my lewe wees waar Hy is.

## **Daardie nuwe ontdekkings in God se goudmyn**

Die drie belangrike dinge wat jy in hierdie boek oor vandag raakloop, en wat ek reeds hierbo genoem het, het my leefritme die afgelope paar jaar ingrypend verander. My ontdekking dat drie van die belangrikste dinge wat God doen juis binne die ritme van een dag op 'n slag gebeur en dat dit vandag ook gebeur, het my oë oopgemaak vir die absolute belangrikheid van vandag. Ek het ontdek dat God een dag op 'n slag skep; dat Hy een dag op 'n slag brood uitdeel en dat Hy een dag op 'n slag in sy kinders se lewe deur die Heilige Gees werk. God se groot dag is vandag. Dis skeppingsdag, kos-uitdeel-dag, nuutmaak-dag.

## **Emigreer weg uit gister en vandag na môre toe**

*As ek my hele lewe lank op die uitkyk vir dreigende storms is, gaan ek nooit vandag se sonskyn raaksien nie*

Ek was vir baie jare haastig onderweg na môre toe, veels te haastig. Vandag het te min getel omdat ek nie God se planne met vandag behoorlik raakgesien het nie. Daarom dat ek so gejaagd geleef het. Na die groot ontdekkings oor vandag uit die Bybel het ek egter besef ek het 'n belangrike keuse om te maak, 'n keuse om nog 'n keer te emigreer. Nie oorsee nie, maar terug na vandag toe. Ek het toe my bedanking ingedien by gister en môre en 'n vandagmens geword.

Ek het besef...

- Ek moet elke dag kies om vandag tot eer van die Here te leef.
- Ek moet elke dag “die regte hemelse genade-geld” by die Here gaan bedel waarmee ek vandag vir Hom ten volle kan uitkoop.
- Ek het besef dat Jesus baie ernstig was toe Hy in die bergrede gesê het ek moet my nie vandag al oor die dag van môre bekommer nie. Môre sal vir môre sorg.
- Ek het besef ek kan nie gister verander nie. Om my heelyd oor gister se foute en pyne te verknies, is om die lewe vandag mis te loop.
- Ek het besef ek durf myself nie doodbekommer oor die toekoms nie. Dis die Here se afdeling. Ek moet Hom met môre vertrou en die meeste maak van daardie stukkie tyd wat Hy my vandag gun om te leef.

## **Vermorste tyd**

*I got lost in unused time  
- Shirley Valentine*

As iemand 'n paar jaar gelede vir my sou gesê het ek mors my tyd, dan sou ek kwaad gewees het. Ek was immers baie besig. Nou nog. Miskien is die grootste verskil tussen

toe en nou dat my leefritme begin verskuif het vanaf gejaagdheid na spoed. Nou leef en werk ek meeste van die tyd binne daardie spoedgrense waarbinne ek my passie vir die Here, asook vir ander mense, dag in en dag uit kan behou. Ek moet erken, nou en dan val ek weer terug na my ou, gejaagde self. Maar die Here is getrou. Hy herinner my gedurig aan my nuwe leefritme. Tog het ek in die verlede baie kosbare tyd vermors. Ek was nie regtig aanwesig by elke vandag nie. Ek was met my kop in die verlede en met my hart reeds by môre. Ek het van dag tot dag gejaag. Vandag was regtig net 'n vlietende punt onderweg na wie weet waarheen.

Ek het intussen by die Here geleer dat ek vandag bewustelik, aandagtig en met groot grasia moet beleef. Ek moet aanwesig wees. So nie, vermors ek kosbare tyd. Dan kry diegene wat vandag geseën moet word nie die volle porsie wat hulle toekom nie. Dan het ek nie regtig tyd om stil te staan by iemand wat juis vandag my hulp nodig het nie. En dan mis ek uit op hemelse genade wat die Here spesifiek na my kant toe wil aangee. Want dan leef ek nie teen vandag se leefspoed nie, maar reeds teen môre of volgende week s'n. Verhoudings ly altyd wanneer ek nie vandag aanwesig is nie.

### **Die verkeerde *versus* die regte toekoms**

*If you can't be a good example, then you'll just have to be a horrible warning*  
- Catherine Aird

Om my fokus van môre na vandag toe te skuif, is 'n nuwe ritme wat ek elke dag moet inoefen. Ek moet erken, dit laat my dikwels buite beheer voel. En, bygesê, ek's maar 'n tipiese verteenwoordiger van daardie "Baby Boomer" generasie. Ons spulletjie hou van vastigheid en sekuriteit. Daarom verkies ek van nature om te weet dat die toekoms allerlei sekuriteite aan my te bied het. G'n wonder dat dit so swaar is om nou 'n nuwe dag-tot-dag ritme saam met die Here te volg nie. Maar dis bevrydend, verrassend, vernuwend, 'n geestelike avontuur!

So van die toekoms gepraat: nee, dis nie verkeerd om oor die toekoms te praat; te beplan of daaroor te dink nie. Hierdie boek is regtig nie 'n oefening in werklikheidsvermyding nie. Dit probeer jou ook nie toekoms-sku maak nie. Alles en behalwe. Die toekoms is belangrik. 'n Groot deel van die Bybel handel immers oor die toekoms. MAAR hoor mooi: dit gaan oor God se toekoms wat Hyself laat aanbreek, nie oor daardie een waarin ekself die hoofrol probeer speel nie. Die regte toekoms gaan nie oor myself, my status, my posisie, veiligheid, beroepskeuses, finansiële sekerheid, ensovoorts, nie.

Ek het 'n vermoede dat die meeste van ons se toekomspraatjies net oor ons eie toekoms handel, nie oor God S'n nie. Daarom dat ons gedurig bekommerd en bedruk is. Ons leef gedurig vir môre, nie vir vandag nie. Ons probeer van vroeg tot laat voorsiening maak vir môre en vergeet om vandag te leef. Ons breek ons rug om ons eie finansiële sekuriteit te verseker en laat val vandag in dié proses deur ons vingers. Ons beplan ons eie lewenspad



met die grootste noukeurigheid, terwyl die Here se soort vreugde baie laag op ons daaglikse leefboeke registreer. Ons is veels te besig met die toekoms om vandag ooit ten volle te geniet.

### ***Vandagspoed is elke dag leefbaar***

“Jy weet nie waarvan jy praat nie,” het ek al ‘n paar maal gehoor as ek sê of skryf dat ons nie so verskriklik gejaagd moet leef nie. Baie het al vir my gesê hierdie droom van ‘n een-dag-op-‘n slag-leefstyl sal nooit werk in “die regte wêreld” nie. Sê wie? Niekie dalk? Weet jy, daar’s net een regte wêreld, dis daardie een waarbinne God my Eregas is en sy Gees my permanente Mede-Reisiger.

Een-dag-op-‘n-slag spoed is nie niksdoen spoed nie. Mense wat vir vandag saam met God leef, is nie noodwendig stadig nie. Nee, hulle het maar net opgehou om haastig te wees. Hulle gejaagdheid het plek gemaak vir rustigheid; hul bekommerde gesigsuitdrukkings is vervang met vreugde. Hulle kan weer lag. Want hulle weet God is vandag hier. Hy het vandag gemaak; daarom beleef hulle vandag as ‘n Goddelike feesdag. As God wil en hulle leef môre, dan sal Hy môre ook weer betyds opdaag! Daarom dat hulle die toekoms saam met Hom in die oë kyk.

Om een dag op ‘n keer te leef, is die radikale keuse wat ek nou elke dag van voor af moet maak. Soos hierbo gesê, dit beteken dat ek nie meer so in beheer van sake is soos tevore nie. Nou is ek partykeer amper traak-my-nie-agtig teenoor sake waaraan ek vroeëre baie ure se tyd en energie spandeer het. Nee, dis nie onverskilligheid wat nou in my lewe oorgeneem het nie, eerder ‘n nuwe soort sorgvryheid. Dis ook nie onverantwoordelikheid nie, maar juis die vaste wete dat my Hemelse Vader in beheer is, wat nou meermale seëvier. Nou staan ek haastig uit die pad van diegene wat alles en almal rondom hulle probeer beheer en bestuur. Sulke kontrole is niks minder nie as vrees en ongeloof in die hande van die gejaagdes. Daar’s heeltemal te veel van hulle in die samelewing en die kerk. Vra my, ek was hulle ere-voorsitter.

### ***Vandag verskuif my prioriteite Godwaarts***

Nou is my prioriteite anders as vantevore. My doelwitte binne God se diens is veel meer realities. Nee, dis glad nie kleiner of minder waagmoedig nie. Intendeel, dis net meer haalbaar en vinniger bereikbaar. Nou droom ek nie net heeltyd oor hoe die groot toekoms anderkant die horison gaan lyk nie, maar eerder hoe dinge reeds aan hierdie kant van môre tot eer van die Here in plek moet kom. Gewone oomblikke maak skielik soveel meer saak as gestruktureerde vergaderings. ‘n Klomp onnodige rompslomp wat ek vir jare lank gedoen het omdat mense verwag het ek moet dit doen, is skielik van vandag se radarskerm af.

Dis nie 'n gewilde keuse om dag vir dag saam met God te wandel nie, veral nie in hierdie kontrole-behepte, kalender-georiënteerde, wêreld van ons nie. Maar God se glimlag is al wat nou tel. God is die enigste Hoofrolspeler wie se opinie regtig gewig dra. As Hy aankondig vandag is reddingsdag, wie's ek dan om heelyd in vervelige vergaderings, dooierige byeenkomste en tydmors aktiwiteite te moet rondhang?

Nou het ek vir die eerste keer in my lewe 'n koninkryksperspektief, in plaas van 'n eng kerklike perspektief. Nou verstaan ek dat Jesus God se koninkryk gebring het, en nie in die eerste plek die kerk nie. Daarom kan ek my nie meer met vrymoedigheid van vroeg tot laat met die instandhouding van geykte strukture en instellings besig hou nie. Die uitdra van God se Woord op elke plek waar ek myself vandag bevind staan voorop. Kerk gebeur nou elke dag in my lewe, nie net Sondag nie.

Noudat ek die belangrikheid van vandag begin snap, kom verhoudings eerste. Nee, ek kan nie met 'n ieder en 'n elk in 'n verhouding staan nie. Die dae is verby dat ek skuldig voel oor almal wat ek nog nie besoek, gebel, of ondersteun het nie. Want ek kan tog nie alles vir almal wees nie. Dis 'n onhoudbare situasie wat my vroeër opgeskeep laat sit het met 'n gejaagde hart en 'n groot onbehae, want ek kon dit nooit regkry om almal ter wille te wees nie. Daar waar die Here my vandag neergesit het, juis op daardie paar sentimeter wil ek my hart, my tyd en my siel gee vir Hom en vir elkeen met wie ek daar vandag paaie kruis.

### **Vandag gebeur veel gouer as môre, en dis propvol verrassings!**

*Don't put off till tomorrow what can be enjoyed today*  
- Josh Billings

Die lewe is deesdae nie meer vir my soos 'n voorafvervaardigde film waarin ekself een van die vaal, vervelige akteurs is nie. Skielik is daar weer verrassings. Vroeër, toe ek gejaagd op die toekoms afgestorm het, was alle verrassings weg. Ek het selfs my eie verrassingspartytjies gereël, so voorspelbaar was my lewe. Maar dis verby. En dit moet vir altyd gister se nuus bly! Nou wil ek elke dag deur God, deur ander mense, en ook deur myself verras word. Nou wil ek ervaar hoedat elke dag God se spesiale dag is en hoedat mense elke dag binne sy genade-visier is. Ek wil myself elke dag verras deur Goddelike momente raak te sien, te benut en dit voluit te beleef. Ek wil die lewe as 'n avontuur sien, soos wat God dit bedoel het om te wees, en nie as die produk van my eie vervelige bestuursvaardighede waar alles en almal in plek is nie. Ek wil elke dag feesklere dra en dit as 'n feesdag herdenk, bloot net omdat God dit gemaak het.

### **Belangrikste mense eerste**

*I value the friend who for me finds time on his calendar, but I cherish the friend who for me does not consult his calendar*  
-Robert Brault

Die keuse om binne God se tydritme te leef, het die fokus in my lewe toenemend weg verskuif vanaf take na mense toe. Die Here se prioriteitsmense, naamlik my familie troon skielik die hoogste van almal uit. Nou is die kosbaarste tyd dié vir my fenomenale vrou en kinders. Ons praat, lag, kuier en drink meer koffie saam as ooit tevore. Ons meet nie meer ons tye saam in ure of dae nie, maar in uitgekoopte tyd – op God se manier!

Ek maak ook weer tyd om vir my vriende te bid en saam met hulle te kuier. Dis nie so moeilik vir my soos vantevore om nee te sê wanneer iets opkom wat gesinstyd en vriendetyd steel nie. Ek beseft al hoe meer dat die Here vandag ook aan ons as familie en vriende gegee het om mekaar te geniet. Dis leeftyd, lagtyd, bymekaarwees-tyd.

### **Ontdek die belangrikste tydsone en leef daarbinne**

My dagbeplanner en my dagboek het nou 'n *VANDAGboek* word, nie 'n *môre-boek*, *volgende week-boek*, of *die res van die jaar-boek* nie. Vandag tel. Vandag maak saak. Vandag het krag. Vandag is gelaai met groot hemelse moontlikhede. Wil jy nie asseblief hierdie geheim saam met my ontdek nie? Wil jy nie waag om vandag te leef tot eer van die Here nie?

Jy gaan op die volgende bladsye daardie drie lewensbelangrike dinge oor vandag ontdek wat hierbo genoem is (hoofstuk 4-6). Maar jy gaan ook agterkom hoekom die regte gister lewensbelangrik vir vandag is (hoofstuk 3). En jy gaan boonop jou eie *geestelike tyd intelligensie (GTI)* verfyn omdat jy gaan leer hoe om die meeste te maak van elke vandag wat jy tot jou beskikking het (hoofstuk 7). Laastens gaan jy kies om elke keer by vandag aan te meld en dit anders te maak (hoofstuk 8).

Jy het net vandag tot jou beskikking. En jy's nog glad nie te laat nie. Vandag is 'n gawe van God ook aan jou, anders was jy nie vandag hier om dit te beleef en te vier nie. Hoe gaan jy dit benut? Met watter inhoud gaan jy dit volmaak? Watter impak gaan die feit dat jy vandag leef op tyd en ewigheid hê, indien enige? Hoe leef jy vandag, indien jy regtig leef en nie bloot net rondploeter onderweg na 'n sogenaamde beter môre nie?

As vandag vir jou saak maak, as jy van mening is dat jy dit beter moet benut en opleef, lees asseblief dan verder... Maar, wees gewaarsku, jy gaan na hierdie ervaring anders leef, teen een dag op 'n slag. Sien jy regtig kans om jou lewensritme so ingrypend te verander, om jou leefpas dramaties aan te pas? Kan jy afskaal én opskaal na een dag per slag toe? Het jy regtig die *guts* om vir vandag te leef?

## II. Ligloop vir gister en môre... die lewe gebeur vandag

### Ons plat nuwe wêreld

Hier kom groot moeilikheid

Dis klaar met ons

Waar gaan dit alles heen?

Hier's g'n toekoms vir my of my kinders nie

Ons gaan dit nie maak nie

Ek het g'n hoop meer nie

Dis die soort taal wat jy deesdae om elke hoek en draai hoor. Ook nie net in Suid Afrika nie. Wêreldwyd heers daar 'n toenemende pessimisme oor die dag van môre. Lees jy enige nuwe boek oor temas soos leierskap of die toekoms, dan vertel die skrywers vinnig vir jou dat mense vasgevang is in 'n knyp tang van moedeloosheid en radeloosheid. Richard Boyatzis en Annie McKee skryf sommer al op die heel eerste bladsy van hulle nuwe boek: *Resonant Leadership* (2005) die volgende woorde: "And in our societies, across the globe, just look at what leaders are up against: a world that is more unstable, more dangerous than it was even a few years ago."

Die toekoms lyk onstabiel, onveilig, gevaarlik. Dis propvol onvoorspelbare kinkels en kables. Hierdie onsekerheid maak mense vandag lewensbang. Geen wonder nie, want alles verander. Daar's geen wegkruipplek meer waar jy veilig is teen verandering nie. Dis toe nie 'n leë spreuk dat die enigste konstante vandag *verandering* is nie. Dis 'n voldonge feit! Die toekoms tref ons veel gouer as wat dit gister en eergister nog die geval was. Dit tref ons sommer vandag al in ons gesig. Die rede? Wel, die titel van Tom Friedman se onlangse trefferboek (2005) sê dit alles: "The world is flat." Nee, ons leef nie eens meer in 'n "global village" nie, ons leef nou in 'n "global mall", soos wat Tom Peters, "*Re-imagine*" (2003), sê.

In sy boek oor ons plat nuwe wêreld van vandag vertel Friedman dat as jy in die VSA jou belastingsvorms by 'n plaaslike belastingkonsultant ingee om dit te verwerk, dan is die kans baie goed dat dit in 'n plek soos Nieu Delhi gedoen word. Of as jou bagasie op een van die plaaslike Amerikaanse lugrederye vermis raak, dan is die persoon aan die anderkant van die telefoon wat jou help moontlik woonagtig in Beijing, of iewers aan die anderkant van die aardbol. Alles word deesdae uitgekonnekteer aan goedkoper lande. Ons plat wêreld is blitsvinnig, tegnologies in die heel hoogste rat en baie bedreigend! Mense bly vandag op een kontinent en verdien hul daaglikse brood op 'n ander. Selfone, sateliete en die internet bring die wêreld in ons elkeen se voorkamer en in ons eie hand.

**Wat vandag op my voorstoep gebeur, eggo netnou aan die aarde se agterkant**

Ry vliegtuie in ons dag in New York in geboue vas, dan wankel die ganse wêreld ekonomie vir die volgende paar jaar. Teken iemand 'n godsdienstige spotprent iewers in 'n Skandinawiese land, dan vermoor mense mekaar binne weke aan die anderkant van die aardbol hieroor. Slaan 'n tsunami golf oor een land, dan kom die wêreld elders tot stilstand. Skryf iemand in die VSA 'n fiksieverhaal oor een of ander geheime organisasie waarby Leonardo Da Vinci glo betrokke was, dan wy kritici, geleerdes, teoloë en kerke regoor die aarde vir maande lank al hulle tyd en energie hieraan.

Indiuidue soos Bin Laden, George Bush, Dan Brown en Oprah Winfrey beïnvloed die wêreld se opinie deur middel van die media, boeke, films en die internet. Eweneens oefen godsdienstige figure soos die Pous, Bono van U2 en Rick Warren van *The Purpose Driven Life*-faam 'n reuse invloed binne die Christendom regoor die aarde uit.

Verby is die dae dat daar verafgeleë uithoeke iewers op ons kleiner wordende aarde is. Moderne kommunikasie-middele maak die wêreld kleiner en kleiner. Privaatheid is 'n ronde nul. Om elke hoek en draai kan ander vandag jou internetbesoeke, bankbesonderhede, telefoongesprekke monitor. Big Brother en kie (of is dit straks al Big Sister?) hou jou vanuit alle kante dop. Tegnologiese ontwikkeling geskied tans so vinnig dat mense skoon angsaavalle kry. Menslikheid syfer toenemend weg in die sand.

Van tegnologie gepraat, tans gebruik sowat 694 miljoen mense wêreldwyd die internet. So bevind die internasionale bemarkingsmaatskappy Comscore. Terwyl die VSA 10 jaar gelede nog twee derdes van die wêreld se internetverbruikers uitgemaak het, het dit na minder as 25% gedaal. Alhoewel die VSA nog die meeste gebruikers het (152 miljoen), is lande soos Sjina (72 miljoen), Japan (52 miljoen), Duitsland (32 miljoen), Britanje (30 miljoen) en Suid Korea (24,6 miljoen) sterk aan die opkom. Die Israelis spandeer die meeste tyd op die internet – 57.5 uur per maand, wat twee maal so veel as die Amerikaners is. Ook kerkmense spandeer toenemend meer tyd op die internet. George Barna bevind dat teen die jaar 2010 gelowiges meer as 20% van hul geestelike materiaal van die web sal aflaai.

Die meeste van ons wat vasgekeer is in die huidige tegnologiese rotteresies is toekomsgeoriënteerde mense. Dis hoe die lewe ons bedraad. Ons leef al hoe meer met ons rug gekeer op gister en met ons gesig gedraai na môre. As môre se wolke 'n goue randjie het, klop ons harte vandag hoopvol. As dit die geringste kans bied op nuwe uitsigte, dan is daar lewe aan vandag se kant van die draad. Maar as die toekoms donker lyk, sit ons sommer nou al in sak en as. As hoop by volgende week se deure begin uitwaai, huil ons reeds vandag.

**Ons het goeie toekoms musiek... maar ons leef nog nie anderkant die graf nie**

*You can't turn back the clock, but you can wind it up again*

- Bonnie Prudden

Die toekoms maak altyd musiek - boonop die regte soort as jy een van die Here se mense is. Jesus hou reeds vandag die laaste hoofstuk van die wêreld in sy hande vas. Dis klaar geskryf, geredigeer en weggepak in die hemelse brandkluis. Nee, dis nie geklassifiseerde inligting nie. Die Bybel vertel oor en oor hoe die dag van die Here lyk. Dis nie vir sy mense 'n dag wat brand nie, maar 'n dag van redding (Maleagi 3). Maar dit laat ons nie hier en nou lewensvreemd of leefsku optree nie. Ons toekomsverwachting is nie 'n ontsnappingsroete uit die werklikheid nie. Dit laat ons nooit weghardloop nie, maar juis terughardloop. Dit vat ons nie weg nie, nee, dit bring ons nader aan vandag.

Ek het een keer die verhaaltjie gelees van 'n vrou wat vir die bekende Engelse prediker, Charles Spurgeon gevra het sonder dat sy geweet het wie hy is: "Sir, do you have the grace to die?"

"No, madam, but I have the grace to live for God!" het Spurgeon dadelik geantwoord. *Ditto!* My geloof laat my juis die meeste uit elke dag haal. Ek wring die allerbeste uit elke vandag uit wat so gereeld soos klokslag elke 24 uur met my paaie kruis, want ek het die Here gesien. Ek het egte Lewe geproe.

Geloof gaan nie net oor die lewe hierna nie. Ons moet vandag al vir die Here leef. En ons kan ook, want ons toekoms is veilig as Jesus die Heer van ons lewe is. Johannes 10:28-30 vertel dat niks of niemand ons ooit uit sy hand kan pluk nie. Daarom durf ons nie *lewesystappers* of *hede-ontduikers* wees nie. God gee elke dag oorgenoeg leef-genade vir elke dag aan ons. Ons hoef dus nie die jongste slagoffers van die "*flat world, global village*" sindroom te wees nie. Ons het 'n keuse. Ons kan anders as al die pessimiste, hooploses, verslaafdes en gevangenes leef. Ons kan kies om ons voetval op die maat van ander musiek te laat dans, God S'n.

### **Die lewe gebeur nou!**

*"Die Zeit ist zeitlich"*  
- Martin Heidegger

Hoe belangrik môre ook al is, ons leef altyd net een (van)dag op 'n slag. Hier en nou gebeur lewe teen die spoed van een sekonde op 'n keer. Dit hou aan totdat sestig sekondes 'n minuut vol maak. Ons leef dan een minuut op 'n slag totdat 60 minute ons elkeen se uurglas vol geloop het. So hou dit aan totdat ons uiteindelik 24 uur opgeleef het. Ons is besig met 'n reuse oefening in tydmors as ons nie elkeen van vandag se 86400 sekondes, 1440 minute en 24 uur behoorlik uitleef en opleef nie. Dan mis ons die lewe teen die spoed van een dag op 'n slag. En dis elke keer 'n volle dag te veel!

Martin Heidegger, die bekende filosoof, sê op sy kenmerkende manier dat die tyd *tydelik* is. Die verlede is nie meer teenwoordig nie en die toekoms is 'n stuk onbepaalde, nog-

nie-teenwoordige tyd. Anders gesê, die verlede is onherhaalbaar en die toekoms is onbepaald. Al wat ons volgens Heidegger het, is teenwoordige tyd, *tydelike tyd* (*Die Begriff der Zeit*, 1989). Hier en nou is egter maar net die oorvloei van die verlede na die hede toe, terwyl die hede inderwaarheid alweer oppad is na 'n onbepaalde toekoms. Beteken dit dat ek 'n slagoffer van tyd is? Nie as ek die keuse uitoefen om die regtebetekenis aan elke stukkie hier en nou te gee nie. Ek is nooit 'n gevangene van tyd nie. Ek hoef nie onder huisarres deur die verlede gehou te word nie. Net so hoef ek ook nie deur vrees vir die toekoms lamgelê te word nie.

### **Gelowige eksistensialiste gevra**

Dis goed om lief vir gister en môre te wees. Gister is 'n belangrike padkaart onderweg na vandag en môre toe. Die toekoms is ook ewe belangrik. Kennis oor môre berei ons voor vir die lewe anderkant die horison. Maar ons moet *gelowige eksistensialiste* wees. Ons is hedemense, vandagmense.

Nee, ons leef nie bloot net vir vandag nie, maar ons leef ook *in* vandag. Nee, ons leef nie eksklusief vir die hede nie, maar ons leef minstens *in* die hede. Natuurlik doen ons dit nie soos daardie ryk dwaas van wie Jesus vertel in Lukas 12 met sy: "*eet, drink en leef lekker, want môre sterf ek*" houding nie. Ook nie soos mense wat oor die toekoms onseker is nie, want ons is nie! Jesus het dan klaar gewen. Die dood lê lankal agter Hom! Hy staan daar voor by die wenpaal en wag op ons. Daarom kan ons vandag leef, en behoorlik ook. Daarom kan ons elke stukkie lewe wat ons tot ons beskikking het omhels. Ons kan kies om dit met die regte inhoud en kwaliteit te vul.

Die verlede se water is klaar opgebruik. Dis verby, vir altyd. Môre se water moet nog van iewers af loop. Maar hier en nou vloei die gety tans. As ek nie vandag aan boord is nie, mis ek die boot. So eenvoudig soos dit. Ek moet boonop seker maak dat ek op die regte boot is, daardie een waar Jesus saam met al sy mense aan boord is. Daardie bootjie parkeer vandag by my lewe se voorstoep. As my voetspore en vingerafdrukke nie op die dek verskyn nie, dan is ek besig met 'n boot-mis oefening! Dan mis ek die lewe die hele dag lank.

### **'N PAAR VALS AKKOORDE OOR VANDAG EN MÔRE**

*How you spend your time is more important than how you spend your money. Money mistakes can be corrected, but time is gone forever*  
- David B. Norris

Daar's wie weet hoeveel tydreisigers in hierdie haastige wêreld van ons wat vasgeval het in die groot reis tussen vandag en môre. Vir baie mense hou môre allerhande romantiese bekorings in. Daarom dat hulle bitter graag daar wil uitkom. Trouens, hulle kyk en leef

vandag heeltemal mis in hulle pogings om môre te haal. Ander weer plaas al hulle hoop op die toekoms omdat dinge vandag so troebel daar uitsien. Nog ander is heeltemal te bang vir vandag en môre; daarom dat hulle half bevrore in gister se tydsones bly leef.

Dit is nie uit pas om 'n realistiese toekomsverwagting te hê nie. Ook nie om die verlede op die regte maniere as 'n roetekaart vir die lewe vorentoe te gebruik nie. Maar partykeer raak mense gestrand in foutiewe idees van die verlede of die toekoms wat maak dat hulle die lewe, wat een dag op 'n slag uitgeleef moet word, nooit be-leef nie. Daar is 'n paar slaggate in dié verband waarvoor ons moet wakkerloop:

### **1. Moenie vandag afwater ten gunste van gister nie**

'n Aanhoudende ongelukkigheid met vandag veroorsaak dat baie mense heeltyd in gister se opgeleefde tydsones gevange gehou word. Dis 'n verskynsel wat soms gepaard gaan met bejaardheid. Party ouer persone se herinneringe het meer geword as hulle drome. Die pyn van geliefdes wat reeds gesterf het, saam met dinge soos siekte, onsekerheid en vrees vir môre, maak dat hulle al hoe meer na gister gekeer leef, na daardie tye uit die verlede wat hulle as besonder gelukkig beleef het. Daarom praat hulle van vroeg tot laat oor hierdie “goeie ou dae” en her-leef dit oor en oor.

Dis egter nie net sommige bejaardes wat die verlede bo die hede as hulle gunsteling leefsones verkies nie. Party mense raak ook verstrengel in die verlede as gevolg van ideologiese redes. Hulle obsessie met sekere figure of gebeurtenisse uit die geskiedenis maak dat hulle daardie era idealiseer. In dié proses probeer hulle dikwels om die verlede presies net so te laat herrys uit die as. Adolf Hitler wat Duitsland in die Tweede Wêreldoorlog probeer modeleer het op die ou Romeinse Ryk, is 'n tragiese voorbeeld hiervan.

Daar's niks mee fout om goeie herinnerings oor gister en eergister te hê nie. Maar 'n ongebalanseerde hunkering na die verlede is 'n verkeerde ontsnappingsroete uit die lewe. Dis hoekom die Prediker ons waarsku om nie so haastig te sê die goeie ou dae was soveel beter as vandag nie. Hy sê dat dit nie uit wysheid is dat mense sulke dinge kwytraak nie.

Van die goeie ou dae gepraat, sedert die tyd van die Griekse filosoof Plato hoor ons van die sogenaamde Goue Era, 'n ideale tydperk wat iewers in die gryse verlede afgespeel het. Vir Plato is daardie tyd gekenmerk deur broederskap en mededeelsaamheid tussen alle mense, asook deur die totale afwesigheid van armoede. Dit was sy droom dat daardie era weer iewers vorentoe moet herleef.

Die blinde idealisering van goeie tye uit die verlede kan soms gevaarlik wees. Hoekom? Wel, as jy in staat sou wees om vir 'n vlietende oomblik terug te beweeg na so 'n ideale tydperk, dan sou die mense in daardie tydperk maar weer terughunker na hul eie idee van



“die goeie ou dae.” Jy sou ontdek dat selfs daardie “ideale mense” doodgewone individue van vlees en bloed is wat nie al die antwoorde gehad het nie. Dis maar net die sagte skryfmateriaal van ons eie geskiedenisboeke wat hulle opgehemel het tot ikone.

Ek word soms gekonfronteer met mense wat die kerk weer wil terugvat na die goeie ou dae toe, na daardie dae toe daar blykbaar nog dinge soos orde, gesag en dissipline in die kerk was. Dan vra ek gewoonlik vir sulke mense wanneer hierdie goeie ou dae dan in die kerk sou afgespeel het. Een of twee mense het my al plegtig verseker dat dit in die 1950's was. Toe was daar nog Godsmanne aan die stuur van gemeentes wat hulle lidmate geken het en wat vreesloos opgetree het teen al die verval in die samelewing.

‘n Paar jaar gelede loop ek toe ‘n preekbundel uit daardie einste “goeie ou dae” raak. Sjoe, maar het daardie dominee vanuit “die goeie ou dae” uitgevaar teen die groot morele verval in Suid Afrika in die 1950's. Dit was nou vir jou gevraalike tye om in te leef. Die een aanslag na die ander het die arme kerkvolk se siel gesteel. Toe besef ek dat die goeie ou dae eintlik net goed is solank jy nie self daar leef nie, of solank jy die detail nie meer so goed kan onthou nie. Dan alleen kan jy die verlede romantiseer! Dan alleen kan jy die mense wat daar geleef het tot ikone en heiliges verklaar.

## **2. Moenie lewensgeluk eksklusief na môre toe uitstel nie**

*A bird does not sing because it has an answer. It sings because it has a song*  
– Sjinese spreuk

Hoeveel mense leef nie met daardie “môre as...”

Môre as my besigheid begin groei...  
Môre as ek die Lotto wen...  
Môre as ek meer geld het...  
Môre as my gesondheid verbeter...  
Môre, as my polis uitbetaal...  
Môre as die misdaad ophou...  
Môre as vernuwing in die kerk begin...

Op dié maniere word die sin van die lewe voortdurend uitgestel na die toekoms toe. Aan die hand van ‘n obsessie oor nog meer materiële en persoonlike suksesse of veiligheid in die toekoms, word die lewe hier en nou onderwaardeer. Die hede is eintlik maar net ‘n vlietende punt onderweg na daardie groot, suksesvolle môre anderkant die horison.

Nou ja, dis nie verkeerd om te glo dat môre beloftes van beter dinge inhou nie. Of om hard te werk vir ‘n beter môre en om goed te beplan daarvoor nie. Maar daar's ‘n lewensgrootte verskil tussen tevredenheid met die bietjie (of baie) wat ek vandag uit die Here se hand ontvang het, en ‘n gedurige onvergenoegdheid omdat ek in my agterkop dink dat ek vandag steeds te min het. Dan kyk ek na vandag slegs in terme van alles wat

ek nog alles kortkom. Eers wanneer ek in die toekoms 'n groter motor en huis, luukser vakansies, beter gesondheid, meer geld en klere op my naam het, gaan die lewe aangenaam word.

Hierdie vernietigende lewenshouding verander mense op die ou end in verbruikers wie se geluk afhanklik is van die hoeveelheid verbruikersartikels wat hulle reeds het, of nog moet bekom. Dié tipe lewensfilosofie word goed saamgevat in 'n modderskermplakker wat ek nou die dag op 'n motor voor my gesien het: "He who collects the most goodies wins."

### **3. Moenie uit vrees vir vandag na die toekoms toe hardloop nie**

*There is more to life than increasing its speed*  
- Gandhi

Daar's wie weet hoeveel redes hoekom mense die betekenis van die lewe kan uitskuif en uitstel, party is goed, ander minder goed; party is reg en ander minder reg. Miskien is die vrese, probleme, chaos en pyn wat die wêreld vandag in die gesig staar so erg dat hordes mense volstruispolitiek voer deur hul kop kniediep in die sand te probeer druk. Die volgende feite oor vandag se wêreld is dalk genoeg rede vir nog 'n hele swetterjoel mense om "ondergronds" saam met hulle te gaan (aangehaal by [www.globalissues.org](http://www.globalissues.org)):

- Bykans die helfte van die wêreldbevolking leef tans op 'n inkomste van minder as \$2 per dag. George Bush se woorde word in *New York Times* van 18 Julie 2001 is nogal insiggewend: "A world where some live in comfort and plenty, while half of the human race lives on less than \$2 a day, is neither just, nor stable."
- 'n Sesde van die wêreldbevolking kan steeds nie lees of skryf nie.
- Volgens UNICEF sterf 30,000 kinders daagliks vanweë armoede. Een biljoen kinders leef in uiterste armoede, terwyl 400 miljoen geen toegang het tot skoon water het nie en 260 miljoen geen toegang tot enige mediese dienste nie. (Joyce Meyer sê juis nou die dag dat baie troeteldiere tans in die VSA beter leef as massas mense in Afrika!)
- 20% van die bevolking in ontwikkelde lande verbruik 86% van die wêreld se goedere.
- 12% van die wêreld se bevolking in Eerste Wêreldlande gebruik 85% van die wêreld se water.
- In 1960 het 20% van die mense in die wêreld se rykste lande 30 keer die inkomste van die armste lande gehad, maar in 1997 het dit verander na 74 keer soveel.
- Die rykste 50 miljoen mense in Europa en Noord-Amerika het die gesamentlike inkomste van 2,7 biljoen mense in arm lande.

- Die groot droom dat globalisasie die wêreld se nood sou aanspreek, is slegs gedeeltelik waar. Die lewensverwagting in baie onderontwikkelde en ontwikkelende lande het nie gestyg nie. In Suid Afrika het die lewensverwagting volgens die *World Development Indicators* se databasis vanweë VIGS vanaf 48 jaar na 45 jaar gedaal en die bevolkingsgroei het afgeneem van 2% na minus 1%.
- Ongelykhede tussen die sogenaamde “haves” en “have nots” word by die dag groter. Neem maar die spandering op luukshede in die VSA en Europa in 1998: \$12 biljoen aan parfuum en \$17 biljoen aan kos vir troeteldiere. In Europa is sowat \$50 biljoen aan tabakware en \$105 biljoen aan alkohol gespandeer, dit terwyl 3.5 biljoen mense in arm lande aan ernstige vitamienwanbalanse vanweë ondervoeding ly. Terwyl Britanje tans sowat \$20 biljoen se kos jaarliks weggooi, word tussen 40-45% van alle kos vanuit oeste in die VSA nooit geëet nie. Is dit dalk hoekom 50% van die bevolking in die rykste lande van die wêreld tans ernstig oorgewig is?
- Suid-Afrikaanse misdaadsyfers, werkloosheid en die klipharde uitdagings wat lewe hier aan die suidpunt van die kontinent bied, is genoeg om baie mense heeltemal morbied te maak, of hulle elders heen te laat uitwyk. Te veel misdadigers floreer. Misdaad en ander seerkry dinge laat diep letsels op baie mense se lewens. Meer as 8 miljoen mense in Suid Afrika slaap in die aande honger en koud, terwyl werkloosheidsyfers telkens ver verby 30% hardloop. Vigs teister meer lewens as wat die amptelike statistieke wil erken. En so sou ons kon aangaan.

#### **4. Oppas vir ‘n fatalistiese leefhouding vandag omdat môre donker lyk**

Terwyl baie mense hulle hoop sit op môre omdat vandag glad nie te lekker lyk nie, is daar by ‘n groot groep jonger én ouer mense net mooi die teenoorgestelde reaksie. Hulle wag glad nie meer op daardie skip anderkant die horison om hulle na die toekoms te vervoer nie. Hulle gee hulleself sommer hier en nou oor aan ‘n fatalistiese lewenshouding van “eet, drink en leef lekker want môre sterf ons.”

Netsoos die ryk dwaas in Jesus se gelykenis daar in Lukas 12, het hierdie groep nie meer die lus, of die tyd of die moed om tot môre te wag of die wêreld dalk tog gaan beter word nie. Hulle gooi reeds vandag die handdoek in. Hulle kies om in die lig van ‘n immer donkerwordende môre vandag al te doen net wat hulle wil. Hierdie fataliste wat net vir vandag leef, het dus geen hoop vir môre nie.

As vandag sleg is... wel, môre is nog erger.

As vandag donker is... môre is pikdonker.

Daarom, doen nou net wat jy vandag wil. Gee jou oor aan al die genietinge van die lewe. Leef vir jouself. Jy is in elk geval die belangrikste persoon in jou eie lewe. Nee, wag, daar is minstens drie ander belangrike mense ook nog: “me, myself and I.” Dus, werk hard, speel hard, want môre is jy dood.

## 5. Moenie met skeefgetrekte verwagtings oor God se planne opgeskeep sit nie

*The shortest answer is doing*

Vir baie gelowiges is die enigste hoop vir die kerk en die wêreld ‘n bonatuurlike ingrype van God iewers op die pad vorentoe. Hier en nou is alles eintlik net een groot getjommel op die kerklike front. Maar môre, wanneer daar een of ander uitsonderlike werking van God plaasvind, gaan mense regtig verander. Dan gaan bekerings weer op grootskaal plaasvind en kerke begin groei.

Ek sien oral rondom my gelowiges wat jaar in en jaar uit dieselfde drome droom oor groot geestelike ingrypes wat nog iewers langs die lewenspad voorlê. Intussen kla hulle vir jare lank dieselfde ou klagtes oor die kerklike doodsheid rondom hulle. Tog doen meeste van hulle nooit iets daadwerklik hieraan nie. Dit lyk komplete asof hulle gevangenes is van ‘n reuse rooi verkeerslig wat bokant baie kerke hang, maar wat eenvoudig net nooit wil groen slaan nie. Al wagtende op die regte hemelse verkeersteken wat hulle blykbaar toestemming sal gee om in beweging te kom, vertel hulle aan almal wat in die kerklike tou agter hulle opdam dat God binnekort groot dinge gaan doen. Tog verroer niemand ‘n geestelike vinger om dit te laat waar word nie. Te veel gelowiges hou hulle dag in en dag uit besig met rooi verkeerslig-praatjies, met daardie nuttelose brabbeltaal van kerklike verkeersknoppe.

### **Kry rigting, Godwaarts en menswaarts!**

*God visits us often, but most of the time we are not home*

*- Franse spreuk*

Wat ook al jou huidige leerpunt is - gister, vandag of môre – die eintlike *punt* is dat jy moet weet waar die betekenis van jou eie lewe lê. Nog belangriker, jy moet jou lewe op die regte padkaart kry, daardie kaart wat jou na ‘n goeie eindbestemming toe vat, maar wat jou vandag al betekenisvol laat leef. Jy mag nie besig wees met ‘n lewenslange “*escape from reality*” toertjie, soos baie ander nie. Ook nie met ‘n “*pie in the skie, by and by*” geloof wat jou lewensblind maak nie.

Jy en ek moet die lewe in die oë kyk, dit greintjie vir greintjie opleef, uitleef en verander. Ons durf nie soos passasiers op ‘n vliegtuig verveeld rondsit terwyl ons op ‘n volgende geestelike ete sit en wag nie. Ons is elke dag aktiewe toekoms-skeppers. Ons moet vandag sommer al vanuit môre benader. Ons moet van die voorkant af op vandag afstap. Dit moet gebeur vanuit daardie toekoms wat ons vandag al in die geloof sien en help bou.

Die wêreld raak toenemend sinies. Niemand glo meer iets goeds van ‘n ander nie. As iemand suksesvol is, beswadder almal haar in haar afwesigheid. Wanneer iemand wen,

berooft ander sy medaljes agteraf met venynige opmerkings. Niemand is meer veilig teen die siniese, skerp tonge van ander nie. Moet ons dan nie begin om een dag op 'n slag ons siniese harte in te ruil vir harte propvol verwondering nie? Hoe? Wel, ons kan begin doen wat Paulus in Filippense 2 sê. Ons kan begin om ander hoër as onself te ag; een persoon op 'n slag. Ons kan fyn kyk en raaksien dat God sy genade in emmers vol uitstort oor ander mense rondom ons. As ons die mooi in mense ontdek te midde van die krapmerke wat die lewe op hulle (en op ons!) laat, dan sien ons net dalk hoe die Here hulle bederf met sy goedheid.

Verwondering maak jou elke dag op die regte maniere kleiner en God en ander mense groter. Hoe kleiner jy word voor God, hoe meer verdwyn daardie siniese gesinheid uit jou hart. Hoe meer Jesus se hartklop in jou binneste eggo, hoe meer ontdek jy die mooiheid in ander. Dan word jy ook 'n restoureerder van God se handewerke en nie nog 'n verdere bekrapper hiervan met jou skerp woorde en goor taal nie.

### **Kry die kleiner prentjie ook, begin sommer al by gister**

“Kry die groter prentjie.” Hoeveel keer hoor jy nie hierdie uitdrukking nie? Reg ook! Maar daar's 'n ander kant, daardie kleiner prentjie-kant wat jy moontlik misloop. Miskien so onlangs soos vanoggend weer. Dit het gebeur toe jy nie raakgesien het hoe God die voëltjies nog 'n keer versorg wat onder jou huis se dak nes maak nie. Jy het kort hierna nog 'n klein prentjie gemis toe jy inderhaas by 'n blom verbygehardloop het wat besig is om oop te gaan. Of toe jy dalk te ongeduldig was om mooi te kyk na die prentjie wat jou kindjie in jou hand gedruk het wat vir jou probeer sê hy of sy is lief vir jou.

Jy het nog 'n klein prentjie gemis toe jy bo-oor God se porsie hemelse genade gehardloop het wat Hy elke oggend voor jou lewensdeur neersit (2 Korintiërs 4:16). So besig was jy met die vol dag wat op jou wag dat jy nie sy genade raakgesien het nie. Dalk is jy vinnig verby jou huweliksmaat op pad lewe toe. Wat help dit jy kry die groot prentjie by jou werk, of in die kerk, maar jy mis elke klein prentjie wat voor jou lewe verbyflits? Kry asseblief die kleiner, daaglikse prentjie. Maar begin by gister.

As jy in die Here se rigting wil verander, kan jy nie anders nie as om elke dag ook weer terug te stap na gister toe. Ek verskil daarom van Edmund Burke se stelling wat ek eenmaal raakgelees het: “You can never plan the future by the past.” Natuurlik speel die verlede 'n groot rol in ons elkeen se lewe, ook in ons keuses vir die pad vorentoe! Hoe anders? Dit hang net af van watter verlede ons praat! Nee, ons stap nie sommer na enige gister of eergister toe terug nie. As ons terugstap, dan begin ons elke keer by God se groot gister wat vanaf Swart Vrydag tot Goeie Sondag afgespeel het. Wel, kom ons voeg die daad by die woord en stap in die volgende hoofstuk daarheen terug.



### **III. Begin by die regte gister as jy vandag wil leef**

#### **God se ou aardse adresse is vandag net bouvalle**

God het gister reeds sy groot genadeskuiwe in die wêreld gemaak wat elke vandag heeltemal anders daar laat uitsien. Sy heel grootste skuif het 'n lewensbelangrike Naam en Adres, Jesus Christus. Jesus is die hoogtepunt, die draaipunt, die fokuspunt, die kruispunt van alles wat God gister kant en klaar gedoen het om die wêreld permanent anders te maak. Alles het daar by die kruis en die oop graf nuut geword!

Paulus het nie maar vroom gemymer toe hy in 2 Korintiërs 5:17 dit uitgejubel het: *“Iemand wat in Christus is, is 'n nuwe skepping!”* nie. 'n Nuwe vandag wag ons sedertdien elke 24 ure in. Alles het van toe af ingrypend verander. Jesus is God se enigste genade-adres hier op aarde. Jy kan nie oor gister, vandag of môre praat as jy nie eers by Hom afgedraai het nie. Jy kan nooit behoorlik leef as jy nie Jesus se groot gister, én sy nuwe roete na vandag en môre verstaan nie. Jesus is God in aksie. Hy is God in lewende lywe.

Vroeër was God se aardse adresse ietwat staties. In die tyd van die Ou Testament was Hy eers woonagtig in 'n Tuin (Genesis 3), toe in 'n tent (Eksodus 33) en laastens in die tempel (1 Konings 8). By hierdie aardse adresse kon mens die wonderlikste dinge van God leer en op verskillende maniere met Hom kommunikeer. Die eerste mense op aarde kon byvoorbeeld saam met God in sy tuin stap daar in die aandwind. Die ganse wêreldbevolking, al twee van hulle, kon sy goedheid daaglik saam met Hom beleef.

Maar toe, na God se pynlike verhuising na die tent van ontmoeting, nadat slegte dinge en sonde die wêreld ingestroom het, kon slegs Moses en Josua nog eksklusief by Hom kuier. Die volk moes op 'n afstand bly staan terwyl Moses daar in die tent soos 'n vriend met God gepraat het.

Nadat Salomo die tempel gebou het, het God weer 'n slag 'n nuwe aardse adres gekry. Hierdie imposante gebou het die Israëliete in staat gestel om hulle sondes deur offers uit die pad te kry. Tydens feeste en ander godsdienstige byeenkomste het mense ook graag by God se tempel in Jerusalem opgedaag, Daar het hulle by Hom kom kuier. Hulle het dit selfs herdoop tot die “huis van God.”

Die heiligdom daar op die Sionskoppie in Jerusalem was die regte koersaanwysings wat mense gekry het wat op soek was na God se aardse adres. Pelgrims het gedurig na die tempel toe gestroom om God op sy aardse voorstoep te ontmoet. Totdat Hy op 'n dag weer 'n keer moes trek! Hierdie slag vir altyd weg uit geboue!

## **Jesus is God se nuwe aardse huis**

Toe Jesus aarde toe gekom het, het die tempel oorbodig geraak. Johannes 1:14 vertel vir ons dat Jesus onder ons kom tent opslaan het, vol van Goddelike genade en waarheid. Hy het die nuwe hemelse straatadres hier tussen ons geword. Heilige plekke was nou vir altyd uit die mode. Die ou geveg tussen die Jode en die Samaritane oor Sion of Gerisim as die regte aanbiddingsplekke (Johannes 4) was van toe af 'n oefening in tydmors. So ook die vroom godsdienstige handeling van die priesters en die ander kultiese personeel daar op Jerusalem se tempelplein. Nou moes jy maar net kyk waar Jesus is en wat Hy doen as jy wou weet waarmee God besig is.

## **Jesus moes ook op 'n dag leer loop**

Jesus se aardse reis was die moeilikste reis denkbaar. Nie net moes Hy sy hemelse klere inruil vir aardse klere nie... Nie net moes Hy die veiligheid en ewige sekuriteit van die hemel opoffer ter wille van die aarde nie... Nie net moes Hy die aanbidding van die hemelse skare opoffer ter wille van spot, beledigings en daardie skrikwekkende afskeidswoorde: “kruisig Hom, kruisig Hom!” nie. Dit ook, maar boonop moes Jesus leer loop toe sy voete daardie dag in Betlehem grond geraak het. Teen aardse spoed binne ons wêreld – hier het Jesus begin stap.

Jesus moes sy ewige spoed dramaties verminder na mensespoed. Binne die mensewêreld teen mensespoed – wat 'n groot uitdaging. Hy wat 'n ewigheid lank reeds as Here oor die heelal geheers het moes skielik afskaal na die leefritme en loopritme van mense toe. Teen 4 kilometer per uur moes Jesus leer loop en ook aanhou loop. Loopspoed het die nuwe spoed vir die koninkryk van God geword. Dit was die nuwe spoed van verandering, God se spoed.

## **Glad nie meer gebou-gebonde nie**

*To accept one's past- one's history- is not the same as drowning in it; it is learning how to use it*

-

*James Baldwin*

Vandat Jesus gekom het, is God glad nie meer gebou-gebonde hier op aarde nie. Jesus is God se aardse Huis, maar ook sy nuwe aardse werksadres. Daarom dat Jesus so min tyd in aardse heiligdomme deurgebring het. Hy het geweet die hele aarde is God S'n en Hy het dit vir Hom kom terugwen deur sy nuwe dade en woorde. Jesus se geheime boodskap van die koninkryk, soos wat Brian McLaren (*“The secret message of the kingdom,”* 2006) dit noem, was om die samelewing te transformeer deur die koninkryk hier en nou vir lydendes en uitgeworpenes te laat realiseer.



Dit was nie deel van Jesus se persoonlike agenda om regoor die aarde heilige geboue vol kultiese personeel op te rig wat op vasgestelde tye van die week bymekaar kom nie. (Het die kerk dalk iewers iets gemis?) Vir Jesus was dit duidelik dat God se heiligheid nie in 'n statiese gebou op een plek op die Sionskoppie in Jerusalem vasgevang kon word nie. Die voorhangsel van die tempel moes eenvoudig skeur. Die grens tussen die heiligste en die allerheiligste deel van die tempel moes uit die pad kom sodat God se heiligheid weer die wêreld vol kon vloei.

Op elke plek waar Jesus se voetspore grondgeraak het en op elke plek waar sy vingerafdrukke agtergebly het, was God sigbaar. Wanneer Jesus siekte uit die pad gepraat het of die see tot kalmte gebring het, was God se handtekening daar te bespeur. Jesus het die grens tussen heilige dinge en die gewone lewe deur sy eie teenwoordigheid opgevol. God se heiligheid het nou finaal geskuif vanaf 'n gebou na 'n Mens, Jesus Christus!

Die tempel was skielik stokou nuus. G'n wonder nie dat Jesus vir sy dissipels in Matteus 24 gesê het, terwyl hulle nog so ge-oe en ge-a het oor die imposante gebou daar op die Sionsberg, dat dit binnekort gelyk met die aarde sou wees. Heiligdomme se dae is sedert Jesus se koms getel. Hul glorie is vir altyd verby.

**Die rigting het verander! Mense gaan nie meer na God toe nie, Hy kom nou na ons toe!**

Wanneer die meeste mense vandag sê: “ek gaan kerktoe,” dan bedoel hulle dat hulle op pad is na 'n godsdienstige funksie by een of ander kerkgebou. Kerke is vir meeste mense gelyk aan geboue. Wanneer mense sê hulle bou kerk, bedoel hulle nie dat hulle ander gelowiges bemoedig of geestelike opbou nie, maar dat hulle besig is om 'n gebou van sement en stene aanmekaar te slaan. Daarom dat kerktoe gaan gelyk gestel word aan na 'n godsdienstige gebou toe gaan. Helaas het dit nog 'n ander vreemde idee onder mense laat posvat dat kerkgeboue God se moderne wonings is en dat ons na Hom toe gaan as ons soontoe gaan. Oppas, dis ou, uitgediende taal.

Kerkgeboue is nie lankal meer die huis van die Here nie, al mymer dominees, pastore en party kerkmense sulke tipe woorde nog gereeld van kansels af! God se aardse adresse is sedert Jesus se koms nie meer gebougebonde nie. Alles en behalwe. Nou is God volspoed aan die beweeg. Sy huis is op die oomblik die hele wêreld vol, op elke plek waar sy kinders is. Nou woon Hy deur sy Gees in elkeen wat Jesus ken. Het jy gehoor: God is nou mensgebonde! Hy woon in sy kerk, in mense van vlees en bloed!

Na Jesus se hemelreis het God nog 'n slag getrek, hierdie keer vreugdevol na mense toe. Ons wat in Christus glo het sy nuwe aardse tempel geword, sy nuwe huis, soos wat tekste soos Romeine 8:9; 1 Korintiërs 3:16 en 6:19 sê. Wandelende tempels van die lewende God, dis wat die kerk vandag is - mense in beweging saam met God. Daarom moet ons

elke keer aan mense te dink as ons sê ons gaan kerktoe. Om kerktoe te gaan is om *koinonia*, geloofsgemeenskap, met ander gelowiges en met die lewende God te hê. Dis nie in die eerste plek om Sondae geboue vol te maak nie.

Toe Jesus na ons toe gekom het, het alles van rigting verander. God wag nie in 'n aardse tempel op mense om Hom te kom besoek nie. Nou gaan Hy na mense toe. God beweeg. God is aan die stap. Jesus ook. Nou is eensames, siekes, soekendes, verlore nes en hongeriges baie hoog op sy adreslys. Hulle is die mense wat Hy wil besoek. Ook ons is op sy lys. Ons is sy eregaste wie Hy uitgesoek het om baie naby Hom te wees. Dit alles is te danke aan Jesus se groot offer gister daar aan Golgota se houtkruis.

### **Donker Vrydag tot by Goeie Sondag krap al ons kalenders deurmekaar**

Jesus het baie groot dinge op aarde gedoen. Maar daardie een moment, daardie drie dae vanaf Donker Vrydag op Golgota tot by Goeie Sondag toe Hy dwarsdeur die dood gestap het, het regtig ALLES vir ewig verander. Daar het alles wat ooit saakmaak gebeur! Daar het alles nuut geword, ook die tyd! Daardie drie dae het 'n nuwe kalender op aarde laat aanbreek. Ons wat Jesus volg se geskiedenis het by die kruis nuut begin en oor begin. Ons nuwe familieregister het daar by Golgota begin. Ons is nou kinders van God (1 Joh 3:1). Saam met Paulus kan ons oor en oor uitroep dat ons saam met Jesus gekruisig is en saam met Hom doodgegaan het, maar ook dat ons saam met Jesus opgestaan het in 'n nuwe lewe (Rom 6; Kol 2; Gal 2). Ons nuwe gister het begin by die kruis!

Vandag is toe nie die eerste dag van die res van ons lewe, soos daardie bekende spreuk sê nie. Gister is reeds daardie eerste dag! Daardie gister by die kruis, daar het nuwe lewe afgeskop. Daar het ons lewe begin.

Wat het presies by die kruis gebeur? Wel, Jesus is doodgemaak, dis wat! Die Romeine het Hom eers verskriklik geslaan en mishandel. Toe is 22 sentimeter lange spykers deur sy lyf gekap voordat Hy aan 'n houtpaal buitekant Jerusalem gelos is om 'n skandelijke dood te sterf. Daar het die wêreld in geen onduidelike taal nie gesê wat hulle van God se Seun dink. Daar is Jesus onseremonieël die dood ingestamp deur godsdienstiges, politici, volksmense en dissipels. Sy dood daardie Vrydagmiddag rondom die jaar 33, so kort voor die Joodse sabbat was sy aardse swanesang – so het elke opponent van Hom gehoop. Maar toe gebeur daar iets fenomenaal op die Sondag net na Jesus se begrafnis. Iets so groot dat jy en ek vandag nog hieruit leef.

Jesus het opgestaan! Die graf is leeg en die kruis is kaal. Die hemel is weer vol want Jesus is tuis. Hy het die dood se donker klere afgegooi toe God die ritsluiter van die doderyk oopgeruk het. Jesus het lewend teruggestap na ons toe op daardie Sondagmôre.

## MAAR WAG... KAN ONS DIE STORIE VAN DIE KRUIS NOG GLO?

- Is Jesus se kruisiging en sy opstanding uit die dood ‘n onverklaarbare raaisel?
- Kan ek die opstanding van Jesus glo, ook al bestaan daar geen historiese parallelle vir hierdie gebeure elders in die geskiedenis nie?
- In hierdie soort vrae loop jy dalk ook vas wanneer jy oor Jesus se opstanding dink. Sedert die opbloeit van die wetenskap ‘n eeu of drie gelede het teoloë al ernstig begin kopkrap oor die historisiteit van hierdie gebeure. Baie van hulle het dit betwyfel omdat hulle geen soortgelyke voorbeelde in die geskiedenis kon vind van dooies wat terugkeer het na ons toe nie. Ook in ons dag is hierdie saak opnuut ‘n groot strydpunt regoor die wêreld.

Kan ons vandag steeds in Christus glo as die opgestane Here? Of is Christenskap inderdaad net ‘n pynstiller, ‘n tipe opium vir die kerkvolk (*a la* Karl Marx)? Is die “brutale waarheid” nie op die ou end, soos wat die Amerikaanse Bybelwetenskaplike, John Dominic Crossan, dit ‘n paar jaar gelede gestel het, dat Jesus se liggaam aan die kruis vir die wilde diere gelos is nie? Ons weet immers dat die Romeine gekruisigdes se oorblyfsels meestal aan kruise laat hang het om daar te ontbind. En is Crossan nie ook reg as hy die Nuwe Testament die produk noem van ‘n geloof wat die harde werklikheid van ‘n dooie Jesus probeer versag met opgemaakte verhaal van die opstanding nie? Is die Christelike geloof op die ou end nie maar net ‘n apologie vir ons eie verleentheid met die vroeë, ontydige afsterwe van die stigter van die Christendom nie?

### **Eerlik, eerlik!**

*Human history is the sad result of each one looking out for himself*  
- Julio Cortazar

Kom ons wees eerlik: ons het geen “harde” feite oor die opstanding van Jesus beskikbaar nie. Daar is geen DVD of video-opnames iewers in ‘n argief hieroor nie. Ons het ook geen onderhoude op band, of op ‘n CD van Hom nadat Jesus die dood se stof finaal van sy voete afgeskud het daar buitekant Jersusalem nie.

Wat ons wel tot ons beskikking het, is die getuienis van ‘n paar vroue wat Jesus se graf leeg aangetref het (Lukas 24). Ons het ook die belydenisse van sy dissipels wat bevestig dat Hy aan hulle verskyn het (Matteus 28; Johannes 20). Volgens Paulus het die apostels en meer as 500 mense die opgestane Jesus ook in lewende lywe gesien (1 Korintiërs 15). Is hierdie getuienisse genoegsame bewyse? Wel, binne die wêreld van daardie tyd was die getuienisse en die ooggetuie-aansprake van die leiers van ‘n groep of beweging belangrike “bewysstukke.” Hulle was met ander woorde die bandopnames, die videomateriaal en die DVD’s wat die juistheid van die opstanding van Jesus gestaaf het.

## **Die geskiedenis het 'n ingeboude ritme van oorsaak en gevolg**

*The past is a guidepost, not a hitching post*  
-L. Thomas Holdcroft

Daar's natuurlik 'n ander kant ook aan die debat oor die opstanding van Jesus, 'n kant wat dikwels misgekyk word. Hierdie kant het te make met die "oorsaak-gevolg" gang van die geskiedenis. Daar is altyd 'n bepaalde logika te bespeur in enige historiese gebeurtenis. As 'n oorlog byvoorbeeld iewers in die wêreld uitbreek, dan kan jy 'n hele rits gebeurlikhede naspour wat dit voorafgegaan en opgevolg het. 'n Oorlog gebeur nooit vanself nie. Iets of iemand laat dit gebeur. Net so vloei daar ook kenmerkende gedrag of reaksies voort uit een of ander historiese gebeurte. Met ander woorde, 'n groot historiese gebeurtenis het daadwerklike, waarneembare gevolge en gedragspatrone, selfs al het ons nie meer direkte toegang tot daardie gebeurte nie.

Iets van hierdie logika van die geskiedenis tref ons aan in die gedrag van Jesus se dissipels direk na die opstanding. Voor Jesus se dood was hulle te bang om in die openbaar te sê dat hulle sy volgelinge is. Direk na sy dood het hulle selfs in Jerusalem in 'n vertrek gaan wegkruip. Maar toe, uit die bloute, het hulle onverskrokke oor Jesus begin praat. Hulle het skielik vir almal begin vertel hoedat Jesus uit die dood opgestaan het en aan hulle verskyn het.

Hierdie boodskap van die opgestane Jesus het die dissipels spoedig wêreldwyd uitgedra, selfs ten koste van hulle eie veiligheid en persoonlike gerief. Trouens, baie van hulle het met hul eie lewens betaal vir hierdie radikale verhaal oor Jesus se kruisiging en opstanding. Nie eens die felste marteling denkbaar kon die volgelinge van Jesus laat afsien van hulle verhaal nie. Hulle almal is vreugdevol die dood in met die woorde dat Jesus opgestaan het en dat Hy nou aan die regterhand van die Vader heers.

Iewers het daar dus iets geweldig gebeur wat gemaak het dat almal wat naby aan Jesus was voor sy kruisdood 'n nuwe verhaal oor sy opstanding na die tyd gehad het. 'n Historiese gebeurtenis van geen geringe proporsies nie het hulle nuwe getuienis oor Jesus se opstanding afgevuur. Indien die apostels saam sou besluit om 'n leuen oor die opstanding op te maak, sou die meeste van hulle spoedig met die hele sak patats vorendag gekom het toe hulle met hulle bloed, en later selfs ook met hul lewens, begin betaal het vir hierdie vreemde verhaal. Maar hulle het lewenslank, enduit, voet by stuk gehou. Vir eeue lank het Christene vreesloos die dood tegemoet gestap omdat hulle geweier het om af te sien van hul belydenis dat Jesus opgestaan het.

## **'n Spook dalk?**

*If you don't know where you are going, you will probably end up somewhere else*  
- Lawrence J. Peter

Het die eerste getuies van Jesus se opstanding nie dalk 'n spook gesien toe hulle beweer het dat daardie Sondagoggend in Hom vasgeloop het nie? Wel, die eerste Christene was nie naïef, soos wat sommige mense hulle vandag probeer uitmaak nie. Oor en oor sê hulle dat Jesus die dood gewen het. Hulle kon selfs aan Hom vat en saam met Hom eet (Joh 20-21; Luk 24). Die eerste getuies van Jesus se opstanding het baie goed geweet van dinge soos spoke, bese magte, drome en visioene. Dit was bekende taal in die wêreld van daardie tyd.

Groot antieke skrywers soos Homeros vertel dikwels in hulle geskryfte hoe lyk geeste wat uit die doderyk terugkeer: hulle is vaal, vol stof en uitgeteer. Iemand soos Paulus, 'n gewese Fariseër, het ook die verskil tussen spoke en iemand wat na die dood in 'n fisiese gestalte verskyn baie goed geken. Die Fariseërs het immers geleer dat daar 'n liggaamlike opstanding van die dooies plaasvind, nie 'n spookagtige opstanding nie. Met ander woorde, 'n fisiese liggaam moes betrokke wees by die opstanding, nie net 'n gees nie.

### **Jesus se opwekking is veel meer as die terugkeer van 'n dooie liggaam**

Jesus se opstanding is nie maar net dieselfde as die opwekking van 'n dooie liggaam nie. Dis glad nie 'n herhaling van wat vroeër met Lasarus (Joh 11), die weduwee van Nain se seun (Luk 7) of die dogtertjie van Jaïrus (Matt 8) gebeur het nie. In hulle gevalle het 'n sterflike mens telkens uit die dood teruggekeer om vir nog 'n rukkie langer hier op aarde te leef. Maar hulle het almal later nog 'n slag hul asem vir 'n tweede maal finaal uitgeblaas. Johannes vertel trouens vir ons dat sommige leiers besluit het om vir Lasarus dood te maak kort nadat Jesus hom lewend gemaak het. Jesus se opwekking is egter baie meer as die terugkeer van sy ou liggaam uit die dood. Hy het opgestaan in 'n na-doodse, verheerlikte liggaam.

Die skok van die dissipels en die mense van Emmaus in Lukas 24 toe hulle gehoor het dat Jesus opgestaan het, sowel as die aanvanklike ongelooft van Tomas (Joh 20), bevestig dat hulle aanvanklik nie wou glo dat daardie mishandelde Persoon wat Vrydag aan die houtkruis dood is op die Sondagoggend weer sou herry nie. Daarom ook die dissipels se twyfel, selfs tot kort duskant sy hemelvaart (Matt 28). Die Evangelies maak geen geheim daarvan nie dat die opstanding 'n moeilike saak is om te glo, selfs vir die eerste ooggetuies hiervan. Tog het die dissipels se ongelooft dadelik plek gemaak vir geloof toe hulle die spykermerke gesien het en selfs aan Jesus geraak het. Die eens twyfelende Tomas se uitroep: "my Here en my God" bevestig dit.

Die opgestane Jesus van Paassondag is ook die verheerlikte Christus. Maar Hy is steeds dieselfde Jesus van Paasvrydag, nie 'n hallusinasie of die verbeeldingsvlug van 'n klompie verwarde volgelingen nie. Sy opstandingsliggaam is veel meer as die opwekking van 'n dooie liggaam, maar tog is daar altyd 'n verband tussen Jesus voor die kruis en

Jesus na die kruis. Die spykermerke be-teken hierdie kontinuïteit. Maar daar's ook 'n diskontinuïteit, soos wat Johannes probeer verwoord in die feit dat Maria Magdalena Jesus nie direk na sy opstanding herken nie. Dieselfde gebeur met die mense van Emmaus (Luk 24), alhoewel Lukas dit toeskryf aan 'n doelbewuste Goddelike verhulling.

God het sy Seun op 'n bo-aardse manier verwerk uit die dood. Hy het sy aardse liggaam vervang met 'n hemelse een. God het nie maar net Jesus se stukkende liggaam kosmeties gesond gedokter nie. Hierdie misterie is, netsoos in 1 Korintiërs 15 waar Paulus oor die opstandingsliggaam van die gelowige praat, onverklaarbaar groot. Ja, dis Jesus Self wat opgestaan het. Die spykermerke in sy hande sê so. Nee, dis nie maar net weer Jesus met sy aardse liggaam van vroeër wat op Paassondag uit die dood opgestaan het nie. God het Hom nou in onverganklikheid opgewek. God het Hom met 'n nuwe liggaam bekroon wat anders is as die liggaam voor die graf – heilig, onsterflik, hemels. Daarom dat die nuut-beliggaamde Jesus hierna kon verdwyn en verskyn na goeddunke en deur geslote deure kon beweeg. Aan die ander kant kon Jesus ook eet en aangeraak word. 'n Goddelike misterie in lewende lywe!

### **Moenie dit uit die oog verloor nie**

*Do not look where you fell, but where you slipped*

Die opstanding van Jesus is die bousteen vir die Christelike lewe. Dit is nie maar net die spreekwoordelike kersie op die koek wat jy kan weglaat as dit vir jou te moeilik is om te glo nie. Jesus se opstanding uit die dood vorm die hartklop van die kerk (Hand 4:19-20; 1 Kor 15:3-8). Petrus skryf byvoorbeeld in 1 Petrus 1:3 dat ons as Christene 'n splinternuwe lewe het op grond van Jesus se opstanding uit die dood, terwyl Paulus sy eie lewe aan die hand van Jesuse se lyding en oorwinning modelleer (Fil 3:10-11). In Filippense 2:5-11 roep hy ander gelowiges op om hulle lewens te bou op Jesus se vernedering en sy dood aan die kruis. In 1 Korintiërs 15 sê Paulus dat ons geloof tevergeefs is as Jesus nie opgestaan het nie. Dan is ons geloof 'n klug en die grap is vierkantig op ons.

Jesus het dwarsdeur die dood gestap en op die derde dag lewendig anderkant uitgekom. Jy sien dit in die logika van die geskiedenis. En in miljoene gelowiges se onverskrokke belydenis van die afgelope 2000 jaar dat Jesus opgestaan het. Jy spring dus nie geblindoek met jou hande agter jou rug die donker in as jy glo dat Jesus die dood gewen het nie. Want Hy het presies dit gedoen.

**Wat dan van nuwe ontdekkings uit die vroeë Christendom wat nie in die opstanding belangstel nie, soos *die Evangelie van Judas*?**

Op 6 April 2006 was Judas Iskariot, moontlik die swartste skaap binne die Christendom, wêreldwyd groot nuus toe *National Geographic* bekendgemaak het dat 'n antieke manuskrip van die Evangelie van Judas gevind, gerestoreer en vertaal is. Op 9 April is hierdie manuskrip ten toon gestel by National Geographic se hoofkwartier in Washington, DC, terwyl 'n program hieroor op hul amptelike kanaal gebeeldsend is.

Teddy Garcia die vise-president van National Geographic en teoloog Bart Ehrman het trots aangekondig dat hierdie die belangrikste nie-Bybelse fonds vanuit die vroeë Christendom die afgelope 60 jaar is. Die media, die kerk en teoloë se ore was dadelik gespits, want Judas Iskariot word in hierdie evangelie tot 'n held verhef terwyl die ander dissipels as vyande van God voorgelou word. Judas is die enigste egte dissipel omdat hy, op Jesus se aandrang, Hom doelbewus aan sy vyande oorlewer. Verder word Jesus se kruisiging en opstanding glad nie in hierdie evangelie uitgelig as die weg tot redding nie.

Die evangelie van Judas was reeds teen die einde van die tweede eeu bekend, aangesien die kerkvader Irenaeus in sy geskrif *Adversus Haireses*, rondom 180 na Christus na hierdie evangelie verwys. In hierdie geskrif beveg Irenaeus onder andere 'n groep wat Judas Iskariot aanhang wat Irenaeus nogmaals “die verraaier” noem. Irenaeus sê hierdie groep 'n “fiktiewe geskiedenis,” geskep het wat hulle die “Evangelie van Judas” noem.

Die nuut gepubliseerde papyrus manuskrip van hierdie evangelie van Judas, wat vir 1,700 jaar verlore was, is Koptiese vertaling van die oorspronklike Griekse teks. Die Gnostiese inhoud van die evangelie maak dit duidelik dat dit glad nie deur Judas die dissipel van Jesus geskryf is nie, en dat dit ook nie afkomstig uit die geleedere van die vroegste Christene is nie. Die oorspronklike Evangelie van Judas dateer uit die middel van die tweede eeu.

### **Die Evangelie van Judas loop op vreemde spore**

Die evangelie van Judas is 'n gnostiese geskrif. Die gnostiek is 'n denkstroom binne die Christendom wat klem gelê het op die regte geestelike kennis as die enigste manier om deel van God te word. Die gnostiek het 'n duidelike onderskeid getref tussen die mindere god van die Ou Testament en die ware god van die Nuwe Testament. Vir aanhangers van hierdie beskouing het die regte kennis oor die ware God verlossing gebring. Mense was volgens die gnostiek soos verlore ligpartikels wat willoos ronddryf totdat die regte kennis hulle weer herenig met die Godheid. Hierdie kennis het egter niks te make met die fisiese lyding en sterwe van Jesus nie. Die gnostiek het die liggaam immers as 'n tronk vir die siel beskou sodat hulle geen verlossende waarde in die sterwe en opstanding van Jesus gesien het nie.

Die vroeë kerk se belydenis teenoor strome soos die gnostiek was van die begin af duidelik: Jesus is die Messias wat die volk van Israel teruglei na God. Daar was vir die

eerste Christene geen teenstelling tussen die God van die Ou Testamentiese era en die God wat Jesus verkondig nie. Ook nie 'n afwysing van die liggaamlike teenoor die geestelike nie. Nee, die Christendom het nie oor alles saamgestem nie. Tog was die saambindende element van die kerk regoor die Romeinse Ryk hul belydenis rondom die sterwe en opstanding van Jesus.

### **Wat van geloof?**

Die opstanding van Jesus maak 'n gesagvolle aanspraak op egtheid. Maar die opstanding is 'n saak wat geloof vra, want die Christendom is 'n *openbaringsgodsdienst*. Al stapel jy elke moontlike bewys op ter ondersteuning van die Bybelse boodskap, is dit nog nie te sê dat mense oor hulle voete sal val om dit te glo nie. Hiervoor is die verhaal van Jesus se lewe, sterwe en opstanding net te vreemd, te aanstootlik, ook binne vandag se wêreld.

Geloof werk met gebeure waaroor die wetenskap nie altyd kan of wil dink nie. Geloof sê daar is 'n reuse anderkant ook, God se kant. Hy is oneindig groter as ons beperkte denke. God kan nooit in ons mensgemaakte denksisteme vasgevang word nie. Sy werke kan nie aan die hand van ons eie idees, insigte en geleerdheid finaal verklaar word nie.

Ja, ons moet indringend oor God nadink. En ons moet dit boonop ook op nuwe, relevante maniere doen. Maar ons moet weet Hy is baie groter as ons. Daarom kan ons nooit God se werk op die operasietafel van ons eie menslike verstand ontleed nie. Ook nie die opstanding van Jesus nie. Iewers moet ons buig en klein word voor Hom anders bly die kruis 'n dwaasheid, soos wat Paulus in 1 Korintiërs 1 skryf. Iewers moet ons toelaat dat die Heilige Gees ons oorrompel sodat ons weer met verwondering kan opkyk na Jesus.

### **Nuwe lewe begin gister al, daar by die kruis**

*Pray for a clear vision that we may know where to stand and what to stand for, because unless we stand for something, we will fall for anything*  
- Peter Marshall

By die kruis en die oop graf begin die verlede van elkeen wat Jesus as Heer ken. Dit herinner my aan 'n verhaaltjie van 'n persoon wat kort na die Tweede wêreldoorlog gesê het hy kan nie meer in God glo nie, want hy was 'n gevangene in Auschwitz. Waarop iemand anders haastig geantwoord het: "Ek kan nog in God glo, want ek was intussen ook by Golgota." Hoe waar! Ons verlede begin regtig by Golgota.

Paulus skryf op 'n paar plekke in sy briewe ons is saam met Christus gekruisig, saam gedood, saam begrawe, saam opgewek en saam verhoog (Rom 6; Kol 2; Gal 2). Jesus se verlede het volledig ons s'n geword. So intens identifiseer Hy met ons elkeen wat Hom volg dat Hy ons saamgevat het na Golgota toe. En boonop ook deurgedra het deur die



oop graf na sy hemelse woning toe. Hy moes dit doen! Jesus het g'n ander keuse gehad nie, anders was sy aardse sending 'n mislukking. Ons moes saam met Christus sterf, saam graf toe gaan en saam met Hom opstaan. Slegs op hierdie wyse kon Jesus die hemelse rekords herskryf.

Jesus het doodgegaan aan die kruis onder ons almal se dooie gewig. Ons het sy kruis propvol gemaak op Swart Vrydag. Dit was oorbevolk met al die verkeerde mense, met God se vyande. Daar het Jesus sy lewe vir ons weggegee toe ons nog 'n spul god-loses was (Rom 5:8). Goddank, Hy het dit gedoen omdat Hy dit nie langer kon vat dat daar geen toekoms op ons gewag het nie. Jesus kon dit nie uitstaan dat ons vir altyd God se vyande sou wees nie, maar ewige vriende met die dood en die doderyk. Daarom dat Hy ons op sy skouers getel het. En dat Hy ons toe dwarsdeur die dood gedra het, anderkant uit.

### **Gister lyk anders as ek vandag oor my skouer in die regte Rigting kyk**

Baie mense is slagoffers van 'n slegte gister of eergister. Mishandeling, misdaad, dood, 'n ernstige ongeluk – daar's wie weet hoeveel redes om te huil as ek oor my skouer kyk. Maar die goeie nuus is dat Jesus gister reeds herskryf en die kontoere daarvan ingrypend verander het. Hy het ook sy vingerafdrukke op al my gisters en eergisters kom afdruk. Dit laat die seer en swaar in my verlede vervaag. My geskiedenis begin nou by die kruis. Daar lê my ou self begrawe. Daar is 'n finale einde gemaak aan al my afdraaipaaie en chaos.

My nuwe identiteit as 'n volgeling van Jesus skop af by Golgota. Daarom stel ek myself elke dag in om by my eie stukkende gisters verby te kyk totdat ek die kruis raaksien, daar waar Jesus hemel en aarde nuut aan mekaar verbind het. Daar sien ek ook my eie sterwe en my nuwe opstanding as 'n kind in God se nuwe familie raak. Daar sien ek dat ek dat deur God as sy kind aangeneem is. En dat ek 'n erfgenaam in God se nuwe testament en 'n mede erfgenaam van Christus is. Wat 'n blink nuwe verlede lê agter my! Wat 'n nuwe identiteit, 'n totale "identity-makeover!" ALLES HET NUUT GEWORD! My verlede lyk vir altyd anders. Daarom moet ek elke slag by die regte gister begin, by Jesus se goeie gister.

### **'n Nuwe leefposisie: Agteruit vorentoe**

Iemand wat Jesus volg, loop elke dag op 'n nuwe manier. Loop nuut? Wel, ja. Ons loop agteruit vorentoe. Ons kyk terug om die regte koers vir vandag en môre te vind. Terwyl baie bewoners van planeet aarde, hierdie "flat world, global village" van ons, met hul rug gekeer op gister leef en slegs na môre kyk vir antwoorde, draai ons elke oggend eers ons gesigte terug, kruiswaarts, daar waar God se liefde bruis. Dan leef ons vandaar af

vorentoe, vandagwaarts. Gister is ons enigste oriënteringspunt as ons wonder oor God en oor sy liefde. Die kruis is ons antwoord as ons vra of Hy ons liefhet. Daar is lewe en liefde in volkleur aksie te sien. Daar is hoop en genesing. Daar is lewe. Vanuit God se reddende gister kan ons vandag vorentoe beur.

## IV. God hou van vandag, Hy werk dan een dag op ‘n slag...

Is jy gereed om vier nuwe dinge oor God te leer? Dalk weet jy dit al, maar dan’s dit nodig om jou geheue ‘n slag te verfris. Hier’s dit:

1. God skep mense-tyd teen een dag op ‘n slag. Hy tree sedertdien ook teen die ritme van een dag op ‘n slag op
2. God se tydsritme is deur mense verinneweer, maar gelukkig het Jesus die tyd se heiligheid weer herstel.
3. God het nie al sy groot planne in die eerste helfte van die ewigheid kant en klaar afgehandel nie. Hier en nou is Hy steeds aan die werk en beplan. Daarom het vandag ook ‘n impak op die res van die ewigheid.
4. Met sy koms bring Jesus bring die ewigheid binne mense-tyd in. Die ewigheid is hier.

Hierdie vier dinge het my behoorlik uit my sokkies geruk toe ek dit ontdek het. Dit was die mooiste nuwe musiek in my ore. Eintlik kan ek nou nog nie my ore glo nie, so mooi is dit. Luister asseblief saam.

### I. GOD SKEP MENSE-TYD TEEN EEN DAG OP ‘N SLAG. HY TREE VAN TOE AF TEEN DIE RITME VAN EEN DAG OP ‘N SLAG OP

*And the next day God said to the light: ‘Do it again.’ And the light did it again, and God danced again. And so it has gone every day down to this one”*  
- John Ortberg

#### a. Die *geheime* boodskap van Genesis 1 en 2

God se kreatiewe ritme gebeur teen die spoed van een dag op ‘n slag. Dis die *geheime* boodskap van die skeppingsverhale in Genesis 1 en 2. Die geheime boodskap? Wel, nee, maar eintlik ja! Dis ‘n ope geheim, want niemand sien dit meer raak nie. Tog is hierdie boodskap glashelder en duidelik. Jy moet dit maar net raaklees. Hoor weer: die ewige God het gekies om mensetyd te maak. Daarna het Hy Homself ook aan hierdie nuwe konsep van tyd verbind.

God het op ‘n dag in die ewigheid besluit om tydgebonde te begin werk, te praat en te red. Van die heel eerste oomblik af dat God die aarde se as teen 24 uur per dag se omwenteling gestel het en die aarde op ‘n 365 en ‘n kwart dae per keer wentelbaan om die son geplaas het, het die ewigheid onlosmaaklik deel van die tyd geword. Dit het inbeweeg binne die speelveld van meetbare tyd, mensetyd. Die ewigheid is van toe af ook in ‘n sekere sin ver-tydelik! Hoe anders? Die ewige God het immers gekies om binne tyd

op te tree. Om alles te kroon, het Hy sommer met die intrapslag, op dag een van die skepping, sy hemelse horlosie en kalender teen die spoed van een dag op 'n slag ingestel. Praat van 'n radikale nuwe ritme vir die ewige God!

Dis nie korrek wat die denker Richard Rorty (*Contingency, Irony and Solidarity*, 1989) sê dat ons alles rondom ons - ons taal, ons menslike bewussyn, ons gemeenskap - produkte van tyd en toeval is nie. Want dit sou impliseer dat selfs die tyd 'n reuse gevangene van die toeval is. Dan's die grap op die tyd en ons is die willose slagoffers. Maar die goeie nuus is dat tyd nie toevallig is nie. Tyd is God se handewerk. Tyd is ook God se werkyd. Binne mensetyd en ruimte tree Hy graag op.

### **b. God se een-dag-op-'n-slag ritme**

*Give light, and the darkness will disappear of itself*  
- Desiderius Erasmus

As ons die godsdienstige gewig van Genesis 1 en 2 afgooi wat die geskiedenis daarop afgepak het, dan ontdek ons die eintlike skoonheid en mooiheid van 'n fenomenale Hemelse Vader wat die moeite gedoen het om saam met gewone mense te stap, boonop teen hulle normale spoed. Genesis se skeppingsverhale vertel van God se kreatiewe ritme, van sy skepping-spoed. Teen die tempo van een dag op 'n slag het God sy skepping mooi gemaak, geverf, gebeitel, beskilder, beskryf, gevorm en besing.

Terloops, 'n ou Joodse legende sê juis dat God die skepping in aansyn gesing het. Joseph Haydn se musikale meesterwerk oor die skepping gee my aldag koue rillings, veral as die koor aan die begin hardop uitjubel: "daar was lig!" ("es war Licht!"), Net hierna ontplof die musiek in 'n crescendo van oordadige blydschap. Miskien het Haydn die skeppingsverhale beter as ons almal verstaan.

God het regtig gesing toe Hy gepraat het. Hy is die kreatiewe, liefdevolle, skepper-God. Hy is die hemelse Kunstenaar wat vir ses dae lank een dag op 'n slag geskep het. Aan die einde van elke dag het Hy teruggesit het om sy handewerke te bekyk en te bewonder. Elke dag was 'n volledige meesterwerk. Dan het 'n volgende werksdag weer aangebreek, een na die ander, totdat die mens op die sesde dag die uitsoekplek in God se kunsgalery gekry het, met die Here se hemelse handtekening en al. Die beste is gelos vir laaste!

Vergeet asseblief 'n slag van al daardie wetenskaplike en on-wetenskaplike verklarings van Genesis 1 en 2. Ignoreer die gestry onder teoloë of die aarde sesduisend of seshonderd miljoen jaar oud is. Hierdie skeppingsverhale moes nooit in die hande van teoloë, natuurwetenskaplikes of geskiedkundiges beland het om met behulp van hulle vervelige akademiese apparatuur uit mekaar te probeer haal nie.

Almal wat Genesis wetenskaplik korrek of foutief probeer verklaar, is besig om die groot punt te mis, naamlik dat God in Genesis 1 en 2 sing en jubel oor sy handewerke. Nee, Hy is nie in 'n universiteitslaboratorium of in 'n teologiese klaskamer besig met die detailbesonderhede oor hoe Hy alles aanmekaar gesit het nie. Daarom hoef kerklikes Hom nie te probeer verdedig, of sy eer te probeer red nie. Net so min as wat al die geteem van Darwin en kie God ooit laat ophou sing, net so min durf ons in die kerk dink ons is die selfaangestelde advokate van die Allerhoogste.

### **c. Praat van 'n spoedvermindering: Vanaf ewigheidspoed na een-dag-op-'n-slag spoed**

Dink net watter aanpassing dit vir God moes wees om sy spoed dramaties af te skaal vanaf ewigheidspoed na mensespoed. Hy wat geen menslike tydsbeperkings geken het nie, moes skielik rem, afskaal, stadiger beweeg. Ja, in 'n sekere sin moes God selfs leer om te loop! Hy wat van altyd af God is en wat nie aan tyd of ruimte gebind is nie, het immers besluit om saam met die eerste mense daar in die laatmiddag in hul Eden-tuin te wandel. Hy moes van toe af stadig loop saam met sy klein, maar mooi gemaakte mensies. Hierdie gedagte oorweldig my. Om te dink dat die ewige God kort na sy skepping begin doen het wat mense so graag doen – om te stap. Hy het in die middag in sy tuin kom stap.

Die Here het teen mensespoed begin optree toe Hy die wêreld geskep het. Wat 'n spoedvermindering – dit alles sodat Hy naby sy handewerke kon wees. Om te dink dat God sy ewigheidstempo aangepas het by die nuwe tydsritme wat Hyself vir sy aardse skepping ontwerp het, daardie een-dag-op-'n-slag ritme. Om te dink dat God wat teen ewigheidspoed leef, vandag nog steeds mensespoed verkies om ons Syne te maak. Die Ewige is nou binne tyd aan die werk, stadig genoeg om saam met mense soos jy en ek te wandel! Die vraag is net of ons nog stadig genoeg leef om in pas met Hom te loop. Vandat ons leer ry het, sukkel ons weer om te loop.

### **d. Die punt van Genesis se skeppingsverhale, dus...**

God skep tyd, teen die ritme van een dag op 'n slag. Hy tree ook binne hierdie tydsritme op. Sy werkspoed van een dag op 'n keer dupliseer Hy menswaarts. Met ander woorde, mense moet ook teen sy spoed leef en saam met Hom rus. Na ses dae se skepping het God teruggesit om die skepping te geniet. Daarom dat Hy 'n addisionele dag in elke week ingebou het vir spesiale feesvierings saam met Hom.

Van die begin af is menselike leef- en werktempo duidelik gesinkroniseer met God se skeppingspoed van een dag op 'n keer. Nooit was dit God se bedoeling dat mense spoedvrate of werksesels moes word wat weke vooruit se werk alles in een dag moet

inprop nie. Hy wou nie hê hulle moes soos slawe sewe dae per week werk nie. Die mens is gebou om een dag op 'n keer te werk en dan behoorlik te rus.

Stapspoed word gevolg deur slaapspoed! Dis die hemelse fabrieksinstruksies. Nou nog. Daarom is daar dag én nag. God het die nag gemaak sodat mense se oë toe kan wees terwyl hulle rustig in droomland verkeer. En Hy het die dag gemaak sodat ons 'n goeie dag se werk kan doen. En ook nog tyd oorhet om te kuier, speel, ontspan, lag en gesels – dit alles in een dag.

## **II. GOD SE TYDSRITMES IS DEUR MENSE VERINNEWEER, MAAR JESUS HET DIE TYD SE HEILIGHEID WEER KOM HERSTEL**

### **a. Toe mis hulle die punt!**

Die Jode het van dag een af by die skoonheid van God se een-dag-op-slag skeppingsritme verbygekyk. Hulle het die skeppingsverhale van Genesis gebruik om alles en almal op hul plek te probeer sit. Die ritme van ses dae se skepping het vir godsdienstiges die bloudruk gevorm vir hulle idees van wet en orde. Net mooi alles in Israel - tyd, kos, ruimte, plek en mense –is spoedig in terme van rein en onrein beskou. Duidelike grense tussen gewone tyd en heilige tyd, heilige plekke en gewone plekke, heilige mense en onrein mense is oor baie eeue heen in stand gehou.

Ellelange lyste van reël en regulasies rondom reinheid en onreinheid moes streng deur elke wetsgehorsame Israeliet nagekom word. Sou jy met die verkeerde mense kontak hê of onrein kos eet, dan was jy in groot moeilikheid. Het jy 'n verkeerde beroep beoefen, soos dié van boekhandelaar of leerlooier, was jy in die godsdienstige warmwater. So ook as jy heilige plekke besoedel het deur byvoorbeeld onrein dinge of mense daarheen te vat. Vra maar vir die Samaritane. Rondom die jaar 6 na Christus het 'n klompie Samaritane een nag doodsbeendere op die tempelsterrein gaan strooi en dit “besoedel.” Hierna het die haat tussen Jode en Samaritane epidemiese afmetings aangeneem, soos wat Johannes 4 vertel.

### **b. Darem nog een heilige dag, maar hoe is dit nie verinnuweer nie**

Israel het een dag van die week opsy gesit as 'n spesiale heilige dag. Die sabbat was vir hulle selfs nog heiliger as ander godsdienstige feesdae soos die Groot Versoendag of Rosh ha-Shanah. Hierdie dag, wat op Vrydagaande met sonder aangebreek het, moes nougeset en heeltemal anders as elke ander dag deurgebring word.

Die Misjna traktaat, *Sjabbat*, vanuit die derde eeu na Christus, vertel in groot detail hoe streng hierdie sabbatreëls regtig was. Op die sabbatdag is jy byvoorbeeld nie toegelaat om van 'n skip wat pas vasgemeer het se plank af te stap nie, ook nie om te spoeg; verder as 'n vasgestelde aantal treë te loop; kerse dood te blaas; kos voor te berei; geld te hanteer, en derduisende ander reëls nie. Aan die einde van die sabbat, op Saterdagagaand teen sonder, het 'n ritueel bekend die *havdalah*, die grens tussen heilige tyd en gewone tyd opgehef. Dan kon jy weer aangaan met jou gewone lewe.

### **c. Jesus, die groot sabbatoortreder!**

*To be nobody but yourself - in a world which is doing its best, night and day, to make you everybody else - means to fight the hardest battle which any human being can fight; and never stop fighting*  
- E. E. Cummings

Kort voor lank is die sabbat tot 'n super-heilige dag verhef onder die Jode. Jesus het g'n vrede met hierdie siening van die sabbat gehad nie. Trouens, van die drie doodsvonnisse wat voor sy finale aankoms in Jerusalem teen Hom gefel is (Mrk 1; Joh 5; Joh 11), het twee direk te make met sy oortredings van die sabbat. Het jy gehoor? 'n Volle twee doodsvonnisse oor sabbatsoortredings teen Jesus! Hy is van vroeg af as 'n sabbatoortreder gebrandmerk. Te meer nog nadat Jesus dit in Matteus 12 gewaag het om Homself bokant die sabbat te verhef toe Hy gesê het Hy is ook die Here van die sabbat.

Jesus was in groot moeilikheid volgens Johannes 5 nadat Hy 'n siek man op 'n sabbat genees het. Jesus se woorde: "My Vader werk tot nou toe en Ek ook", het sy godsdienstige opponente tot in hulle sandale se leersole toe geskok. Vroeëjare is daar 'n debat onder sekere rabbi's gevoer of God op die sabbat mag werk. Na lang beraadslaging het hulle besluit dat God darem mag werk op die heiligste dag van die week. Sjoë, wat 'n vergunning! In elk geval, toe Jesus sê dat Hy op die sabbat werk, het sy opponente gehoor dat Hy Hom deur hierdie woorde tot God verhef.

### **d. Elke dag is nou heilig**

*We can easily forgive a child who is afraid of the dark. The real tragedy of life is when men are afraid of the light*  
- Plato

Die sabbat se aard het dramaties verander met Jesus se koms. Meer korrek, Jesus het die oorspronklike bedoeling met die sabbat laat herleef. 'n Nuwe tyd het aangebreek, 'n tyd waar verhoudings met God en met ander meer tel as hoe 'n bepaalde dag gevier word. Jy kan in elk geval nie met 'n bepaalde dag 'n verhouding hê nie. 'n Dag is leweloos, maar lewende mense leef sewe dae per week. Ons is nie op een bepaalde weeksdag nader of verder aan God bloot net omdat daardie dag 'n ander naam het nie.

Jesus het die ganse tyd, van Sondag tot Sondag, in 'n sabbat verander. Elke dag is nou 'n Goddelike rusdag: Maandag, Dinsdag, Woensdag... Sondag ook. So impliseer Hebreërs 4. Gaan lees dit! Hierdie plofkrag-tekste vertel dat Israel nooit die sabbat onderhou het nie. Absoluut skokkende woorde oor 'n volk met sulke streng leefreëls rondom die sabbat! Tog het Israel nooit na behore in God se sabbatrus ingegaan nie. Hulle verhouding met God en ander mense het min tot niks verander as gevolg van hul streng sabbatvieringe. Mense is nie nog meer gedien as gevolg van die “viering” van hierdie dag nie. Lewens het ook nie ingrypend verander as gevolg van Israel se sabbatonderhouding nie.

Om in statiese soutpilare te verander vanaf sonder tot sonder op een spesifieke dag van die week, was regtig nie God se Genesis-bedoeling met die sabbat nie. Dit was nie die ritme wat Hy oorspronklik vir sy mense in gedagte gehad het nie. Rus? Ja! Slawe van 'n dag? Nooit! Ontspan en opkyk na God? Inderdaad! Rondsit en niksdoen om 'n hemelse regmerk langs jou naam te probeer verdien? Definitief nie!

God het die sabbat as 'n feesdag, vreugdedag, kalmte-dag en opkykdag aan sy grootste handewerk, die mens, verniet gegee. Maar toe word die sabbat in 'n ommesientjie groter as die mens. Toe word dit bekrap deur dooie reëls oor reg en verkeerd, moets en moenies, maar nie deur nuwe verhoudings nie. Daarom dat Jesus in Matteus 12 kliphard uitroep dat die mens nie vir die sabbat gemaak is nie. Dit werk net mooi andersom.

#### **e. Rus is opkyk, wegkyk!**

- Rus is nie rondsit en niksdoen nie. Hoor hier, jy kan elke dag van die week ydel rondhang sonder om ooit 'n sabbatrus te ervaar.
- Rus is nie blote ophou met werk nie. Dis nie maar net “tools down” vir een dag per week nie. Rus is ophou om slaafs te werk. Rus is om te rus van die slawerny van werk, van daardie slaafse werksritme waar alles van jouself afhang.
- Rus is 'n nuwe dag-tot-dag leefritme van opkyk na God toe.
- Rus is om God se handewerke en praatwerke al hoe duideliker raak te sien en vars te beluister.
- Rus is om fees te vier saam met die skepping rondom jou.
- Rus is om in daaglikse vrede met God en jouself te leef.
- Rus is om mense met die goeie nuus van Christus te bedien. Hierdie rus word nie verpak in reëls wat jou handjies gevou laat rondsit sodat jy aan die einde van een bepaalde weksdag kan spog/getuig dat jy die wet gehoorsaam het nie.

Ons is sabbatoortreders as ons slawe van werk is. Dit kan ook op 'n Maandag of 'n Donderdag gebeur, nie net op tradisionele “heilige” dae nie! Ja, ons mis God se rus op 'n Sondag as ons die byeenkomste van gelowiges verwaarloos. Om in winkels rond te hang terwyl ons na God se Woord moes geluister het, is om ons sabbatrus te ontbeer. Geen



twyfel hieroor nie! Sondae is egte rusdae rondom die Woord. Dan moet ons daar wees, nie langs sportvelde of in winkelsentrums nie. Maar, hoor mooi, ons mis ook ons sabbatrus wanneer ons op 'n Woensdag te besig is vir God, of as ons op 'n Saterdag goor taal en dronkmanspraatjies by die rugby kwytraak. Of as ons nooit een weeksaand by die huis en ons familie is nie omdat ons slawe van ons werk geword het.

#### **f. Moenie terughardloop na uitgediende reëls nie**

Paulus waarsku ons teen die onderhouding van sekere heilige dae as 'n manier om God te probeer beïndruk in Galasiërs 2:10-11. Hy noem dit uitgediende, nuttelose gebruike wat ons nie 'n duit nader aan God bring nie. Wanneer ons terugval op die onderhouding van heilige dae, dan loop ons die vrymakende evangelie van Christus mis.

Het jy al ooit Kolossense 2:16-17 behoorlik gelees? Daar skryf Paulus oop en bloot, helder en ondubbelsinnig, dat mense wat weer die ou sabbatsgebruike wil laat herleef vir Jesus as die nuwe werklikheid misloop. Die sabbat is maar net die skaduwee, Jesus is die werklikheid. As jy elke dag saam met Hom loop, dan is jy altyd in sy heilige teenwoordigheid. Dan's jy gedurig binne heilige tyd, en ook op heilige grondgebied.

#### **g. Wat van die Tien Gebooie?**

Nee, Jesus het nie die wet van God oorbodig verklaar nie. Die Ou Testamentiese uitsprake oor die sabbat en die Tien Gebooie geld nou meer as ooit, soos wat Jesus in Matteus 5:17-20 vir ons leer. Dit geld nou elke dag, nie net een dag van die week nie. Het jy gehoor? Tyd is nou sabbat-tyd. Daarom moet ons God se voorskrifte nog meer toegewyd as die Fariseërs onderhou, anders gaan ons nie die binnekant van God se ryk sien nie.

As ek Matteus 5:21-48 lees, dan word dit vir my duidelik dat Jesus gehoorsaamheid aan die wet nie laat opgaan in reëls nie, maar in *verhoudings*. Die wet gaan oor liefde vir God en ander, nie oor die vraag of ek sekere wette slaafs gehoorsaam nie. Daarom help dit nie ek sê ek het nie moord gepleeg nie, maar intussen praat ek mense met my tong aan flarde. Of dat ek sê ek het nie owerspel gepleeg nie, maar intussen begeer my dwalende oog wie weet hoeveel ander mense se liggame. Net so help dit niks dat ek sê ek onderhou die sabbat, maar ek hou nie my verhouding met God en ander mense elke dag liefdevol in stand nie.

#### **h. Doen kerk sewe dae per week**

Ek word nogal benoud as ek die boek van die kerknavorser, George Barna lees, getiteld *Revolution*. Hierin sê hy nuwe bekerings in die kerk is deesdae so skaars soos die spreekwoordelike hoendertande. Meer as 90% van gelowiges sal nooit 'n enkele persoon gedurende hulle leeftyd begelei tot geloof in Christus nie. 8 uit 10 mense wat bid vir die verandering van die wêreld het nooit 'n spesifieke naam en adres in gedagte as hulle bid nie.

Die oplossing? Verklaar Sondag-geloof onwettig! Anders gesê, kry die idee van “kerk” as 'n plek waarheen jy op Sondag gaan so gou moontlik uit jou sisteem uit. Vervang dit met die regte idee dat ons as Christene op elke plek waar ons kom kerk is en kerk doen!

Die eerste Christene vir bykans 300 jaar geen geboue van hul eie gehad nie, anders as 90% van Westerse kerke vandag. Hulle het ook nie amptelik opgeleide leraars gehad, of vaste kerklike strukture en eredienstye nie. Nogtans het die evangelie soos 'n veldbrand versprei. Hoekom? Omdat die hart van die vroeë kerk nie in strukture, ampte of geboue gesetel was nie. Die basiese boustene van die kerk is te vind in twee aspekte:

- a. 'n Belydenis dat Jesus Christus die Here is (Matteus 16)
- b. *Koinonia* (geloofsgemeenskap), wat begin waar twee of drie gelowiges bymekaar is (Matteus 18). In kort, die basiese DNA van kerkwees is reeds aanwesig waar twee van die Here se mense saam is.

Kerkwees is daaglikse nuwe verhoudings wat gebou word op die belydenis dat Christus die Here is. Waar Christene byeen is, of dit nou twee of tweeduisend is, daar is die kerk én die Here van die kerk aanwesig. By 'n restaurant, langs die sportveld, by die huis of op kantoor –oral waar Jesus se mense is, daar is die kerk se voetspore sigbaar! Natuurlik is Sondag se kerkbywoning nodig. Die Here se mense kom dan feestelik saam om God te aanbid, maar dit is nie die begin en einde van kerkwees nie. Nee, juis dit wat tussen Sondag en ook tussen die weeklikse selgroepbyeenkoms of Bybelstudie gebeur, vertel die eintlike storie van die kerk. Of die groot mislukking!!!

Terloops, hoe klink jou daaglikse en weeklikse kerkwees-verhaal? Doen jy daaglik kerk by jou werk... en op elke ander plek waar jou vingerafdrukke en voetsole beland?

### **III. GOD HET NIE AL SY GROOT PLANNE IN DIE EERSTE HELFTE VAN DIE EWIGHEID AFGEHANDEL NIE. VANDAG IS HY STEEDS AAN DIE WERK. DAAROM HET VANDAG 'N IMPAK OP DIE RES VAN DIE EWIGHEID**

#### **a. God kies mensetyd as sy operasionele tyd**

Ek het groot geword met die idee van 'n ewigheid aan beide kante van hierdie lewe. In die verlede staan 'n ganse ewigheid reeds agter God, maar ook in die toekoms lê daar nog

‘n ganse ewigheid voor. Ek het ook gehoor dat ons almal die kans staan om die tweede helfte van die ewigheid, daardie een wat nog voorlê, by God deur te bring.

Ek moet erken, hierdie tipe ewigheidstaal het my ietwat onseker gemaak. Ek het baie kere gehoor God is ewig en ondeurgrondelik. Maar toe ek self die Bybel begin lees met die Heilige Gees as my Gids, het ek iets nuut ontdek. Ek het ontdek God tree meeste van die tyd binne die tyd op, nie daarbuite nie! Ek het ontdek Hy het in ‘n sekere sin die ewigheid verwissel het met mensetyd – vir die huidige ten minste!

- Ja, dis waar dat God ewig is, maar Hy kies om *vandag* tydgebonde te wees.
- Ja, God is ondeurgrondelik, maar Hy is *vandag* kenbaar. Vra maar vir die dissipels in Johannes 14 wat graag die Vader wou sien. Hulle leer die les van hulle lewe as hulle hoor dat Jesus die ewebeeld van God is. Sy woorde en dade wys presies wie en hoe God is. God is kenbaar, verstaanbaar, beminbaar!
- Ja, God se planne het ‘n ewigheidskarakter, soos wat Paulus in Efesiërs 1 vertel, maar Hy maak steeds *vandag* nuwe planne.
- Ja, God gee aan elkeen wat aan Jesus vashou die ewige lewe. Maar die ewige lewe is ook reeds *vandag* ‘n werklikheid soos wat Johannes 6 ons leer.

## **b. God én tyd staan gelukkig nie stil nie**

Tyd staan nie stil nie. Wanneer tyd in jou lewe “stilstaan”, dan sê dit net een ding vir jou: jou horlosie se battery is pap. Tyd vlieg! Tyd het ‘n verlede, ‘n hede en ‘n toekoms. Dis aan die beweeg. Net so is God ook aan die beweeg. Vandat Hy Homself aan tyd verbind het, het Hy ‘n geskiedenis. En ‘n hede. En ‘n toekoms!

Blaai jy deur die Bybel, dan kry jy daar ‘n amptelike prentjie van God se geskiedenis. Jy lees van al sy woorde en dade in die verlede om mense te red. Trouens, hoe noukeuriger jy die Bybel lees, hoe duideliker sien jy dat daar voortgang in die geskiedenisverhaal van God te bespeur is. Soos wat jy van die Ou Testament na die Nuwe Testament beweeg, ontdek jy dat God meer van Homself aan ons bekendmaak. Totdat jy uiteindelik by Jesus uitkom wat die Vader se liefdeshart ten volle aan ons wys.

By Jesus leer jy alles oor God wat ons nodig het om gelukkig te leef, soos wat ons in die vorige hoofstuk gesien het. Terloops, in teologiese taal noem mens hierdie groot en grootste verlede van God waarvan die Bybel vertel *heilsgeskiedenis*. Dit vertel wie God is en wat Hy alles in die verlede gedoen het om sy reddingsplanne waar te maak. God is aan die beweeg deur die geskiedenis. Anders as ons laat die tyd Hom egter nie verander of oud word nie. Hy bly altyd dieselfde. God is altyd ‘n heilige, maar liefdevolle God. Daarom tree Hy altyd op in ooreenstemming met wie Hy is. Daarom loop Hy altyd naby aan mense. Daarom kies Hy eerder mensetyd as ewigheidstyd as sy operasionele tyd, handelingstyd!

### **c. Goeie nuus: God maak vandag steeds planne!**

*Because of God's grace, failure is never final*  
- C. S. Lewis

In my kinderdae het ek so half en half die idee gekry dat God eintlik baie ver is. Ook dat sy planne veels te groot is vir enigiemand om iets van te begryp. Nog meer, dis lankal klaar gemaak. Dis doer in die ewigheid afgehandel. Die gevolg is dat ons almal eintlik maar net die geredigeerde produk van 'n voorafvervaardigde DWD is wat op hierdie einste oomblik outomaties in 'n hemelse kasetspeler afspeel. Toegegee, God het 'n paar onveranderlike planne in die ewigheid gemaak. Hy het byvoorbeeld reeds die slottoneel van die wêreld geskryf, soos wat Openbaring 20-21 vertel. Maar dis nie waar dat Hy elke stukkie detail onderweg na die wenpaal tot in die fynste besonderhede vooraf uitgewerk het nie. Nie as ek die Bybel reg lees nie.

Een van die verrassendste tekste in die Bybel oor die feit dat God vandag nog besig is om nuwe planne te maak, loop ek raak in Jeremia 18. Wat 'n storie! Jeremia, daardie groot profeet wat vir meer as 40 jaar opgetree het toe Jerusalem deur die Babiloniërs in 586 voor Christus verwoes is, gaan op 'n dag na 'n pottebakker toe. Daar sien hy hoe die pottebakker se pot wat hy besig was om te vorm, misluk. Maar hy het dadelik 'n nuwe een begin maak.

Nadat Jeremia dit aanskou het, het God met hom gepraat. Watter aangrypende woorde is dit nie (vers 5-17)! God sê vir sy profeet dat Hy ook met Israel kan maak wat die pottebakker met sy klei gemaak het. Hy kan ook met hulle oor begin en voor begin. God kan sy oordeelswoorde oor hulle vervang met herstel-taal. Hy kan afsien van sy straf, maar Hy kan ook sy reddingswoorde omdraai in veroordeling. Kortom, God is dinamies besig met sy mense. Hoor net wat sê Hy in vers 11: "Ek berei vir julle 'n ramp voor. Ek is besig om 'n besluit oor julle te neem. Elkeen moet hom van sy verkeerde lewe bekeer. Maak julle lewe en julle dae reg." Ongelooflik! God maak steeds vandag nog planne. Sy wilsbesluite is nie finaal afgehandel nie. En die beste nuus van alles – ons het 'n invloed op sy besluite. Kan jy dit glo?

Jeremia 18 is 'n kanon-tekst. Niemand het my ooit vertel dat God so dinamies onderweg is met sy skepping nie. My indruk van Hom was altyd dat Hy ietwat staties is, dat sy planne klaar gemaak is en dat dit willoos deur mense uitgevoer word. Wel, die korrekte feit is dat God se enigste, onveranderlike groot plan is om mense te red. Dis God se wil. Wanneer mense tot inkeer kom, vat Hy sy straf oor hulle weg. Dan kom sy straf tot 'n end, soos wat die koning van Nineve en al sy mense in Jona 3 ook op 'n dag agtergekom het.

Ja, God het 'n oorhoofse plan om die wêreld tot by die wederkoms van Christus uit te bring. Op pad soontoe moet jy en ek egter medewerkers van sy hemelse droom wees om

sy feessaal nog voller te kry (Lukas 14). Ons moet mense oor en oor uitnooi na die hemelse fees. Daar's nog heelwat plek oor aan die hemelse tafels. Berou en bekering is die sleutel wat aan mense toegang tot die grootste ete van alle tye gee. So word oordeel met redding vervang. So word die hemelse rekords in 'n oogwink gewysig.

#### **d. Vandag het 'n impak op die ewigheid!**

*Do not ask the Lord to guide your footsteps, if you are not willing to move your feet.*

*- Anoniem*

Jeremia 18 se punt is dat as God sy planne kan verander in die lig van sy wil om mense te red, dan is ek mos nie die willose slagoffer van een of ander deterministiese, voorafvervaardigde plan nie. Dan beteken dit dat vandag lewensbelangrik is omdat ek juis vandag moet sorg dat ek binne God se wil is. Dit beteken dat ek vandag die woorde van Jesus in die Ons Vader: "Laat U wil geskied" met my hele hart en siel moet agterna bid. Dis nie ydel, leë woorde nie. Jesus weet dat God se wil nie vanself, outomaties geskied nie. Hy weet daar is nie 'n video- of DVD speler in die hemel wat dag in en dag uit meganies afspeel nie. Elke dag is 'n nuwe dag vol nuwe moontlikhede in God se ryk. Elke dag begin oor. Elke dag begin van voor af.

Vandag het 'n impak op die ewigheid. Deur hier en nou binne God se wil te leef, verskuif ek die ewigheid na mensetyd toe. Deur hier en nou in ritme met God te wandel, word die ewigheid stukkie vir stukkie, tree vir tree, sigbaar, leefbaar, hoorbaar, doenbaar.

Nee, God se wil glip nie ongesiens by vandag verby nie. Vandag nie 'n onbelangrike of 'n onbenullige tydjie binne die groot skaal van dinge in die heelal nie. Vandag is regtig die dag van groot dinge; dis nie maar 'n vlietende punt onderweg na een of ander groter môre nie. Vandag moet omhels en gekoester word. Dis kosbaar, uniek, enig in sy soort, onherhaalbaar.

Vandag is regtig die enigste stukkie tyd tot my beskikking om uit te koop, op te gebruik, met die regte inhoude te vul, te geniet, te beleef! Vandag is die dag van groot dinge, nie eers môre nie. As jy dus deel van daardie kerklike brigade is wat al jou hoop op groot kerklike skuiwe in die toekoms plaas, dan moet jy asseblief vanuit die toekoms emigreer na vandag toe.

## **IV. MET SY KOMS BRING JESUS BRING DIE EWIGHEID BINNE MENSE- TYD IN. DIE EWIGHEID IS HIER**

### **a. Die ewigheid is nou**

As jy die Johannesevangelie aandagtig lees, dan ontdek jy daar ‘n paar heel verrassende dinge, soos dat Johannes byvoorbeeld geen gelykenisse van Jesus het nie. Ook nie ‘n geboorteverhaal, of ‘n uitgebreide lydingsgeskiedenis van Jesus nie. Net so is daar nie baie verwysings na die toekoms in die Johannesevangelie nie.

Anders as Matteus, Markus en Lukas, wat lang hoofstukke het oor Jesus se leringe oor die laaste dae of die eindtyd, skryf Johannes net mooi niks hieroor nie. En anders as ‘n Paulus of ‘n Petrus wat vertel dat die ewige lewe nog op ons wag, praat Johannes hieroor in die teenwoordige tyd. Dit lê nie iewers vorentoe op ons en wag nie. Die ewige lewe is nie net toekomsmusiek wat eers begin speel wanneer die tweede helfte van die ewigheid aanbreek nie. Ons is nie oppad na die toekoms toe nie, nee, ons beleef dit nou al.

### **b. Van die begin van die ewigheid af tot by die begin van mensetyd**

Johannes se heel eerste woorde is wêreldberoemd: “*In die begin was die Woord*” Ewigheidstaal! Anders as Genesis se beginwoorde: “*In die begin het God die hemel en die aarde geskep,*” is Johannes se begin ‘n ganse ewigheid vroeër as dit. Anders gesê, as Genesis 1:1 praat van die begin, dan is dit skeppingstaal. Dan stap God op daardie einste oomblik oor die grens tussen ewigheid-tyd en mense-tyd. Genesis se begin is die begin van God se handeling binne menslike tyd. Maar Johannes se begin gebeur reeds ‘n hele ewigheid voor dit. Dis die taal van God se Woord, van Jesus, wat van altyd af daar is, regdeur die eerste helfte van die ewigheid.

### **c. Die Woord is regtig be-tyds**

Toe word die Woord op ‘n dag mens - dis die groot nuus, die hoofopskrif van Johannes 1. Nee, die Woord het nie ‘n abstrakte, ewige begrip gebly nie. God het die Woord binne tyd openbaar, onthul en bekend gemaak. God se betrokkenheid binne menslike tyd het ‘n dramatiese wending geneem. Sy heerlikheid op aarde het in die persoon van Jesus sigbaar geword. Jesus, wat so vol hemelse genade en waarheid is (Joh 1:14), was God se glinsterende tentwoning tydens sy aardse verblyf. God het hande en voete gekry. En ‘n herkenbare stem! God se Woonplek het ‘n nuwe Naam en Adres gekry: Jesus Christus. Hy is die hemele in lewende lywe, die gesaghebbende stem van God op aarde.

Met Jesus se koms het die tyd se tekstuur en inhoud verander. Hy het be-tyds opgedaag. Die krane van hemelse goedheid is van toe af teen vloedsterkte in ons rigting oopgedraai. Genade op genade het die aarde oorspoel. Lewende Brood het tussen ons neergedaal (Joh 6). Ewige Lig het in die donker begin skyn, dood is verruil vir lewe, honger vir oorfloed, dors vir lewende water. Ja, die toekoms het gister al aangebreek.

#### **d. Jesus is vir-altyd-lewe**

Nee, die ewige lewe is nie in die eerste plek 'n tydperk wat vir altyd gaan aanhou nie. Dit is ook nie maar net 'n bepaalde plek in die hemel nie. Die ewige lewe is 'n Persoon. Dis Jesus. Hy is die Lewe self, soos wat Hy in Johannes 14 sê. Oral waar Jesus is, daar's lewe aanwesig. Sy woorde en daede is lewe en dit gee lewe. As Jesus praat, gee die dood pad. Net Hy kan sê: "Wie in My glo, het die lewe" (Joh 5:24). Hier en nou. Nee, nie net iewers in die toekoms nie. Die toekoms het die hede oorgeneem in 'n hemelse staatsgreep met Christus se koms. Die toekoms het gebeur toe Jesus mens geword het.

Jesus het die mag om nuwe lewe uit te deel, lewe wat vir altyd aanhou. Ons hoor daarom in Johannes 3 dat diegene wat in Hom glo nie meer onder God se oordeel staan nie. Die straf is af. Maar die wat nie glo nie is klaar veroordeel. Hier en nou speel die groot drama van die ewigheid dus kant en klaar af, nie eers doer anderkant die menslike gesigseinder nie. Lewe en dood – dit alles is vandag op die spel. Geloof in Jesus as Heer sluit die ewigheid vandag oop. Ongeloof veroorsaak die teenoorgestelde reaksie, nou al. Maar dis nog glad nie te laat om die ewigheid te beïnvloed nie. Geloof in die Woord hier en nou verander oombliklik die inhoud en tekstuur van elke ander dag tot in die verste ewigheid.

Om in Jesus te glo, is om deel te kry aan nuwe lewe. Dis om elke dag by Hom te wees. Hy gee so baie om vir ons dat Hy nie sal toelaat dat een van ons ooit uit sy hande val nie. Hy pas ons dag na dag op. Nie eens die dood verander iets hieraan nie. Jesus het klaar vir ons plek voorberei by sy Vader.

#### **e. Die twee helftes van die ewigheid kom vandag by mekaar uit**

*Solank vandag nog vandag genoem word moet julle mekaar elke dag aanspoor*  
*Hebreërs 3:13*

Ons is nie vooraf-geprogrameerde wesens wat willoos, soos robotte, 'n klein rolletjie in een of ander drama speel nie. God is dinamies, luisterend, medewerkend met ons oppad. Ja, Hy is die Here wat alle mag in die hemel en op aarde het. Maar Hy forseer sy planne nie willoos op ons af nie. God se wil is 'n daaglikse uitnodiging tot gemeenskap met Hom. Sy wil is 'n pad. Nooit word enigiemand geboelie om saam met God te moet stap nie. Jesus se liefde trek ons nader. Sy persoonlike teenwoordigheid op die pad is die magnetiese krag wat ons naderwink, saamvat, meesleur. Elkeen wat in sy oë gekyk het en lewende woorde oor sy lippe gehoor het, wil graag naby aan Hom loop. Vandag nog, want in Jesus kom die eerste en tweede helfte van die ewigheid bymekaar uit.

#### **WAT DOEN JY MET HIERDIE GROOT TYDLESSE?**

Ons het in hierdie hoofstuk vier reusagtige, lewensbelangrike en aardskuddende lesse oor God se handelineggeleer. Onthou jy? Hier's hulle weer:

1. God skep mense-tyd teen een dag op 'n slag. Hy tree van toe af ook teen die ritme van een dag op 'n slag op
2. God se tydsritme is deur mense verinneweer, maar gelukkig het Jesus die tyd se heiligheid weer kom herstel.
3. God het nie al sy groot planne in die eerste helfte van die ewigheid kant en klaar afgehandel nie. Hier en nou is Hy steeds aan die werk en beplan. Daarom het vandag ook 'n impak op die res van die ewigheid
4. Met sy koms bring Jesus bring die ewigheid binne mense-tyd in. Die ewigheid is hier.

Wat gaan jy hiermee maak? Ten minste *vier* dinge, hopelik:

#### **a. Kyk vandag in die gesig, letterlik!**

Kyk elke nuwe dag in die gesig voordat jy enigiets anders doen. God het juis hierdie dag gemaak. Hy het vandag spesiaal by die wêreld afgelewer. Ook by jou. Moenie te vinnig by vandag verby hardloop nie. Dis nie maar net nog 'n dag nie. Nee, vandag is uniek, onherhaalbaar. Daar's net een dag soos vandag. Nooit weer sal daar 'n dag soos vandag wees nie. Elke sekonde, elke minuut, elke uur is uniek. Gebruik dit reg.

Begin vandag met wysheid. Besef God gee dit aan jou teen dieselfde skeppingspoed as wat Hy daardie heel eerste dag gemaak het. So ook die tweede, derde, vierde, vyfde en sesde dag. Vandag is 24 volle ure tot jou beskikking om saam met God te sing, te stap, te leef! Maar jy moet hierdie skeppingsritme doelbewus waarneem, voel en hoor. Jy moet aanwesig wees by vandag. Doen daarom elke oggend as jy wakker word 'n eenvoudige, maar belangrike oefening:

1. **Kyk** rondom jou vir 'n paar sekondes. Neem die nuwe dag bewustelik waar. As jy vroegoggend opstaan, maak seker jy sien die son opkom. Kyk rond totdat jy 'n paar voëltjies sien vlieg. Sien die nuwe lewe rondom jou in die dou op die gras en die wasem wat vars uit die grond opstyg. Kyk op na die wolke. Neem die die kleur van die lug waar. Doen dit in stilte. Die nuwe dag is God se manier om jou te herinner aan 'n porsie nuwe lewe wat ook joune is.
2. **Voel en hoor** eerste die skeppingsritme van 'n nuwe dag, nie jou eie mensgemaakte, gejaagde weergawe hiervan nie. Moenie die TV aanskakel as jou oë oopgaan nie. Los die oggendkoerant ook vir 'n wyle eenkant. Ignoreer jou selffoonboodskappe en e-pos vir 'n rukkie. Moenie met jou kop in jou werk indompel as jou gedagtes in rat kom nie. Raak eers rustig. Voel die oggendkoue; hoor die vreugde van singende voëltjies in die lug; ervaar die blydskap van jou



stertswaaiende hond wat jou verwelkom, of ‘n huiskat wat al skurend kom môre se.

3. **Ruik** die nuwe dag se varsheid deur ‘n paar diep asemteue. Ruik ‘n blom of die veldgras se geur. Onthou dan: God het dit alles gemaak.

### **b. Moenie vandag se spoedgrens oorskrei nie**

Almal jaag. Daarom dat alles vandag in kitsverpakkings kom vir blitsvinnige mense. Kitskos, kitsoplossings, kitsdieëte, kitsgodsdien. Alles moet in ‘n japtrap werk. Die Here is egter nie so haastig soos vandag se kits-mense nie. Hy het een dag op ‘n slag gemaak, daarvoor gesing en bly gewees. Toe het Hy rustig ‘n volgende dag uitgekies om verder mooi te maak met sy versorging en liefde. Nou nog volg God hierdie dag-tot-dag ritme. Ons moet in pas met sy skeppingsritme leef as ons die regte leefspoed wil handhaaf.

Een dag op ‘n slag; dit was God se spoed toe Hy aan die begin die wêreld geskep het. Dis sy kreatiewe spoed, sy werkspoed, sy loopspoed. Hierdie dag-tot-dag ritme is ook veronderstel om ons basiese leefspoed te wees. Moenie dit oorskrei nie. Dan ooreis en vermoei jy jouself. Jy is nie gemaak om teen ‘n week per dag te leef nie. Of teen ‘n maand per dag nie. Ook nie teen 180 km per uur nie. God se ritme is stapspoed. As Hy moes leer loop saam met sy skepping, dan moet jy ook. As Hy sy spoed moes verminder vanaf ewigheidspoed na mensespoed, hoekom kan jy dit nie ook doen nie? Anders leef jy te vinnig vir God. En dis lewensgevaarlik. Glo my!

### **c. Maak die meeste van nou**

*Mense én tyd is kosbaar. Tree met respek teenoor beide op*

Skuldgevoelens word maklik ‘n deel van ons daaglikse lewe. Daar’s altyd te veel om te doen in te min tyd. Daar’s wie weet hoeveel impulse wat elke dag inspeel op ons almal. Gedurig word ons aandag opgeslurp deur belangrike en onbeplande dinge. Net wanneer ons mooi op koers is met ‘n bepaalde saak, trek tien nuwe dinge ons aandag af. Dis so moeilik om gefokus te bly, om rustig te leef, wat nog te sê, veral vir vandag te leef. Die resultaat? Wel, meeste van die tyd laai ons nuwe skuldgevoelens op ons skouers, wat in elk geval reeds te smal is om ons “normale” laste te dra! Daar’s nie ‘n probleem op die horsion nie, of ons voel daarvoor skuldig. Daar’s altyd nog ‘n afspraak, nog ‘n besoek, nog ‘n vergadering, nog ‘n doodlyn wat ons moet haal. Dit hou net nooit op nie. Daar’s nooit ‘n oomblik se rus nie.

Dis onrealisties om stadiger te hardloop, sê die meeste mense. Natuurlik, want die regte wêreld gun niemand of niks nie hierdie luukse nie. Maar het hierdie sogenaamde “realiste” in die “regte wêreld”, wat hulleself van sonop tot sonop stukkend leef, die

finale sê oor jou en my lewe? Wie sê ons mag nie 'n ander leeftempo as hulle handhaaf nie? Wie is al daardie ongedefinieerdes om ons lewe te wil bestuur en beheer?

As dit waar is dat “sommiges,” “hulle,” “die skool,” of selfs “die kerk”, die reg het om ons lewe te beheer, dan is ons mos slagoffers van “hulle”! Dan is ons “hulle” gevangenes. Dan word ons of vrywillig, of teen ons wil, onder huisarres gehou. Dit durf nie gebeur nie, nie as ons op God se pad stap nie. Want Hy het ons vry gemaak, vry genoeg om daagliks goeie keuses te maak.

Ons is vry om vir onself te praat en te dink. En om ons tyd wys te bestuur. Niemand het alleenreg op ons nie. Niemand besit ons nie, nie ons werk, die kerk, of die res van die lewe nie. Net God alleen mag hierdie eksklusiewe aanspraak op ons elkeen se lewe maak. Ons durf nie gevangenes wees nie, nie van ander mense nie, nie van ons dagprogramme nie, ook nie van die gejaagde lewe rondom ons nie. Ons mag nie soos slawe agter alles en almal aanhardloop nie.

Kry vandag se prioriteite vandag al in plek. Besluit wat daardie een of twee sake is wat jy en net jy alleen vandag moet doen. Doen dan net dit. Laat staan die res. Jy kan nie alles vir almal wees nie. En jy hoef ook nie. Dan's jy op die ou end niks vir niemand! Jy hoef nie elke probleem op te los of uit te sorteer nie. Jy hoef ook nie 'n opinie oor alles te hê nie. Moenie toelaat dat almal hulle probleme joune maak nie. Besluit elke keer wie se probleem dit is en hanteer dit daarvolgens. Moenie skuldig voel oor ander se gemors wat hulle op jou skouers probeer afpak nie. Paulus sê ons moet mekaar se laste dra, nie mekaar se skuldgevoelens nie. Daar's 'n groot verskil! Ons moet doen wat ons kan en help waar ons kan, maar ons kan nie ander se lewens namens hulle leef nie. So 'n tipe leefstyl is die ideale resep vir skuldgevoelens en 'n gejaagde lewe. Laat staan dit.

Kies om vandag meer op daardie verhoudings te fokus waarbinne jy jouself wel deur die loop van die dag bevind. Maak iets moois en spesiaal van elke oomblik in die geselskap van diegene met wie jy tyd wil en moet deurbring. Verander dit in prima-tyd. Moenie by kosbare oomblikke verbyhardloop bloot net omdat jou dagboek dit van jou vereis om weer by 'n volgende afspraak te wees nie. Doen 'n slag die hele dag lank wat jy gewoonlik doen as jou foon lui. Wanneer dit gebeur sny jy mos alle ander gesprekke waarmee jy op daardie einste oomblik besig is af om jou telefoon te antwoord. Beskou asseblief vandag as 'n reuse telefoon oproep wat jou dagbeplanning van gister en eergister deurmekaar kom krap het. Luister na vandag se oproep. Net dit. Dan doen jy meer as genoeg.

Daag 'n paar oomblikke laat op vir 'n vergadering wat in elk geval vervelig gaan wees en nie hemel en aarde gaan skuif nie, as om by jou kind, jou man of vrou, 'n goeie vriend, of iemand wat regtig 'n stukkie van jou tyd nodig het, verby te leef. Moenie “afwesig aanwesig” wees nie. Luister vandag elke keer goed as iemand met jou praat. Moenie tussendeur aan “belangriker” dinge sit en dink nie. As jy vir 'n oomblik of twee in die

geselskap van die petroljoggie by die vulstasie is, wees daar. Wanneer jou tuinhulp, of die persoon voor jou in die winkel se ry vinnig iets met jou wil deel, wees ook daar! As jy met die kassiere by die bank gesels, wees aanwesig. Tyd is kosbaar. Mense nog meer! Beide is slegs hier en nou beskikbaar. Hanteer tyd en mense met groot respek.

#### **d. Plant vandag saad**

*We know nothing of tomorrow, our business is to be good and happy today  
- Sydney Smith*

Die ewige God is ook die God van vandag. Sedert Hy tyd geskep het, maak elke nuwe dag vir Hom saak. Elke dag is nog 'n 24 uurlange geleentheid om God te eer en jou lewe te wy aan die goeie dinge wat Hy wil hê jy moet doen. Moenie vandag vermors nie. Elke saadjie wat jy vandag plant, het ongelooflike potensiaal om van vandag af 'n verskil te maak. Hemelse saad wat vroegoggend geplant word, het die potensiaal om voor die einde van die dag in 'n reuse boom te ontpop.

Elke woord, elke daad, elke gedagte, hoe groot of hoe gering ook al, staan die kans om die wêreld vandag al anders te maak. Vra maar vir daardie weduwee in Lukas 21 wat op 'n dag haar laaste sente in die skatkis in Jersualem gegooi het. Daar op die plek het die brandarm vroujie se sente in die hemelse skatkis ge-eggo en haar oombliklik in 'n hemelse miljoenêr verander. Vra ook vir die vroujie in Markus 14 wat al haar geld spandeer het om Jesus se voete te salf. Net daar het Jesus aangekondig dat mense vir altyd oor haar sal praat. Hierdie twee vroue sal dadelik vir jou sê hoe belangrik elke saadjie wat in die hemelse saailand geplant word reeds vandag is. Die kleinste dingetjies het vandag die potensiaal om hemel en aarde daar op die plek te skuif.

Vandag is die saailand vir elke groot droom, elke nuwe plan in die koninkryk. Plant dit in die Here se bedding voordat die son sak. Moenie vanaand gaan slaap voordat een van jou drome vlerke gegee is nie. Saai vandag goeie nuus saad op elke plek waar jy 'n vingerafdruk agterlaat. Sorg dat jou woorde gelaai is met evangelie-nuus, jou hande en voete ook. Hemelse saad het oneindige potensiaal, hier en nou al.

Vandag het plofkrag, trefkrag, veranderingskrag. Dis gelaai met oneindige moontlikhede. Soos 'n ryp vrug wag vandag om gepluk te word. Wees daar. Daag op. Moenie stokkiesdraai wanneer vandag jou pad kruis nie. Vandag gebeur net eenmaal, nooit weer nie. Môre is te laat vir vandag. Môre is toekomsmusiek. Dis nog 'n hele dagreis ver. Moenie weens 'n gebrek aan belangstelling onbetrokke langs vandag se kantlyn stelling inneem, of saam met die res van die hooploses wag op beter dae in moederverloor se vlakte nie. Nee, draf asseblief vandag uit. Wees op die speelveld as jou naam vandag uitgelees word. Want die spel van die lewe gebeur net vandagin regte tyd.

## V. God sorg een dag op ‘n slag

### Lina se storie

Lina du Plessis is ‘n merkwaardige vrou. Haar passie vir die Here verstom my. Sy leer minderbevoorrgetes, en soms ook meer bevoorregtes, hoe om koninkryksbesighede op te rig. ‘n Ruk gelede het die *ekerk*, waarvan ek die redakteur is, haar na Malawi toe gestuur om kerkleiers te gaan toerus.

Nou ja, Blantyre se townships is nie aldag die luukse plekke op aarde nie. Intendeel. Soos wat Lina sê, die term ‘Lodge’ het skielik vir haar ‘n nuwe betekenis gekry. Geen warm water, behoorlike sanitasie of sommige van daardie ander luukshede van die lewe wat jy gewoonlik met “lodges” assosieër, het haar begroet in die plekkie waar sy oorgeslaap het nie. Die “lokaal” waar sy die kerkleiers toegerus het, was ‘n stukkie grond wat met besems skoon gevee is en wat voor die tyd aanmekaar geflans is met ‘n klompie takke om darem bedags skadu te gee.

Lina se gashere se motor het geen petroltenk gehad nie, slegs ‘n plastiese houër voor in die enjin wat elke kort-kort opgevol moes word. Die motor het ook geen aansitter gehad nie. ‘n Paar flukse hupstote het dit telkens aan die loop gekry. Pap, brood en sous was almal se standaard-kos, met so ‘n paar verdwaalde stukkies vleis tussenin. Maar sy vertel dat hierdie mense ‘n vreugde ken wat sy nog nie eintlik onder Westerse Christene raakgeloop het nie. Met hulle self-vervaardigde kitare en klingelende koeldrankdoppiedromme het hulle die Here elke dag oordadig geloof. Die Here se liefde het uit hulle gestraal.

Daar in Blantyre is die kinders van die kerkklidmate ook nadergewink wanneer Lina begin leer het. Hulle moes saam met volwassenes die goeie nuus hoor uit die mond van “pastor Lina” wat deur die “kerk in die lug” uit Suid Afrika na hulle toe gestuur is. Op die laaste dag het Lina besluit om vir die kinders koekies te gaan koop. Hulle is so verskriklik arm en ‘n klein vreugdetjie soos koekies, wat ietwat buite die bereik van die meeste ouers se karige inkomste was, sou ‘n ekstra stukkie geluk in hulle lewens laat instroom.

Lina het by een van die mense uitgevind dat daar sowat 40 kinders elke dag teenwoordig is. Sy het genoeg koekies gaan koop dat elke kind darem meer as een kon kry. Toe, na haar laaste lesing, het sy vir die kinders gesê om hulle koekies te kom haal. Skielik het ‘n groot massa kinders op haar toegesak, baie meer as die verwagte 40. Goeie nuus soos gratis koekies versprei immers soos ‘n veldbrand tussen diegene wat soveel minder as ons het.

Lina was toe in die moeilikheid. Die winkel waar sy die koekies gekoop het was te ver en die kinders heeltemal te veel. Verleë het sy die Here gevra om asseblieftog te voorsien. In

haar stilligheid het sy gewonder of sy dit ooit mag vra. “Het die broodvermeerdering van Jesus beteken dat die brood skielik meer geword het,” het Lina gedink terwyl sy die een koekie na die ander in die horde gretige handjies plaas. Intussen het haar koekies steeds minder geword.

Benoud het Lina gebid en aanhou uitdeel sonder om op te kyk. Sy wou nie, want sy was so bang om die teleurstelling in hulle oë te sien wanneer die koekies opgeraak het. Totdat daar net ‘n laaste koekie oor was. Verleë het sy dit in die hand van ‘n uitgesteekte handjie gesit. Toe moes sy opkyk om askies te sê oor die lekkernye wat opgeraak het. Maar daar was niemand anders oor nie, net die laaste kindjie met ‘n laaste koekie in die hand. Lina kon haar oë nie glo nie. God het voorsien. Net mooi genoeg. En dis elke slag meer as genoeg!

### **Toekoms-spoed is dodelik**

*It takes all the running you can do, to keep in the same place. If you want to get somewhere else, you must at least run twice as fast as that!*

-  
-

*The Queen, Alice in Wonderland*

Lina het op water geloop na hierdie ervaring. Sy het God op ‘n verrassende manier in werking gesien. Sy het ontdek dat Hy een dag op ‘n slag werk; dat Hy altyd be-tyds is; dat Hy elke slag net mooi genoeg gee. Die meeste van ons het hierdie groot geheime lankal langs die lewenspad verloor, verloor of vergeet. Of, nog erger, ons weet nie eens hiervan nie. Ons vermors te veel energie in ons gejaag agter lewelose dinge aan. Dalk is dit hoekom ons nooit meer tevrede is nie.

Gelukkig is God anders as ons. Nie net verskil sy werkspoed drasties van ons s’n nie, maar Hy deel elke dag meer as genoeg vreugde uit aan elkeen wat dit teen sy daaglikse ritme wil ontvang, al gebeur dit in die vorm van ‘n paar koekies in Blantyre wat ‘n dag met vreugde vir kleintjies vul. Kan jy net dink watter opgewondenheid daar in die hemel was toe Lina twyfelend-gelowig op daardie klein kolletjie in die heelal gebid én gewerk het.

God se werkritme op aarde is steeds een dag op ‘n slag. Hierteenoor leef die meeste van ons teen woeste, 180 km per dag, snelhede. Ons jaag ons vandag al dood om vir môre voorsiening te maak. Trouens, ons hardloop so verskriklik vinnig rond dat vandag eintlik maar ‘n goor, sinnelose affêre geword het. Ons weet amper niks van daardie lewensvreugde wat Blantyre se Christene ken nie, met ons baie besittings, geld, karre, huise en al.

Ons stresvlakke is hemelhoog en ons lewensgeluk laag. Want ons dink ons moet ons eie toekoms verseker. Ons moet al hoe meer dinge in al hoe minder tyd vermag. Eenvoud het plek gemaak vir kompleksiteit; hier en nou is ingeruil vir die toekoms; verhoudings is

vervang met besittings; egtheid is verkwansel vir kunsmatigheid; warmte is gesmous vir koudheid; daaglikse vreugde is verplaas deur lewensmoegheid. Tussendeur probeer toekomsgedrewe mense ook nog God se seën oor hulle dolle gejaag na wie weet waarheen afbid. Soos wat iemand eendag vir my gesê het toe hy my gevra het om vir hom te bid: “ek moet darem net seker maak dat ek die regte ‘top-cover’ het!” Verbeel jou!

Mense werk hulle vrywillig dood vir een of ander onbekende toekoms. Is dit nie ironies nie! Die meeste is dood nog lank voordat hulle by daardie “groot” toekoms aanland waarop hulle al hulle hoop plaas. Dit gee aan die woord “doodwerk” ‘n nuwe betekenis, of hoe! Werkoholiste se dood-leef leefstyle neem wêreldwyd epidemiese afmetings aan.

‘n Ruk gelede het ek op een van die *ekerk* se weeklikse epos boodskappe geskryf dat ons as Christene die guts moet hê om ook vir vandag te leef en dat ons die toekoms in God se hande moet oorlaat. Iemand het haastig teruggeskryf en vir my gesê dat ek moet bykom en in die regte wêreld begin leef, daar waar mense elke dag twaalf ure moet werk om te oor-leef. Hy het bygevoeg dat hyself teen hierdie pas leef om vir sy vrou en kinders ‘n behoorlike toekoms te verseker. Eendag vorentoe sal hy en hulle die voordele van hierdie “goeie” keuse pluk. Ek wonder! (Trouens, ek het so ernstig begin wonder oor sy brief dat hierdie boek die resultaat hiervan is. Dankie onbekende doodwerk-vriend.)

Mense se leefspoed verander hulle in vreemdelinge vir hul eie familie omdat hulle te besig is vir mekaar. Hoe tragies dat mense by diegene wat die heel naaste aan hulle is verbyjaag om te probeer verseker dat hulle almal darem iewers in die toekoms gelukkig bymekaar kan wees. Dit verander hulle in “onbekende bekendes” vir mekaar. Wie bluf nou vir wie?

Is die toekoms hierdie dolle gejaag werd? Is dit stukkende huwelike, verbrokkelde gesinsverhoudings, gebrekkige vriendskapsverhoudings, en die ergste van alles, ‘n dooie verhouding met God werd? Verseker nie! Nou vir wat neem ons almal dan slaafs aan hierdie sinnelose rotteresies deel? Die enigste wenners is die rotte. Wil ons regtig langs hulle op die “wennersrostrum” staan?

### **Leer by jou gewese makelaar en jou oorlede vriende**

*There is nothing wrong with making mistakes. Just don't respond with encores*

Soos wat dit maar in enige beroep gaan, is daar ook slegte makelaars. (Wat ek hier skryf, is regtig nie ‘n veralgemening nie, maar ‘n verwysing na daardie groepie makelaars wat hulle kliënte soms tot hul eie voordeel opgebruik.) In elk geval, party makelaars weet mos presies hoe lank jy nog oor het om te leef. Hulle weet boonop presies hoeveel geld jy in jou sak moet oorhê vanaf die dag dat jy aftree tot by jou dood. Wanneer hulle dan op ‘n dag half meewaardig na jou bestaande polisse of annuïteite kyk, skud hulle net hul kop in

skok met daardie verdoemende woorde op hulle lippe: “Vriend, jy het groot probleme. Hoe gaan jou arme familie dit maak as jy voor die tyd jou laaste asem uitblaas?”

Net daar op die plek is jy dan slag gereed om al jou swaarverdiende geld te spandeer aan een of ander reuse polis of lewensdekking wat sal maak dat jy binnekort veel meer werd is dood as lewend. Dan betaal jy jouself vir jare lank morsdood aan daardie versekering terwyl jy van maand tot maand nie ‘n sent oorhet om van te leef nie. Dit veroorsaak dat jy dan net nog harder moet werk en selfs nog meer tyd weg van jou gesin af moet deurbring sodat hulle darem eendag ‘n goeie toekoms kan hê! Klink vir my al te veel na ‘n gekheid wat jou eerder in ‘n donker put van stres, siekte en doodwerk insuig. En ek glo juis nie dat donker putte vir mense bedoel is nie, maar vir water.

Hartseer dat so baie mense dikwels beter vir die toekoms voorsiening maak as vir vandag. Terwyl baie hulleself omtrent nie kan roer nie omdat al hulle geld vas is in dinge soos motors, huise, vakansieplanne, polisse en ander geldmaakskemas wat dalk eendag kan help (of nie!), is hulle lewens hier en nou een groot bondel stres. Dis te sê, as hulle darem nog leef om die rillerstories oor te vertel.

‘n Malle gejaag ter wille van ‘n droom van meer dinge en geluk iewers vorentoe is die voorland van miljoene mense wêreldwyd. Dis amper net so goed soos om volspoed in sesde rat op ‘n sementmuur af te jaag sonder remme, sonder enige lewensgeluk, sonder vriende, sonder familie en sonder God. Dis daardie “*alleen tuis-sindroom*” op die heel ergste.

### **Kom in pas met God se versorgingsritme**

*To choose time is to save time  
- Francis Bacon*

God se kreatiewe spoed gebeur teen die pas van een dag op ‘n slag. Dit het ons vroeër in die skeppingsverhale in Genesis 1 en 2 ontdek. In porsies van 24 uur op ‘n slag het Hy die wêreld in aansyn geroep. Nou ja, helaas het die eerste mensepaar kort daarna ‘n baie slegte wêreldrekord opgestel deur die wêreld binne ‘n paar sekondes totaal te verwoes. In elk geval, God se werkspoed het deur die geskiedenis nooit by die daaglikse gebeure van sy mense verbygeflits nie. Vat maar die verhaal van sy volk daar in die woestyn tydens die uittog in Egipte. Hulle was skaars ‘n maand of twee onderweg uit die land waar hulle so swaargekry het, of hulle het begin steen en been te kla. So vertel Eksodus 16.

Die Israëliete wou op die plek terugkeer na Egipte toe, daar waar hulle ten minste kos gekry het om te eet. Hulle wou liefs in die Egiptiese dodesel sit met ‘n gewaarborgde laaste maaltyd as om in die woestyn op die Here se versorging staat te maak. Toe het hulle by Moses loop kla.

God het gelukkig ook hulle murmurings gehoor en besluit om iets daaraan te doen. Hy het gesê dat Hy vir hulle manna uit die hemel sou gee. Elke oggend voor dagbreek sou daar manna rondom die tente van die Israeliete wees, presies genoeg vir elkeen om te eet. Hulle moes dit vroegdag optel, anders sou dit later deur die dag sleg word. Net op die dag voor die sabbat kon hulle genoeg vir twee dae optel. Dan het die manna nie sleg geword nie, maar op al die ander dae was daar net genoeg kos vir een dag op 'n slag. Dit het nie gehelp om meer as een dag se voorraad op te tel nie, soos wat 'n paar gulsige Israeliete spoedig agtergekom het. Want, soos wat Eksodus 16 vir ons leer, almal het op die ou end ewe veel gehad... net mooi genoeg!

Nee, die Israeliete kon nie ses maande se manna op 'n slag iewers in 'n stoor wegbêre nie. Nie eens so min as 'n week s'n op 'n keer nie. God se ritme van kosvoorsiening was altyd een dag op 'n slag. Netsoos met sy skeppingsritme, het God hier in die woestyn sy versorgingsritme amptelik op een dag op 'n slag vasgestel. Aangrypend! Van daardie eerste dag af dat Hy die skepping laat gebeur het, hou Hy steeds getrou by daardie ingeboude ritme. Of dit nou die skepping self, of die versorging van die skepping is, die ritme is altyd een dag op 'n slag! Die hemelse punt is dus dat vandag ongelooflik baie saakmaak vir God. En dat ons basiese behoeftes elke dag ontsettend baie vir Hom tel. God red nie net ons siele en laat ons dan op ons eie oor om wenpaal toe te strompel nie.

### **Gaan tel jou daaglikse porsie op**

*For fast acting relief, try slowing down  
- Lily Tomlin*

God het regte kos op die Israeliete se voorstoep neergesit. Elke dag soos klokslag was dit daar, net mooi genoeg vir daardie dag vir almal in elke familie. Nie te min nie, maar ook nie te veel nie. Presies genoeg vir elkeen om daardie dag van te leef. Die mense moes dit maar net gaan optel. So maklik soos dit. As hulle verslaap het, dan was dit daardie dag egter neusie verby vir hul porsie manna. Nee, God het nie die kos ook nog in hulle monde gesit nie. Of hulle gedwing om dit af te sluk nie. Die Israeliete moes maar net hulle kant bring deur af te buk en hul daaglikse porsie kos op te tel.

God se goedheid onthef ons nie van ons verantwoordelikheid om hard te werk nie. Hy laat ons nie handjies gevou agteroorsit terwyl manna vanself in ons yskaste en kookpotte beland nie. Maar Hy verwag aan die anderkant ook nie dat ons soos slawe van vroegdag tot laatnag jaar in en jaar uit moet werk nie. En boonop in hierdie proses by Hom, ons familie en vriende en by almal langs die lewenspad verbyjaag nie. Daarom gee Hy vir ons elke dag genoeg lewensmiddele om te oor-leef. Hy gee kos en klere vir elke dag.

God wil hê ons moet ons plig voor Hom vandag nog nakom deur ons daaglikse porsies manna self op te tel. Mōreoggend sal daar weer 'n nuwe porsie manna wees. En oormōre, solank as wat daar nog 'n nuwe vandag in ons lewe aanbreek, sal manna telkens op



gewone en verrassende maniere ons voorstoep opdaag met komplimente vanuit die hemel. In gewone taal gesê, God gee basiese noodsaaklikhede soos werk, brood, klere, lewensmiddele en alles wat ons elke dag benodig uit genade aan ons.

Kleingeloof neem oor wanneer ons dink ons gaan nie vandag of môre genoeg hê om elke dag van te leef nie. Kleingeloof wen wanneer ons dag in en dag uit soos slawe begin werk om te voorsien in al ons behoeftes en nie vir God op sy woord vat dat Hy elke dag manna aan al sy kinders uitdeel nie.

Dis 'n mosie van ongeloof in God om te werk asof alles wat ons nodig het om te oorleef net van onself afhang. Dis nie waar nie. God is die Voorsiener. Hy doen dit op natuurlike, en soms op bonatuurlike, maniere. Al moet God partykeer engele stuur om klippe rondom ons in brood te verander, dan sal Hy dit ook doen. Dis immers sy belofte, sy onbreekbare hemelse waarborg dat Hy elke dag sorg vir sy kinders na liggaam en siel. God gee genoeg. Hy sorg vir ons in afgemete 24 uur per keer porsies.

God sorg. As jy jou koppie hemelse genade gedrink het, dan kan jy nie anders nie as om Hom oral raak te sien. Hemelse manna is 'n daaglikse oog-oopmaker vir die ware feite. Daarom moet jy asseblief die geestelike dissipline bemeester om jou manna dag na dag te gaan haal. Gaan tel jou afgemete porsie hemelse kos elke oggend op voordat die hitte van die dag dit laat wegs melt. Sien dan hoe God sorg.

### **Hoe tel jy nou weer hemelse manna op?**

'n Porsie manna per dag – dis hoe God vir sy mense sorg. Maar hoe kry ek dit fisies in die hande? Eenvoudig, Jesus leer my presies hoe in die *Ons Vader* (Matt 6; Luk 11)! Hy sê ek moet dit net van God afbid met die volgende woorde: “*Gee ons vandag ons daaglikse brood!*” Dis hoe ek my hemelse manna elke dag ontvang. Ek gaan smee dit in die geloof van God af. Met bedelaarsklere gaan staan ek by die hemelse hekke. Met leë hande kniel ek voor God omdat ek net mooi niks in ruil het om vir Hom aan te bied nie. Ek het niks as teenprestasie of betaling vir hemelse brood nie. Ek vra God maar net kinderlik gelowig vir dit wat ek vandag nodig het. Dan ontvang ek dit ook op presies dieselfde manier.

Te veel van ons is op geestelike hongerstaking. Ons is propvol bekommernis, ongeluk, stres, haat, vrees en negatiewe dinge omdat ons nie ons daaglikse porsie hemelse kos gelowig by God gaan bedel nie. Hoor dus weer wat Jesus sê as Hy ons leer bid: : “*Gee ons vandag ons daaglikse brood!*”

#### **\*GEE**

Dit veronderstel 'n smekende, pleitende versoek. Nee, dis nooit 'n bevel nie, maar 'n smeekbede wat kinderlik-gelowig uit my hart uit kom.

**\*ONS**

Dis elke keer spesifiek, nooit vaag nie. Dit gaan oor ons as bidders en oor daardie mense vir wie ons intree, dit gaan oor “ek en/of ons wat smeek.”

**\*VANDAG**

God se werkstyd is vandag, nie eers môre nie. Daarom vra ons vir vandag ons porsies hemelse goedheid. Ons bid vir brood binne God se gunsteling werktyd.

**\*ONS DAAGLIKSE BROOD**

Ons vra dat God presies dit wat ons nodig het om vir Hom te leef aan ons sal skenk. Ons bid vir alles wat ons nodig het na liggaam en na gees om Hom te ver-Heerlik en om gelukkig in sy teenwoordigheid te wees, niks meer nie, maar ook niks minder as dit nie. Brood sluit in noodsaaklike lewensmiddele sowel as die basiese behoeftes wat ons in staat stel om elke dag menswaardig te leef.

**Bid ‘n slag eerlik net vir vandag se brood**

*Prayer has the power to change mountains into highways*

*-Wesley L. Duwel*

Ek het onlangs ‘n skokkende ontdekking gemaak. Ek het besef ek is nie te ernstig as ek bid: “Gee ons vandag ons daaglikse brood” nie. Want ek het eintlik oorgenoeg kos en klere om vandag deur te sien. Selfs môre ook. Inderwaarheid kan ek heel goed regkom vir die volgende maand of twee, want daar’s genoeg geld in my beursie om sommer gou-gou na die supermark toe te ry om brood vir ons huisgesin te koop. En ‘n hele hangkas of twee wat vol klere is.

As my vrou voor haar klerekas staan en sê: “ek weet nie wat om aan te trek nie,” is dit definitief nie omdat die klerekas leeg is nie. Dit kan ek jou verseker. Net so as ek sê ek weet nie wat ons vandag gaan eet nie. Dan is dit nie omdat al ons koskaste leeg is nie. Daar is tans so baie kos in ons huis dat ons straks ‘n tweede yskas moes koop om dit alles te bêre. Al eet my vriende en ek die hele nag deur, dan gaan ons nie al die kos wat op die oomblik in ons huis is opgeëet kry voor môreoggend nie.

Dis hoekom ek besef het ek is nie eintlik oor die volgende 24 uur se behoeftes bekommerd nie. Maar volgende maand en volgende jaar is ‘n heeltemal ander saak. Daaroor stres ek sommer vandag al. Gaan daar werk vir ons wees? En genoeg lewensmiddele? Gaan daar ooit geld wees vir die duur mediese versekering? En vir ons daaglikse uitgawes? Wat van ons huisweker en die tuinwerker se salaris? Om nie eens van die kinders se universiteitsuitgawes oor die volgende paar jaar te praat nie? Hierdie is migraine vrae! Of verbeel ek my?

Toe kom ek tot my skok nog iets agter: ek is nie die enigste een wat nie ernstig is as ek bid: “Gee ons *vandag* ons *daaglikse* brood” nie. Lyk my, baie ander mense rondom my het ook oorgenoeg kos en aardse middele vir minstens die volgende maand of twee. Dis toe dat ek besluit het om op die kantlyn so ‘n klein onwetenskaplike toetsie te doen by een of twee plekke waar ek onlangs opgetree het. Ek het vir mense die volgende tipe vrae gevra:

- *Wie het nie genoeg **kos** vir die volgende week/maand/drie maande nie?*
- *Wie het nie genoeg **geld** om te oorleef vir die volgende week/maand/drie maande nie?*
- *Wie het nie genoeg **klere**, of ‘n **dak oor die kop** vir die volgende week/maand/drie maande nie?*

Miskien was die mense net nie lus om hulle eie omstandighede in die openbaar voor almal bloot te lê nie, maar in al die gehore waar ek hierdie vrae gevra het, het jonk en oud my half verbaas aangekyk dat ek sulke onsinnige vrae vra. Almal wat teenwoordig was, het op daardie stadium genoeg aardse middele vir minstens drie maande op hulle naam gehad. Hulle sou vir die volgende 90 dae genoeg hê om eet, saam met ‘n dak oor hulle kop en genoeg klere aan hulle lyf.

Toe besef ek dat die meeste van ons wat in die meer bevoorregte dele van die samelewing leef (anders as in die plekke waar Lina du Plessis werk en baie mense in Suid Afrika bly) nie eintlik meer te ernstig bid vir vandag se brood nie, maar eerder vir toekomstige brood. Ons kom vandag net mooi niks kort nie. Daarom het ons die Ons Vader stilweg verander na: “Gee ons vandag ses maande van nou af se brood,” of: “Gee ons nou al volgende jaar se brood.”

Wat ons eintlik bedoel as ons die Ons Vader bid, is dat die Here vandag ‘n waarborg aan ons moet uitreik waarin Hy beloof dat Hy ook die toekoms se brood, salaris, werk, behuising en klere, aan ons sal gee. Sommer nou al die volgende jaar of twee s’n, dis wat ons vra. Vandag se brood is reeds in ons spens weggepak deur ons harde werk en ons eie pogings, maar as God asseblief tog net die toekoms s’n vandag al sal waarborg, dan is ons reg!

Of is ons?

Nee, glad nie!

Ons moet leer om elke dag as ‘n splinternuwe gawe uit die Here se hand te sien. Anders is ons toekoms-slawe. As ons dink ons het vandag reeds kant en klaar in ons agtersak en dat God se versorgingswerk eintlik eers oormôre aanbreek, dan mis ons die boot, daardie een waarvan Jesus die enigste Stuurman is. Dan is ons die jongste tragiese slagoffers van dieselfde simptome van bekommernis, swartgalligheid en moedeloosheid as waaraan soveel van ons nie-kerklike bure ly. Dan maak ons geloof g’n dooie duit verskil aan ons dag-tot-dag manier van leef nie.

## **Bid vir brood en kyk wat kry jy!**

Brood - dis wat die Here ons beveel om voor te bid. Nee, Hy sê nie vir ons om vir luukshede te bid nie, maar vir daaglikse noodsaaklikhede. Ons basiese behoefte is oorlewing. So het die bekende geleerde, Abraham Maslow, lank gelede reeds gesê. Heel onderaan die piramide van die lewe staan daar vir hom basiese oorlewingsbehoefte soos kos, 'n dak oor die kop en klere. Almal sonder uitsondering het dit nodig om te oorleef. Sonder kos kan jy nie veel langer as drie weke uithou nie, en sonder water is jy binne vyf dae tot 'n week dood.

God waarborg dat Hy minstens die heel basiese dinge wat ons elke dag nodig het om van te leef aan ons sal gee. Brood is die stapelvoedsel van biljoene mense op aarde. Dis nie 'n luukse nie, dis oorlewingskos. God waarborg minstens dit in sy kinders se lewe, teen die ritme van een dag op 'n slag! Dis die basiese Bybelse waarborg, die subminimum van God se voorsiening. Tog, in die praktyk, doen Hy meeste van die tyd veel meer as om net brood uit te deel. Glo my!

Al beveel God ons nie om vir vleis of nagereg te bid nie, is daar in die meeste van ons se huise baie meer as net brood op die tafel. Ons koskaste kreun met luukshede soos vleis, vrugte, koeldrank, tee en koffie, soetgoed... En dan kla ons van vroeg tot laat, terwyl daar twee sjokoladekoeke onder elke arm is, en twee of drie motors in ons motorhuis. Ons vertel vir almal rondom ons hoe sleg dit deesdae in die land gaan - dit terwyl die hemele bokant ons oop is. Ons wonder saam met al die klakouese waar alles heen gaan, terwyl ons nog elke jaar minstens op vakansie see toe gaan. Miskien tel ons nie ons daaglikse seëninge genoeg kere elke dag nie. Miskien tel ons dit nie meer een vir een nie. Ek vermoed dit sal ons in elk geval te lank besig hou!

## **Bid op die naam**

Ek het reeds verwys na George Barna wat in sy onlangse boek "Revolution" vertel dat 8 uit 10 kerkmense nooit iemand spesifiek in gedagte het as hulle vir ander se redding bid nie. Dis meestal sulke vae, algemene gebede wanneer kerklikes bid dat meer mense tot bekering moet kom. Hoe is dit moontlik? Wel, dit gebeur dalk omdat ons nog nie eerlik en uit die hart uit vir Jesus gaan vra het wat sy dissipels op 'n dag vir Hom gevra het nie. In Lukas 11 het hulle een van die belangrikste versoeke ooit aan Jesus gerig toe hulle gesê het: "*Here, leer ons bid.*" Toe het Jesus dit gedoen, daar op die plek.

Om een of ander rede dink baie van ons ons hoef nie geleer te word hoe om te bid nie. Vele kerkleiers dink blykbaar ook so, daarom dat daar so min gebedsonderrig in die kerk hier in ons dag plaasvind. Die somtotaal van die meeste mense se gebedsonderrig is lank

terug afgehandel toe hul ma's vroeëjare nog saam met hulle gebid het: "Heer Jesus ek is 'n kindjie klein...." Die res van ons "gebedsonderrig" het moontlik gebeur wanneer 'n pa dalk dieselfde tafelgebed oor en oor by elke dag se etes herhaal het.

Verder as dit kom die kerk nie aldag met gebedsonderrig nie. G'n wonder dat ons nie mooi weet wat ons bid as ons die Ons Vader bid nie. Ek wonder wat sal gebeur as God skielik al die gebede begin verhoor wat mense om elke kerklike hoek en draai bid? Dalk skrik ons onself morsdood. Het niemand nog ooit vir ons gesê dis gevaarlik om te bid nie?

God is die God van detail. As dit waar is dat sy skeppingsritme en sy versorging-ritme een dag op 'n slag is, dan is dit net so waar dat Hy in die kleinste detail van elke dag geïnteresseerd is. Hoe anders? Hy laat dan nie eens toe dat 'n mossie op die grond val sonder dat Hy daarvan kennis neem nie. Hy doen boonop ook nog die moeite om elke haar op ons kop te tel. Praat van gedetailleerde aandag! (Terloops, weet jy hoeveel hare val daaglik uit 'n gesonde mens se kop uit? 'n Volle 150 per dag volgens navorsers.)

Moenie in algemeenheid verval as jy vir daaglikse brood bid nie. Maak jou behoeftes baie spesifiek deur smeking, maar ook met danksegging aan God bekend, soos wat Paulus in Filippense 4 skryf. Weer eens, wees konkreet. As jy vandag brood broodnodig het, bid dan ernstig daarvoor. As jy werk nodig het, smee dit van God af. As jy mediese behandeling moet ondergaan, bid Hom om uitkoms en genesing. Moenie net bid as jy groot krisis in die oë kyk nie. Nee, bid vir die daaglikse detail in jou en jou dierbares se lewe. Bid vir brood! Vertrou God met die detail van elke moment van die dag.

Bid ook vir regte ander mense met regte behoeftes wat in regte adresse woonagtig is. Vandag is presies die regte tyd om vir hulle te bid. Moenie uitstel tot môre as jy vir iemand beloof het jy bid vir hulle nie. Môre is eintlik 24 uur te laat. Hulle het vandag hemelse versorging *broodnodig*. Bid ook vir die daaglikse behoeftes van jou kerk, jou dierbares en jouself by die naam. Daaglikse brood het altyd gesigte, name en adresse. Ook jou eie, maar nooit net jou eie nie.

### **Moenie vaag wees nie**

Baie mense se gebede is so vaagweg op die toekoms gerig. Is jy bekend met tipiese gebedsrefreine soos: "bring nuwe lewe in die kerk;" "stuur herlewing;" "verander sondaars se lewens;" "laat die misdaad ophou;" "wees met diegene wat oor ons regeer?" Oor en oor vra mense dat die Here iewers vorentoe in die toekoms dinge moet doen met ander mense sodat die kerk en die wêreld 'n beter plek kan word. Maar dit is gewoonlik vaag, onduidelik en nie aan bepaalde mense, planne of aksies gekoppel nie.

Dikwels eggo openbare gebede dieselfde taal en inhoud. In ander taal gesê: ons vra te veel kere dat ongeïdentifiseerde mense, of vaag geïdentifiseerde mense, soos “die kerk,” “eensames” “die polisie,” “ons jongmense”, “die kinders,” of “die oues van dae,” op ongespesifiseerde maniere geseën sal word, of dalk dat hulle sal verander.

Hoe het ons dit reggekry om so vaag en toekoms-gefokus te bid terwyl die modelgebed van Jesus ons juis leer om vir vandag en vir vandag se behoeftes by die naam te bid? Dalk gebeur dit omdat lang, mooi klinkende algemene gebede die kerklike norm geword het, eerder as eerlike en duidelike kort gesprekke met die lewende God.

Smeekgebede is bedoel om altyd by vandag te begin, nie by môre nie. En nee, dis nooit vaag nie. Dit gaan eerstens oor vandag se brood wat, soos wat ons hierbo gesien het, elke keer ‘n naam en ‘n adres het. In gewone taal gesê, as ek bid, dan vra ek dat God vandag in persoon X of Y se lewe sal werk op ‘n baie besonderse manier. Dan vra ek nie in algemene terme dat God byvoorbeeld met “ons leiers” sal wees nie, maar eerder dat Hy vir leier A die nodige wysheid sal gee om die regte besluit hier en nou te neem in ‘n bepaalde situasie. Dan bid ek ook vir leraar D op die naam en vir meneer of mevrou E by ‘n bestaande skool om besonderlik te vra dat God vandag vir hulle die regte porsie hemelse manna sal gee wat hulle nodig het om vir Hom te leef.

### **Môre ook, maar nie ten koste van vandag nie**

*I can feel guilty about the past, apprehensive about the future, but only in the present can I act*  
- Abraham Maslow

My familie en ek het al vir ’n paar jaar op verskillende plekke in die buiteland gewoon. Dit was elke keer kosbare ervarings. Ek onthou veral een gesprek tydens ons verblyf in Auckland met ‘n middeljarige Afrikaanssprekende immigrant wat ‘n groot indruk op my gemaak het. (Trouens, hierdie gesprek was ‘n verdere oorweging vir die skryf van hierdie boek!) Dit het begin met my vraag of hy darem gelukkig is in Nieu Seeland waar hy en sy familie reeds vir ‘n paar jaar woon. Sy antwoord het my effe onkant betrap. Hy het gesê dat hy elke oomblik daarvan haat en dat Nieu Seeland regtig ‘n fantastiese plek sou gewees het as dit nie vir al die Nieu-Seelanders was nie!

“Nou hoekom bly jy dan hier?” wou ek by onmiddellik hom weet.

“Ek is weg is uit Suid Afrika omdat daar geen toekoms is nie,” was sy reguit antwoord.

Dit het my kniediep in die moeilikheid gehad. Ja, ek weet van al die misdaad, moorde, geweld en wat nog alles. Ekself is amper een keer in ‘n motorkaping uit die lewe se spel gehaal. Maar dit help my nie as mense vaag is wanneer hulle praat nie. Daarom was my volgende vraag eintlik vanselfsprekend: “Watter toekoms? Bedoel jy die toekoms oor ses maande van nou af, of wat?”

“Nee, die toekoms oor tien jaar,” het hy eerlik geantwoord. “As die regering van Suid Afrika my veiligheid en stabiliteit in die land kan waarborg, is ek môre terug,” het hy ook bygevoeg.

Die *eks-pat* het nie van my daaropvolgende reaksie gehou nie.

“Jy bly dag na dag in ‘n ander land met groot ongelukkigheid in jou hart omdat daar volgens jou eers oor tien jaar in Suid Afrika groot chaos gaan wees. Weet jy hoeveel dae se lewe moet jy intussen ervaar voordat daardie tien jaar aanbreek? Nee, ek het slegte nuus vir jou, jy het die fout van jou lewe gemaak deur te kies vir ‘n lewe van ongelukkigheid. Jy het maar net vrees vir bitterheid verruil. Jy leef steeds vanuit jou negatiewe behoeftes en nie uit die Here se oorvloed nie.”

Ek het regtig geen geveg met mense wat wil emigreer, of dit reeds gedoen het nie. Inteendeel. Elkeen moet self voor God besluit op watter paar sentimeter van die koninkryk hulle tans hul roeping moet ervaar. Ek glo dat die hele wêreld God se huis is en dat die verskillende lande op aarde eintlik maar net kamers is wat aan dieselfde God behoort. As Afrikaanses oorsee gaan leef om sy vlag daar op ‘n paar stukkies verlore grond te help hys, laat dit dan so wees! Maar dan moet jou redes darem die basiese toets van die Skrif deurstaan!

As ek soms oorsee gaan optree, of deur ons **kerk** met buitelandse Afrikaners per e-pos gesels, dan besef ek keer op keer watter ongelooflike impak Afrikaanse gelowiges oral in die buiteland het. Dis mense met ‘n roeping om iewers in ‘n buitelandse kamer van die Here te werk. Maar om daar bloot ter wille van selfsugtige redes te wees, is myns insiens ‘n fout. Dis nie God se bedoeling nie, net so min as wat dit sy bedoeling is dat ek hier bly as ek juis elders op aarde moet gaan pad bou in sy Naam!

### **Mag ek, of mag ek nie?**

Beteken al hierdie gepraat oor die belangrikheid van vandag dat ek glad nie met my oog op môre mag leef nie? Moet ek ophou beplan vir die toekoms? Moet ek onverantwoordelik raak met my geld en al my polisse vandag kanselleer? Hoegenaamd nie. Natuurlik moet ek ook vir die dag van môre beplan. Ek moet dit verantwoordelik en goed ook doen. Die Spreukeboek roep my in hierdie verband op om by die miere te gaan leer. Hulle werk hard en spaar kos reeds in die somer op vir die koue wintermaande.

Nee, jy durf nie die toekoms ignoreer nie. Jy moet ‘n deel van jou geld ook wegbêre vir wintermaande. Jy moet diegene naby aan jou se belange op die hart dra in jou finansiële beplanning. Die toekoms lê immers nog voor, as God wil! Maar dis nie die punt van hierdie boek nie. Trouens, daar is meer as genoeg goeie, verantwoordelike stemme rondom jou wat jou op die regte maniere na die toekoms toe kan begelei. Maar ongelukkig is daar veels te min stemme wat jou terugruk na die realiteite van vandag toe. Helaas, vandag is die enigste tydsone waar jy die volgende 24 uur van jou lewe gaan

deurbring. Moenie dit deur jou vingers laat val nie. Koester dit en be-leef dit voordat jy jou visier op môre instel.

### **Die hemelse waarborg vir vandag**

God sorg. Die minimum hemelse waarborg aan al sy kinders is brood. Vandag al. Net vandag. Maar dis mos 'n fenomenale waarborg, of hoe? Want ons leef in elk geval net 'n dag op 'n keer. En God beloof Hy sorg meer as genoeg vir vandag, vir hierdie einste dag wat ons teen die hemelse ritme van een dag op 'n slag ontvang het. Wat meer wil ons dan nou hê?

In elke nuwe dag wat God aan ons gee, is daar iewers 'n stukkie brood weggepak. Hy waarborg lewe een dag op 'n keer. Ook waarborg Hy op elke dag wat Hy uit genade aan jou en my gee minstens een snytjie brood sodat ons daardie spesifieke dag kan oorleef! Hy gee genoeg vir die basiese behoeftes van elke dag. Daaglikse brood! Dis ons belofte direk uit die hemel. Tog het die meeste van ons vandag veel meer as net brood op ons tafels! Of het jy vergeet om in jou koskaste en klerekaste in te kyk terwyl jy so bekommer? Lyk my God bederf ons dus. Lyk my, Hy trek ons so 'n klein bietjie voor. Ons bid vir brood en Hy gee vleis. Ons vra vir 'n klere en ons kaste kreun onder die gewig van al ons klere. Ons bid vir 'n dak oor ons kop en nou het ons huise om in te bly. Praat van genade! Dit reën seën.



## VI. God maak jou een dag op ‘n slag nuut

### Wally se leefles

*Somebody should tell us, right at the start of our lives, that we are dying. Then we might live life to the limit, every minute of every day. Do it! I say. Whatever you want to do, do it now! There are only so many tomorrows*  
- Michael Landon

Wally de Silva was ‘n dosent in Hebreeus by Tuks waar ek vir amper 13 jaar lank ‘n teologiese prof was. Hy het ook nog in my studentedae vir my Hebreeus geleer. ‘n Paar jaar gelede, in 1999, het daardie groot “K-woord” Wally se pad gekruis. Hy is met kanker gediagnoseer, terminale breinkanker. ‘n Jaar daarna is hy oorlede.

Die laaste keer dat ek vir Wally lewend gesien het, was toe hy vir my ‘n kort hoofstuk gebring het vir ‘n boek wat ek op daardie tydstip saam met Jan van der Watt, Isak Burger, oorlede Murray Janson, Willem Nicol, John Wilkinson en Wally geskryf het, getiteld: *Christen hoe moet ek dan leef?* (C.U.M. 2000). Wally is ‘n paar weke daarna oorlede. Maar ek onthou hoe hy op sy eie manier vertel het dat hy sy lewe in daglange porsies begin leef het sedert hierdie kanker-nuus hom getref het.

Wally het tydens ons laaste geselsie vertel hoe hy ‘n rukkie tevore raakgesien het hoe ‘n blom in sy tuin oopgaan. Terwyl hy hom verwonder oor die klein wonderwerklike reg voor sy oë, het iemand ongestoord op die sypaadjie verbystap. Dadelik wou hy aan die voetganger uitskree: “Hoe kan jy by hierdie blom verbyloop? Sien jy dit nie raak nie?” Wally het God se liefde skielik in die detail van klein dingetjies ontdek. Saam met die berge, die kranse, die magtige oseane en die winde het sy al sagter wordende stem God elke dag geloof. Hy het gedurende sy laaste dae op aarde steeds in die regte koor gesing, daardie magtige “stil” skepping-koor wat God aanhoudend loof.

Nie een van ons weet of ons nog môre gaan leef nie. Ons het hoogstens vandag as ‘n geskenk uit die hemel, dis al! God waarborg slegs hierdie stukkie van vandag wat ons nou, op hierdie einste oomblikke, beleef. Hy deel lewe maksimum een dag op ‘n slag uit. Daar’s geen waarborge dat jy en ek die son môre weer sal sien opkom nie. Maar hierdie paar minute wat tot ons beskikking is, is daar vir leef, vir ervaar en uitleef tot eer van die Here.

Binne Wally se een-dag-op’n-slag leefritme het hy nie meer tyd of lus gehad vir worstel, of dom vrae vra nie. Hy het midde in sy siekte ‘n veel groter les geleer, naamlik om elke dag aan God vas te hou, en om elke stukkie lewe wat hy nog op aarde oor gehad het ten volle op te leef. Hier’s die laaste woorde wat Wally waarskynlik op papier neergepen het enkele weke voor sy dood:

### ***“My sterwe...***

*Ek is gereed. Die Here kan my maar kom haal net wanneer dit sy wil is. As ek net een wens sou kon uitspreek, dan sou dit wees dat Hy dit vir my moontlik sou maak om te sterwe soos wat ek probeer lewe het: ‘n dankie tot eer van sy Naam.”*

Ek het Wally nie weer hierna gesien nie, maar ek weet hierdie geloofsheld het die wenpaal veilig gehaal. Hy het behoue by sy laaste Bestemming aangekom. Maar watter lewenslesse het ek nie by Wally geleer tydens daardie laaste saamgeselsie van ons nie...

...Dat mens nooit mag ophou leef voordat die eindfluitjie geblaas het nie.

...Dat ‘n “geel kaart” nie beteken dat speelyd oor is voordat dit regtig oor is nie.

...Dat elke dag kosbaar en spesiaal is.

...Dat God lewe hoogstens een dag op ‘n slag waarborg.

...Dat ek elke stukkie tyd wat ek het moet uitkoop soos wat Paulus ook vir die Efesiërs skryf, want tyd is kosbaar. Dis min en aan die verbygaan.

...Dat ek so moet leef dat ek nie met verwyte opgeskeep sit oor die verbroude kanse wat ek langs die lewenspad deur my vingers laat val het nie.

... Dat God al sy kinders innerlik elke dag nuut maak, ook al vergaan ons uiterlik, soos wat 2 Korintiërs 4:16 leer.

### **Daardie een-dag-op-‘n-slag ritme gaan steeds voort**

Ek is steeds verstom oor die skatte wat ek in die Bybel ontdek het oor die feit dat die belangrikste dinge wat God doen altyd binne mensetyd gebeur, nie binne die groot raamwerk van die ewigheid nie. God se verbintenis aan menslike tyd en sy een dag op ‘n keer skeppingsritme het my heeltemal uitgeboul toe ek dit die eerste keer gesnap het. Nou nog is dit eintlik te groot om te oordink, wat nog te sê, behoorlik daaroor te skryf.

Genesis 1 en 2 het die afgelope jaar of twee ‘n splinternuwe betekenis in my lewe gekry. Dit het my net weer laat besef hoe naby God is en hoe gedetailleerd Hy by sy skepping betrokke is. Dit het my ook laat begryp dat God op ‘n dag sy ewige ritme moes verstel en aanpas binne die nuwe dag-tot-dag ritme van sy eie skepping wat Hy aan die begin in aansyn gepraat het. Nou verstaan ek so ‘n klein ietsie meer van God se liefde.

Nou weet ek miskien ook ‘n klein bietjie beter dat God nie ver is nie, maar naby. Hy is nie onbeweeglik nie, maar aan die beweeg. Vra maar vir die kerk daar in Openbaring 14:1-5 wat hoor dat die Lam van God nie net stilstaan daar op Sion nie. Nee, Hy is ook aan die beweeg, en sy kerk volg Hom waar Hy ook al gaan.

‘n Volgende ontdekking in die Bybel wat my net so verstom gelaat het, is dat God nie maar net een dag op ‘n slag opgetree het toe Hy die wêreld geskep het en daarna weer by

sy ewige ritme ingeval het nie. Nee, God werk vandag nog teen die spoed van een dag op 'n slag. Hy sorg steeds elke dag vir die doodgewone, en die nie-so-doodgewone, daaglikse brood in ons lewe.

Hierdie aardskuddende paar lesse hou my die afgelope jaar of wat besig. Ek probeer dit deurdink en die implikasies daarvan behoorlik onder woorde kry. Daarom kan jy dalk begryp hoekom ek so uit my vel uit van opgewondenheid was toe ek 'n derde groot les in die Bybel raakloop, naamlik dat God ook sy mense geestelik nuut maak teen die spoed van een dag op 'n slag. Drie geweldige dinge dus:

1. God skep een dag op 'n slag en verbind Homself daarna aan hierdie nuwe tydsritme wat binne sy skepping geld.
2. God versorg sy mense een dag op 'n slag. Daarom beveel Jesus ons om elke dag vir ons daaglikse brood te bid.
3. Dan, die derde groot les: God maak ons een dag op 'n slag van binne af nuut.

### **Elke oggend nuut**

*Well done is better than well said  
- Benjamin Franklin*

Klaagliedere is 'n Bybelboek propvol klagtes. Dis geskryf kort na die terugkeer van 'n klompie ballinge na die ruïnes van Jerusalem wat in die jaar 586 voor Christus deur die Babiloniërs verwoes is. Hierdie boek verwoord die terugkerendes se skok en afgryse oor die vernietiging en hooploosheid wat hulle daar in Jerusalem inwag. Hul glorieryke stad van weleer is nou een groot hoop rommel. Soos 'n verstote weduwee is sy verlate en besig om te treur oor haar skande en naaktheid. Tog besef sy dat die onreg wat sy ly aan haar eie oortredings en ongehoorsaamheid aan die Here te wyte is.

God se ongelukkigheid oor Jerusalem se oortredings word gereeld in Klaagliedere onder woorde gebring. In desperaatheid het Hy sy eens geliefde stad weggestoot en in die donkerte alleen gelaat. Die skrywer van Klaagliedere weet egter dat bekering die enigste manier is om die brug Godwaarts weer te herstel (3:39-42). Maar tussendeur, terwyl hy sy mense se pyn verwoord, breek 'n helder ligstraal tog in 3:21-38 deur.

Die belangrikste tree op die pad van hoop in Klaagliedere eggo in 3:21-22 as die skrywer sê dat, ten spyte van al die vernedering en mishandeling wat die mense van Jerusalem deurgemaak het, hulle nogtans nie vergaan het nie. Dit alles is net aan die liefde van die Here te danke. Daarom kan die skrywer steeds bly hoop, want te midde van al die onreg van hierdie lewe word God se liefde telkens weer sigbaar. Net wanneer almal die handdoek wil ingooi, verskyn Hy tot mense se redding.

God se ontferming hou nooit op nie. Mense hou soms van hulle kant af op om Hom lief te hê, maar daar is geen perke aan sy liefde vir sy aardse handewerke nie. Anders as ons, wat so sukkel om te vergewe, hou God nie aanhoudend boek van menslike onreg nie. Hy skeer graag sy swart notaboekie op. Dit is lynreg teen God se geaardheid dat Hy beproewinge soos dié wat die Israeliete deurgegaan het (as gevolg van hul eie ongehoorsaamheid) oor mense moet bring (3:31-33).

God sien raak as sy kinders voor Hom neerbuig en hulleself verootmoedig (3:29). Hy sien stukkende harte altyd raak. Die mooiste woorde oor God in die boek Klaagliedere breek juis deur in hoofstuk 3:22-23. Hoor net: “*Daar is geen einde aan sy ontferming nie, dit is elke môre nuut.*” Hemelse musiek te midde van haglike omstandighede! Dit beteken net een ding: God sing weer vir sy swaarkry-kinders. Soos wat Hy gesing het toe Hy geskep het, sing Hy nou as Hy sy mense nuut maak. God deel sagte salf uit. Hy droog seerkry trane af met genesende woorde. *God se trou is elke oggend nuut.* Hy begin elke dag van voor af. Ook op geestelike vlak. Hy maak ons daaglik splinternuut.

### **Daaglik kraakvars**

Daar is nie te veel tekste soos Klaagliedere 3:22-23 in die Bybel nie. Hulle is skaars, duursaam, kosbaar. Hulle is onbekend, onbeproefd, weggepak, onbemind, half vergete! Tragies maar waar! Maar gelukkig nou nie meer vir ons nie. Ons het hierdie teks vandag opnuut raakgeloop! Liewers, hierdie woorde het ons ontdek. Ons is vandag binne Klaagliedere 3:22-23 se visier. Nou mag ons nooit weer vir een enkele dag daarsonder leef nie.

Klaagliedere 3:22-23 vertel van God se een dag op ‘n slag nuutmaak plan! Hy begin elke dag oor en voor. *God se trou is elke oggend nuut.* So sê Hyself. God se lewensveranderende genade is elke oggend so kraakvars soos vanoggend se heel jongste nuus. Luister fyn, hoor weer: *God se genade is elke oggend nuut.* Nie net sy daaglikse porsie leefkos is nou rakvars op ons elkeen se lewensrakke beskikbaar nie. Dit ook, maar sy goedheid, sy hemelse lojaliteit teenoor jou en my wat aan Jesus vashou, is daaglik ook nuut. Hierdie genade is vandag steeds die beste antwoord op die pyne van ons ouer wordende, on-vars, terminale wêreld.

### **Oor en voor**

Ons raak partymaal te gewoond aan mekaar, amper soos daardie professionele sportsterre wat hulle opponente deesdae in die fynste detail bestudeer sodat al hulle bewegings later oorbekend aan mekaar is. Daar bly eintlik geen verrassings meer oor nie. Dieselfde gebeur ook tussen huweliksmaats, vriende, gelowiges en kollegas. Ons stereotipeer

mekaar gedurig en plak goor etikette op mekaar. “Ou so en so maak mos altyd so...” “Sy sê heelyd sulke nare dinge...” “Hy is ‘n regte buffel/vaakvis/skindermond...” Die gevolg is dat ons allerlei gedragspatrone en verdedigingsmeganismes ontwikkel om mekaar te hanteer, te uitoorlê en op die plek te sit. Soos wafferse rugbyspelers ken ons later al mekaar se buie, mannerismes, gewoontes en taal.

Gelukkig is God nie soos ons nie. Hy begin elke môre oor en voor met ons. Hy weier om ons met terme soos “sondaar”, “dooie gelowige,” “geestelike terugglyer” te etiketteer. En nee, Hy raak nooit gewoond aan ons tekorte en foute nie. Trouens, God kan dit nie uitstaan nie. Daarom vergeet Hy hiervan so gou as wat Hy ons vergeef. (Of glo jy nie Psalm 103 nie?) Daarom verander Hy ons dag na dag na sy ewebeeld (2 Korintiërs 3:18). God het ons nie maar net so gemaak en so gelaatstaan, soos wat iemand een keer vir my gesê het nie. Hy wil graag nog deur ons verras word. Daarom begin Hy elke oggend *tabula rasa* met ons. God wat so ongelooflik groot is kan steeds dag na dag aangeraak word deur ons berou en hartseer. Hy kan steeds daaglik opgewonde raak oor ons vreugde in Hom.

God se ritme is om *oor en voor* te begin. Sy genade wag elke oggend kraakvars, én met komplimente van die Heilige Gees, by ons lewe se voordeur. In ‘n sekere sin verval ons hemelse lidmaatskap elke aand as ons gaan slaap. Nee, darem nie regtig nie. Psalm 3 en 4 sê immers ons raak aan die slaap in die Here se arms! Maar op ‘n sekere manier sluit ons tog elke oggend weer van voor af by God se familie aan. Liewers, Hy wag ons elke oggend met oop arms in en verwelkom ons hartlik in sy teenwoordigheid.

Ons moet ons oë ‘n slag oopmaak vir die regte hemelse feite. Wanneer ons onself morsdood jaag van die een dag na die ander, wanneer ons elke oggend laat is as die huiskat voor ons inloop of as ons ons tandeborsel laat val, dan hardloop ons waarskynlik loshande onder ons daaglikse hemelse verwelkoming uit. Fout!!!

### **Elke dag is vol verrassings**

*Life's a dance. Put on your dancing shoes*  
- Steve Winwood

As die Here elke dag nuut begin, dan beteken dit Hy hou nie meer gister en eergister se mislukkings teen my nie. Hy vee dit uit; vergeet dit; kry dit agter Hom; dink nie weer daaraan nie; verwyder dit permanent uit die hemelse registers; gooi dit in die diepte van die see; skryf dit af... So is God, Hy's vergeetagtig wanneer dit by my en by sy ander kinders se foute kom. Ons moet dit maar net aan sy voete neersit en dit daar los.

God raak nie gewoond aan dieselfde ou ekke, soos baie ander mense wat intussen dalk aan my gewoond geraak het nie. Hy kan steeds deur my verras word, al is ek volgens party ander se opinie voorspelbaar, stereotiep, dieselfde, onveranderlik, vervelig. Wel, dis

nie waar nie. Ek kan verander. Nie uit my krag, of deur my eie toedoen nie. Maar God kan my verander. En Hy doen dit ook, een dag op 'n slag. Trouens, vandag is 'n uiters belangrike dag in sy hernuwingsprogram. Vandag is die dag van groot dinge, dis die dag om op die maat van hemelse musiek te begin dans.

Ek kan myself nie anders maak, of my eie foute deur blote wilskrag uitskakel nie. As my geestelike groei van myself afhang, gaan ek elke slag en elke dag 'n groot persoonlike gemors daarvan maak. Geloof gaan nie oor ek wat al harder en harder probeer om te doen wat God wil hê nie, maar oor die feit dat ek al hoe meer aan sy voete begin sit. In 'n vorige boek, *Vrygespreek* (2004), het ek die beeld van die wingerd in Lukas 13 gebruik om hierdie nutmakende werk van God te verduidelik. Kom ons maak vinnig weer by hierdie aangrypende gelykenis van Jesus 'n draai.

In hierdie gelykenis van die onvrugbare vyeboom leer ek dat die vyeboom nie vanself kan vrug dra nie. Maar die vyeboom kan tog wel sorg dat dit op die regte plek is, naamlik in die wingerd! In die wingerd is daar 'n hemelse Tuinier aan die werk. Sy naam is Jesus Christus. Hy spesialiseer in die verkeerde bome - onvrugbare vyebome. Hy dra hemelse bemesting en water aan vir elke beblaarde, onvrugbare boompie in sy wingerd wat pas 'n seisoen van grasia by die hemelse Eienaar gekry het. Dus - wees in die wingerd. Dis die groot geheim. Dit is die beginpunt van daaglikse verrassings.

### **Waar is die wingerd vandag?**

*One filled with joy preaches without preaching.*  
-Moeder Teresa

Waar is die wingerd, wonder jy dalk?

- Oral waar Jesus is. Kyk maar net waar sy voetspore is, dan weet jy presies waar Hy aan die werk is.
- In die kerk tussen ander gelowiges – daar's die wingerd.
- Wanneer jy met die Woord of met 'n geestelike boek besig is – daar's die wingerd.
- Wanneer jy elke dag sien en hoor hoe die Here beweeg en werk tussen gelowiges en ongelowiges – daar's die wingerd.
- Wanneer jy op jou knieë voor God is – daar's die wingerd.
- Wanneer jy en ander gelowiges vir die Here leef en oorloop van hemelse vreugde by jou werk, op die pad, tussen ander mense, op jou eie – daar's die wingerd.
- Wees in die wingerd! Wees daar vandag.

In die wingerd van God wen genade altyd en healtyd. Daar vloei lewende water. Daar verander die Tuinier onvrugbare boompies in rasegte vrugtebome! Daar maak Jesus vodde lewens nuut. Wees vandag daar. Dan verander jy ook van heerlijkheid tot heerlijkheid soos wat Paulus in 2 Korintiërs 3:18 skryf.

Binne die wingerd is die voorspelbaarheid en die monotone kleur van vandag weg. Die wingerd is vandag vol Goddelike moontlikhede. Daar werk God terwyl jy dalk nog vir ander dinge beplan. As jy in die wingerd is, dan word elke ontmoeting, elke geselsie, elke afspraak, elke afdraai, elke stilhou, elke wagtyd, elke woord, elke “toevalligheid,” elke mens met wie jy paaie kruis ‘n hemelse geleentheid. Moenie die hemelse wingerd vandag misloop nie. Moenie vandag afwesig wees weens ‘n gebrek aan belangstelling nie.

Ja, jy kan verander. Jy moet verander. Jy gaan verander. Jesus gaan dit vandag in jou lewe doen as jy in sy wingerd is. Kyk maar net rond totdat jy Jesus se voetspore en sy vingerafdrukke naby jou raaksien. Vertoef daar. Dis die wingerd. Los die res oor aan Hom. Hy sal jou nuutmaak. Hy sal vandag nog ‘n slag, miskien vir die duisendste keer, oor en voor met jou begin.

### **Van buite na binne?**

Nog ‘n eksplosiewe teks oor God se daaglikse nuutmaak-aktiwiteite tref ek aan in 2 Korintiërs 4:16. Paulus skryf hier *dat al vergaan ons uiterlik, innerlik word ons steeds van dag tot dag vernuwe*. Fenomenaar! Net mooi die teenoorgestelde proses is in my innerlike mens aan die gang as hier aan my buitekant. Ja, ek word daagliks ‘n stukkie ouer. Siekte en swaarkry laat algaande hul letsels op my liggaam. Maar ‘n omgekeerde proses is binne in my aan die gang.

Hier diep in my is ‘n skat weggepak, ‘n hemelse skat, soos wat Paulus in 2 Korintiërs 4:7 sê. Dit is die teenwoordigheid van die Gees in my lewe. Sy nuutmaak- en oormakprogram gebeur elke dag van die teenoorgestelde kant af, van binne af. Nee, Hy plak nie ‘n klomp vroomheid aan my buitekant vas nie. Hy werk onsigbaar, agter die skerms, MAAR aanhoudend. Dag na dag. Dis sy ritme.

God se Gees slaan nie een enkele werksdag in my lewe oor nie. Daar’s geen amptelike afdae of rusdae vir Hom nie. Aanhoudend, oor en oor, dag na dag, is Hy met sy vernuwende werk besig. Stukkie vir stukkie gebeur dit. Nee, dis nie aldag ewe sigbaar nie. Net so min as wat ek ‘n kind sien groei as ek vir ‘n rukkie na een staan en kyk, net so min kan ekself of iemand anders my daaglikse groei raaksien. Maar oor ‘n jaar of wat moet dit vir almal sigbaar wees. Ou en nuwe skatte uit die Woord (Matteus 13) word immers daagliks deur die Gees in my lewe weggepak.

Wanneer die Gees die hemelse tender aanvaar om in my lewe te begin werk, verhuis Hy nooit weer nie. So sê die Bybel. Hy bly vir altyd én ook vandag, by my. Hy is die nuwe Eienaar-Bouer wat my lewe elke dag oormak. Dis sy werk. Hoe langer ek dus op die Here se pad loop, hoe meer vind hierdie nuutmakende werk in my lewe plaas.

Hoor weer, die Gees verander my vandag. Nie ekself nie. Ek kan nie. Presies hoe gebeur dit? Wel, ek sit myself net vandag as 'n leë houer voor Hom neer, met een enkele bede: "Vul my!" Dan sal Hy dit ook doen. Jesus leer my in Lukas 11 dat ons Hemelse Vader die Heilige Gees skenk aan elkeen wat Hom bid. Dis die ope geheim!

### **Loop vandag oor**

Vervulling met die Heilige Gees is nie iets magies wat slegs met sekere Christene gebeur nie. Nee, dis 'n daaglikse proses wat in elke gelowige se lewe moet gebeur. Daarom sit ek myself elke oggend leeg voor die Here neer en vertrou Hom om my vol te maak met sy teenwoordigheid en om my lewe vandag styf in sy hande te hou. Ek vertrou Hom die heeldag met my emosies, my woorde, my gedagtes, my daede, my intensies, my wil, my rede. Ek vertrou die eienaarskap van my ganse lewe aan God toe. En ek doen dit elke dag. Nee, dis nie 'n vrywillige oefening wanneer dit inpas in my vol program nie, dis verpligtend. Ek doen dit nie net as ek naby aan die Here voel nie, maar ook as ek ver voel. Ek bly altyd sagte klei in sy sterk hande.

God maak my elke dag nuut. Soos 'n motor wat brandstof nodig het, maak Hy my daaglik vol met hoë oktaan hemelse lewe. Maar ek moet sorg dat ek minstens op die regte Plek is waar hierdie wonderwerk gebeur. Ek moet in sy wingerd en in sy vulstasie boer. En die res aan Hom oorlaat. Dis altyd belangriker dat ek is waar God is as dat ek allerhande dinge wil doen om my lewe en dié van ander mense te verander. Lewensverandering is God se departement. Hy doen al die bouwerk en die veranderings. Daarvoor vertrou ek Hom met my lewe. En met ander mense s'n. Intussen leef ek een dag op 'n slag in sy lig en beskerming. Ek het net vandag tyd om dit te doen. Daar's nie tyd om te mors deur dit nog 'n keer na môre toe uit te stel nie.

Vandag is die dag van vernuwning en redding. So roep Paulus in 2 Korintiërs 6 uit. Die Hebreërbrief eggo hierdie boodskap ook. Vandag is God se dag, sê Hebreërs 4:7. Moenie dat dit leweloos deur jou vingers val nie. Moenie jou hoop eksklusief op môre sit nie. Of net uit gister se opgebruikte reserwes leef nie. Los gister vir die dinosaurusse en die toekoms vir daardie eindtyd-kenners wat hulle dae verkwis met bespiegelings oor wat nog alles in die toekoms moet gebeur. Gryp vandag met albei hande aan. Die ewigheid is nou hier. Jesus maak God se groot môre vandag al 'n realiteit. Sy ewige pad gebeur vandag ook, juis vandag.

### **'n Goue leefreël: Moenie weggee wat jy nie vandag ontvang het nie**

God gee daaglik geestelike manna aan ons. Hy gee genoeg vir elke dag, meer as genoeg. Selfs te veel. Ons het strome lewende water in ons binneste, nie geseelde houers vol nie. Ons het te veel Goddelike goedheid ontvang om eksklusief op te gebruik net vir onself.



Ons moet hierdie hemelse genade weggee, aangee, verder versprei. Dit help nie ons probeer verlede jaar se geestelike kos aangee nie. Ons kan nie laasjaar se geestelike reserwes in 'n stoor iewers in ons lewe wegpak nie. Ja, ons kan kennis oor die Here in ons harte wegpak, en al ons geestelike ervarings vanuit die verlede. En, ja, ons kan belangrike lewenslesse stroor. Bybelverse kan ook in ons kop gestoor word, preke ook. Maar geloof is nie iets wat gestoor kan word nie. Anders gesê, geloof is 'n lewende verhouding met God, nie 'n historiese een nie. Dit is hier en nou lewend, anders is dit dood, gister se uitgediende nuus, geskiedenis!

Mens raak baie gou moeg en brand uit as jy aanhoudend gister se geloof vandag probeer weggee. Ek sien wie weet hoeveel uitgebrande, vodde, sat kerkleiers in my bediening. Hulle leef dag in en dag uit op leë geestelike brandstofkens. Hulle leef uit verlede maand of laasjaar se reserwes. Dit gebeur omdat hulle nie tyd maak, of deur uitputtende gemeentelede genoeg tyd gegun word om elke dag in God se skatkamers deur te bring nie.

Natuurlik kan jy ou en nuwe skatte uit die voorraadkamers van die Here gaan haal. Maar jy moet dit juis vandag daar gaan haal. Jy moes dit reeds vanoggend as deel van jou geestelike manna ontvang het. Jy kan nie uitdeel wat jy nie nuut ontvang het nie. Jy kan nie weggee wat jy self nie het nie. Lewende water is net lewend solank dit aan die vloei is. Sodra jy dit begin opdam en stoor, verander dit stelselmatig van tekstuur en lewenskrag totdat dit doodgaan. Stilstaande water gaan later dood, gelowiges ook wat God se genade nie elke dag weggee nie.

Die goue leefreël vir ons as Christene is eenvoudig. Hoor dit nog 'n keer: Gee net weg wat jy vandag by die Here ontvang het. Moenie meer as dit doen nie, dan gaan jy heeltetal te besig wees. Moenie eiehandig die wêreld probeer verander nie. Kyk slegs watter geestelike manna vanoggend by jou lewensdeur neergesit is en deel dit vandag met almal binne hoorafstand, sienafstand en trefafstand. Dan het jy meer as genoeg gedoen. Om meer as dit te doen, is om buite God se een-dag-op-'n-slag ritme te leef.

**Ek durf nie God se kalender vandag al met toekomstige afsprake probeer volskryf nie**

*All other days have either disappeared into darkness and oblivion or not yet emerged from it. Today is the only day there is.*

*-Frederick Buechner*

God werk een dag op 'n slag. Derduisende mense werk egter in die sogenaamde “regte wêreld” aan die hand van afspraakboeke, kalenders en dagboeke wat reeds jare vooruit volgeprop is. Nou ja, kom ons wees eerlik, die meeste van ons is toekomsgedrewe en bestuurs-behep. Daarom orden ons al ons aktiwiteite en bestuur dit in die lig van die dag

van môre. Wanneer dit by ons geestelike lewe kom, of by die kerk, dan probeer ons dikwels dieselfde daar doen.

Hoor hier, ons het nie die reg om vandag reeds volgende jaar se geestelike aktiwiteite klinkklaar te beplan en elke aksie, program, byeenkoms of Bybelstudie in onbuigsame kalenders te giet nie. Ek en jy mag nie dink ons kan vandag reeds God se dagboek en sy kalender probeer volskryf vir die volgende jaar of twee nie. Hy is een dag op 'n slag besig.

As ek die implikasies van God se een dag op 'n slag ritme snap, dan moet ek my eie behoefte aan kontrole en beheer van alles en almal rondom my laat vaar. Dit hang in elk geval nie van my goeie organisatoriese vermoëns af om die koninkryk van God vorentoe te vat nie. Ek moet eintlik maar net uit die pad staan en onsigbaar raak sodat God vandag kan doen wat Hy moet doen. Ek moet Jesus glo as Hy in Matteus 6 sê ek moet môre aan môre oorlaat en net vandag God se wil soek. As God wil en ek leef, dan sal Hy met sy daaglikse porsie hemelse manna weer môreoggend by my lewe se voorstoep opdaag. Maar intussen moet ek maar net vandag in 'n lewende verhouding met God leef.

### **Hou op om *veilig heilig* te wees**

*If you have the will to win, you have achieved half your success; if you don't, you have achieved half your failure.*

*-David Ambrose*

Om God volledig met vandag te vertrou en om my hande van môre ook af te haal, is nie noodwendig goeie nuus vir kerkmense wat daarop roem dat hulle in die “regte wêreld” leef nie. As jy God met vandag én môre vertrou, moet dit minstens aanleiding gee tot 'n radikaal nuwe leefstyl wat buite-beheer is in tradisionele kerklike terme. Dit moet lei tot “**onveilige heiliges**” wat nie inpas in netjies ontwerpte, voorspelbare, geykte kerklike boksies nie. Christene wat regtig een dag op 'n slag leef, volg “*the barbarian way*”, soos wat Erwin McManus in 'n fantastiese boek met dieselfde titel skryf. Dis mense wat roekeloos, passievol en energiek leef. Vir *Christelike barbare* is daar nie nog tyd om te talm tot môre nie. Hulle het 'n diep ingeboude dringendheid aan hulle. Hulle moet vandag anders opstaan, leef, praat, dink, droom, bid, sing, werk, speel, lag, ontspan, getuig, oefen, stap, ry, bel, op die internet werk, wag, kuier, groet, totsiens sê, slaap!

“Christelike barbare” het nie die luukse om 'n klaagmuur te sit en wag op toekomstige kerklike oplossings wat blykbaar sal aanbreek wanneer daardie groot herlewing eendag van iewers afop die horison arriveer nie. Nee, vandag is presies die regte dag vir groot dinge, vir leef! Vandag is die enigste dag. Vandag moet gelowiges buite die boks, nee, anderkant die boks, saam met God loop. Daar's net een vandag om dit te doen. En dis vandag! Môre is reeds 'n dag te laat!

## Word 'n "unreasonable person"

*Courage is fear that has said its prayers*  
-Karl Barth

As almal rondom ons in *Depressielaan* woon, of dalk reeds in *Cul de Sac Straat* afgetree het, dan moet ons juis 'n lewende verskil wees. As almal besig is met 'n sogenaamde "redelike" godsdiens, dan moet ons die lewensgrootte uitsondering op hierdie reël wees. Terloops, jy ken mos daardie regsbegrip: "the reasonable man", oftewel: "die man op straat." Vir die regswese is dit die gemiddelde mens se opinie wat dan ter sprake is. Nou ja, as jy deel van hierdie "manne op straat" of "reasonable men" is, dan het ek baie slegte nuus vir jou: dan gaan jy 'n bekommernis-slaaf, toekomsgedrewe-wese en 'n spanning-verslaafde gelowige wees. Dan gaan jy nooit die krag van vandag, die Goddelike oorvloed op vandag se voorstoep ervaar nie.

Daar's heeltemal te veel redelike kerkmense rondom jou. Daar's genoeg winterslapers, geestelik afgetredenes, kerklike pensioenarisse en Christelike babas in jou omgewing. Pleks dat jy al jou energie op hulle fokus en ewe hooploos word, kan jy iets veel beter doen - jy kan kies om 'n "unreasonable person" te word. Jy kan weier om soos die res van die kerklike slapers kouerig, dooierig, of net halfpad aan die brand te wees. Jy kan ophou om slegs 'n bietjie van jou tyd vir die Here te gee, en 'n bietjie te bid, te getuig, te dien. Jy kan opstaan. Hoe? Gaan trek vandag in die Here se wingerd in. Laat dit vandag oor jou seën reën. Ontvang wat die Here vandag opsy gesit het vir jou geestelike groei en gaan deel dit kwistig uit. Daar's boorde vol geestelike vernuwingskrag beskikbaar vir vandag, meer as genoeg om weg te gee.

## Moenie in verstarde tydsone vasval nie

*Make today memorable, even unforgettable. And then look back on this moment. Treasure this experience. Let it becoming a defining memory of your life.*  
- Erwin McManus, *Uprising* (2003)

In Johannes 7:38-39 beloof Jesus dat strome lewende water uit elkeen sal vloei in wie se lewe die Heilige Gees werk. Nou toe, laat hierdie belofte dan begin gebeur. Gee water weg. Dis wat jy en almal rondom jou moet doen wat vandag weer 'n slag nuutgemaak word. Geen ontvangers van die Here daaglikse genade mag dit nie eksklusief vir hom- of haarself hou nie. Dis diefstal. Christene is nie bedoel as die eksklusiewe eindverbruikers van God se goedheid nie, maar as daaglikse verspreidingspunte daarvan. In elk geval, soos wat ons hierbo gesien het, lewende water wat nie dadelik begin vloei nie, staan stil, dit word groen en dit begin stink. Water kan dodelik gevaarlik wees as dit lank genoeg stilstaan, Christene ook!

Moenie doen wat die hoofkarakter in een van my gunsteling films: *Hedgehog day*, gedoen het nie. Hierdie karakter, gespeel deur Dan Ackroyd, was in 'n tydsone vasgevang waar dieselfde dag oor en oor herhaal. Elke aand as Dan gaan slaap, het hy op presies dieselfde dag die volgende oggend wakker geword in dieselfde dorpie met dieselfde karakters. Op daardie dag het hy dan weer met hulle almal van voor af kontak gehad, sonder dat hulle besef het dat daardie dag aanhoudend herhaal. Net die hoofkarakter het geweet dat hy dieselfde dag oor en oor beleef. So het dit aangehou totdat hy op dag begin het om gedurende daardie einste dag liefdevol teenoor diegene op te tree wat hy oor en oor raakloop. Toe eers, nadat hy 'n wonderlike verskil aan elkeen se lewe gemaak het wat hy op daardie dag raakgeloop het, het die tyd weer vorentoe geskuif.

Ek wonder hoeveel Christene is gevangenes in dieselfde ou tydsone wat oor en oor herhaal sonder dat iets of iemand rondom hulle verander. Hulle hoor die Woord oor en oor, sonder dat hulleself ooit daadwerklik verander. Hulle tree steeds op dieselfde geykte maniere op. Hulle praat dieselfde, dink dieselfde, kla dieselfde, sing dieselfde. Geen verskil nie. Net die kalender rol voort, verder verander niks of niemand nie.

Moenie vandag 'n gevangene in daardie onveranderlike tydsone wees wat elke oggend soveel mense wêreldwyd inwag nie. Keer dat dit gebeur. Gaan haal vandag jou daaglikse porsie krag en oorvloed by die Here. Deel dit dan ruimskoots met ander deur jou gebede, jou woorde van omgee, 'n stukkie brood hier en 'n geldjie daar. Dan raak jy onredelik Christelik! Dan's jy presies soos wat Jesus jou wil hê. Vandag is net die regte dag hiervoor.

### **Marius se ontsnappingsroete**

Ek het 'n goeie vriend wat nie sy naam of van genoem wil hê nie. Hy inspireer my geweldig. Hy vertel soms hoe onbeholpe hy as Christen oorkom, maar ek weet van beter. Marius is reguit, op die man af, eerlik. Jy weet aldag waar jy en hy staan as jy in hom vasloop. Doekies omdraai en mooi broodjies bak is nie sy sterkpunte nie. Dit verg volgens hom heeltemal te veel energie. Soos wat hyself sê, hy leef die lewe daaglik hier uit die heup uit. Hy is 'n goeie sakeman, maar sy passie vir die Here is nog meer asemrowend.

'n Ruk gelede kom Marius by my en sê hy weet hy moet Rusland toe gaan, Daar is iemand wat hy moet gaan help, moontlik 'n sendeling, maar hy het nie die vaagste benul wie nie. Toe sê ek dadelik vir hom ek weet presies wie dit is – Vadim Poddubsky, 'n Russiese leraar wat in die Oekraïne werk met 'n baie karige inkomste. Sy lewenspassie is om kerkleiers regoor Rusland te skool.

Ek het Vadim ontmoet toe ek vroeër twee keer in Rusland by die Christelike Universiteit in St Petersburg klas gegee het. Trouens, as jy in my woonkamer kom, sal jy 'n geraamde

groentemessie daar in 'n hoek sien hang. Vadim en sy vrou Lena het dit een keer aan my gegee. Ek noem dit die Evangelie in lewende lywe. Want toe ek daar by Vadim-hulle was, het ek agtergekom hulle het elkeen so twee stelle klere op hul naam, bo en behalwe 'n rekenaar en 'n CD speler. Aan die einde van my klasgee aktiwiteite het hulle vir my 'n groentemessie as geskenk gegee waarmee Lena elke dag die groente gesny het. Dit was hul enigste een, wat boonop deur Vadim met sy eie hande gemaak is. Ek was in trane. Nog nooit het iemand alles vir my gegee, soos in hierdie geval nie. Maar hulle het, soos die arm weduwee van Lukas 21, alles met blydschap weggegee.

In elk geval, toe my vriend Marius praat oor sy passie om Rusland toe te gaan, was daar geen twyfel in my hart, of in die hart van my boesemvriend, Etienne Schoeman, nie. Binne weke het Marius ingespring en alles gereël. Hy het al sy sakebelange net so laat staan, want die Here se roeping in sy lewe laat hom ver buitekant elke bestaande boksie lewe. Daar's net een passie in sy lewe, en dit is om die evangelie op voetsoolvlak te laat wen. Kort hierna is hy en Etienne reguit Rusland toe om Vadim te gaan dien.

As jy al in Rusland was dan sal jy weet die meeste mense is arm. Vele van hulle leef van aartappels as stapelvoedsel. Vadim-hulle ook. 'n Vriend wat 'n piepklein Lada-motortjie besit, het hulle van kerkbyeenkoms tot kerkbyeenkoms daar in die Oekraïne rond gery. Ek wens ek kon dit sien, want Vadim is 'n groot ou, Etienne is self fris en Marius toring in ou taal oor die ses voet ses duim bokant die grond uit. Hierdie eks-Bloubul slot het egter nie omgee nie. Van die een kerklike byeenkoms na die ander het hulle saamgereis. Etienne, met sy fenomenale mooi stem, het ook gesing en gepreek. Een dag op 'n slag het hulle 'n lewende verskil gemaak.

Marius en Etienne se hart het gebreek oor die klein groepie gelowiges se passie vir die Here. In een kerkie met 20 lidmate het 'n kerkleier gevra of hulle nie oor twee jaar weer weer kan kom nie, want dan gaan daar 'n volle 100 lidmate wees! Praat van 'n nuwe visie. Vadim se passie en liefde vir die Here het op so baie plekke goeie saad laat val. Maar hy en Lena en hule dogter het niks op hul naam gehad nie, behalwe die jaarlikse ondersteuning van Kempton Krui gemeente in die verre Suid Afrika. Hul klein huisie is waarskynlik nie groter as so 50 vierkante meter nie. Dis toe dat my ou groot vriend se klein hartjie gebreek het. Daar en dan het hy vir Vadim 'n nuwe motor gaan koop. En vir hom ook meer as 'n jaar se salaris agtergelaat. Met sy terugkoms vertel hy my dat hy ook bid oor die feit of hy vir Vadim hulle 'n groter woonstel moet koop.

### **Staan op, asseblief**

Ek weet Marius gaan my nog iewers vorentoe karnuffel oor die feit dat ek hierdie storie met jou deel. Sy linkerhand weet regtig nooit wat sy regterhand doen nie. Hy soek geen eer of erkenning vir homself nie. Maar ek kan eenvoudig nie stilbly oor wat die Here stilweg, maar kragtig, deur doodgewone mense soos hy doen nie. Ek is bereid om 'n

laagvat of twee te vat van die kant van my groot vriend as hierdie verhaal jou net dalk sou inspireer om ook vandag op te staan. Jy kan 'n lewensgrootte verskil maak. Nee, my vriend, jy moet! Kies vandag die barbaarse weg. Raak roekeloos. Word 'n *onveilige* heilige. Jy het die Here se een dag op 'n slag nuutmaak-krag in jou. Jy het sy hemelse manna op jou voorstoep. Daar's geen verskoning om nie vandag nog van rat te verwissel nie.

## VII: Die krag van vandag: Tyd-intelligensie!

**“IK,” “EK,” “SK”?! Watter soort intelligensie maak op die ou end saak?**

*If we can't control our emotions, they will control us*  
-Daniel Goleman

In my kinderdae het net een ding saakgemaak: *IK!* Jou *intelligensie kwofisiënt*, soos gemeet deur al daardie *IK* toetse wat jy op skool afgelê het, het gewoonlik bepaal of jy in die A klas of in die C klas was. In my kinderdae was al die slim kinders op 'n hoop in dieselfde klas; die sogenaamde minder slim kinders helaas ook. Ma's het graag by teepartytjies onder mekaar gespog oor hul klein Jannie of Santie wat daardie jaar weer in die A klas is met 'n gemiddeld van oor die 80%. Tussendeur het hulle hul koppe half meewardig geskud oor arme stadige-Sarel van een van hulle vriendinne doer in die D klas wat skaars 50% op sy rapport haal.

In my kinderdae het slim kinders altyd baie onderskeidings op skool gekry en direk universiteit toe gegaan, minder slim kinders nie. So is mense van kleins af onderskei op grond van 'n paar toetse wat hul kognitiewe, ruimtelike, linguistiese en tegniese intelligensie gemeet het. Tragies, want dis helaas nie waar dat *IK* die somtotaal van menslike intelligensie is nie. Te veel kere is dit juis nie die onderskeidingskandidate wat vandag voor loop in die lewe nie, maar juis daardie ouens wat op skool deurgeskuur het op piesangskille. Vra maar vir die Jamie Olivers en die Richard Bransons van die lewe. Punte op 'n skool rapport is nie noodwendig die lewe se sleutel tot sukses nie. In elk geval nie meer in vandag se buite die boks, vinnig veranderende lewe nie.

### **Emosionele intelligensie**

Gelukkig het baie mense se oë intussen oopgegaan vir ander vlakke van intelligensie wat ook broodnodig is om die lewe gebalanseerd en gelukkig te oorleef. Die belangrikste in hierdie verband is *emosionele intelligensie (EK)*. Oor die afgelope klompie jare het heelwat navorsing oor hierdie soort intelligensie wêreldwyd die lig gesien. Verby is die dae dat net daardie ouens met A-simbole op hul skoolrapporte voor in die koor is. Vandag tel dit sommer baie punte wanneer mense in kontak is met hulle interne gevoelens. *EK* mense verstaan en bestuur hul eie emosies goed. Hulle is ook sensitief vir die gevoelens van ander. In kort, *EK* mense leef in harmonie met hulleself en met ander.

My gunsteling skrywer oor emosionele intelligensie is Daniel Goleman. In sy boek: *Emotional Intelligence* (1996), asook in 'n ander lekkerleesboek: *The New Leaders* (2002) saam met Richard Boyatzis en Annie McKee, toon hy aan dat emosionele intelligensie veral met vier fasette verband hou, naamlik self-bewustheid, self-bestuur, sosiale-bewustheid en verhoudings-bestuur. Mense wat emosioneel intelligent is, het:

### **‘n Duidelike selfbewustheid**

Hulle kan hul eie emosies goed lees en dit reg beoordeel

Hulle is bewus van hulle sterkpunte en swakpunte

Hulle het ‘n gesonde gevoel van eiewaarde en van hulle unieke vermoëns

### **Self-bestuur**

Hulle kan hul negatiewe emosies goed onder beheer hou

Hulle is deursigtig, optimisties, betroubaar, en mense van integriteit

Hulle is aanpasbaar

Hulle neem inisiatief en doen die regte dinge in die lig van hul eie hoë standaarde

### **Sosiale bewustheid**

Hulle het empatie jeens ander mense en neem hulle opinies gedurig in ag

Hulle lees en hanteer verskillende situasies tussen uiteenlopende mense goed

Hulle verstaan die behoeftes van ander en tree graag tegemoetkomend op

### **Verhoudingsbestuur**

Hulle is leiers wat visie gee en ander beïnvloed

Hulle belê in ander mense en ontwikkel hulle potensiaal

Hulle bring verandering te weeg

Hulle rig spanne op, bestuur konflik en bou brûe tussen mense.

### **Morele en geestelike intelligensie**

*Moral intelligence is the mental capacity to determine how universal human principles should be applied to our values, goals, and actions*

*- D. Lennick & F. Kiel*

Die pendulum het teen die einde van die 1990's verder uitgeswaai na die bestudering van nog ander vlakke van menslike intelligensie. Die term morele of geestelike intelligensie is deesdae baie prominent op die radarskerm. In ‘n fassinerende boek, “*Moral intelligence. Enhancing Business Performance & Leadership Success*” (2005), wys Doug Lennick en Fred Kiel daarop dat morele intelligensie met vier fasette te doen het, naamlik *integriteit, verantwoordelikheid, medelye en vergifnis*. Hulle is van mening dat meeste mense ‘n *morele kompetensie* het, naamlik ‘n ingeboude oordeelsvermoë om tussen reg en verkeerd te onderskei. Ten einde mense te begelei tot volwaardige *morele intelligensie*, stel hulle onder andere ‘n belangrike belyningsmodel voor, wat bestaan uit:

### **‘n Morele kompas**

Wat het groot waarde in my lewe?

Wat is my belangrikste beginsels, waardes en beskouings?



## **Doelwitte**

Wat wil ek persoonlik bereik in my lewe?

Wat is die doel van my bestaan?

## **Gedrag**

Watter aksies sal my help in die lig van my waardes om my doelwitte te bereik?

Watter emosies, gedagtes en gedrag sal my help om my manier van leef te belyn met my diepste waardes?

Op hulle beurt praat Danah Zohar en Ian Marshall, “*Spiritual Capital. Wealth we can live by*” (2004) nie van morele intelligensie nie, maar eerder van geestelike intelligensie (*SK*). “Spiritual intelligence is the intelligence with which we access our deepest meanings, values, purposes, and highest motivations,” sê hulle. Die kort en die lank is dat *IK* nie meer ‘n genoegsame aanduiding van die somtotaal van menslike intelligensie is nie. Dit toets eintlik net die rasonale sy van ons menswees. Daar is egter ook nog iets soos emosionele intelligensie (*EK*) wat ons gevoelens en interaksies met onself en ander verwoord, asook geestelike intelligensie (*SK*) wat te make het met wie ons ten diepste is.

Dit is nie genoeg om mekaar as slim of minder slim te klassifiseer bloot op grond van ons verstandelike vermoëns om ingewikkelde rasonale funksies te vervul nie. Soms sukkel sulke “intelligente” mense juis met ander vlakke van intelligensie, omdat hulle moeilik regte verhoudings met ander in stand kan hou, of omdat hulle nie aan die hand van sterk waardes en innerlike oortuigings optree nie. In hierdie snel veranderende nuwe wêreld waarbinne ons onself bevind, is emosionele en geestelike intelligensie dalk baie nuttiger as blote verstandelike kennis. Diegene wat uitblink op die gebied van emosionele en geestelike intelligensie is veel meer aanpasbaar, beweeglik, in voeling met wat rondom hulle gebeur en sosiaal en emosioneel sensitief. Hulle weet om nie te goed bevriend te raak met al daardie *IK* dinosaurusse nie, want hulle weet al te goed wat met al die dinosaurusse gebeur het.

## **Daar’s nog ‘n dimensie verbonde aan geestelike intelligensie**

Sommige kerkmense worstel met ‘n gebrek aan geestelike intelligensie. Sommige van die Here se skape het slagande. Party van sy lammers brul selfs! Eina! Waag jy dit om iets te sê wat sommige kerklikes se geriefsones versteur, dan word jou karakter én jou geloof daar op die plek met aaklige swartkryt bekrap. Nou die dag vertel ‘n jong doornis juis vir my dat hy gedink het hy gaan in die kerk met mense saamwerk wat ewe passievol is as hy vir God se stukkende wêreld. Nou spandeer hy egter die meeste van sy tyd om “ongelukkige en ongeskikte lidmate” te paai en te lawe. Nou is hy skielik ‘n kerklike skakelbeampte wat almal gelukkig moet probeer hou. In sy eie woorde is daar maar min tekens van geestelike volwassenheid in die kerk te sien, veral by diegene wat al vir jare lank die kerk se binnekante goed ken.

Wat is egte geestelike intelligensie vanuit 'n Bybelse fokus? Wel, Johannes vat dit vir my die mooiste saam in Johannes 1:14. Hy skryf hier dat Jesus vol *genade en waarheid* is. Genade en waarheid – dis egte geestelike intelligensie in 'n neutedop! Genade is om 'n sagte, liefdevolle hart én hand te hê. Genade is om vir die verkeerde mense om te gee – vir stukkende mense, maar ook vir diegene van wie jy nie hou, of met wie jy nie te goed oor die weg kom nie. Genade is daarom altyd 'n werkwoord. Dit word gedoen, nie net ervaar, besing, beskryf of kerklik bepraat nie.

Terloops, mense wat geestelik intelligent leef, stap graag op die hakke van verlore nes, eensames, siekes, vyande, huilendes, eenvoudiges, armes, afgeskeptes, verwerptes... Hulle het nie die tyd om ydel rond te sit op die kerklike markplein en hul neuse in almal se persoonlike sake te steek nie. Hulle passie is eerder om ander mense in die kerklike besigheidsklas te laat sitplek kry terwyl hulle self doodtevrede is om doer eenkant in die kerklike vragruim te sit. Hemelse genade verander die ontvangers daarvan in sagter, rustiger, meer minsame mense. Hulle is haastig om te vergeef en stadig om te veroordeel.

Geestelik intelligente mense is nie 'n klomp “softies” met 'n askies-dat-ek-leef houding nie. Nee, hulle staan op en uit vir die waarheid. Vir hulle is waarheid nooit 'n blote iets nie. Dis 'n Iemand, Jesus Christus! Hulle staan en val by die belydenis dat Hy die Here van hul lewe is. Hulle maak nooit kompromieë met hulle Aanvoerder se beginsels nie. Daarom is hulle soms ongewild, want hulle volg 'n ander Leier met heeltemal ander leefreëls. Hulle is bereid om standpunt in te neem wanneer die basiese beginsels van die Evangelie ter sprake is. In Jesus se woorde, geestelik intelligente mense is kruisdraers vir die waarheid. Hulle het die prys bereken voordat hulle die gebou begin bou het.

Geestelike intelligensie is beide genade en waarheid. Wanneer kerkmense slegs waarheid beklemtoon, raak hulle liefdeloos en onsimpatiek. Dan bewoon hulle daardie sogenaamde “Morele Hoëgrond-Straat” en skryf almal rondom hulle af wat nie presies soos hulle leef, praat of dink nie. Vir sulke kerklikes tel dooie reëls veel meer as lewende verhoudings met God en ander!

Aan die ander kant: wanneer kerkmense net weer die genaderoute beklemtoon, is hulle te sag op verkeerde dinge. Mense se gevoelens tel dan vir hulle baie meer as God se eer. Genade-oorbeklemtoners staan nie so maklik op vir die waarheid nie want hulle wil niemand ooit aanstoot gee nie. Die uitgangspunt: “ruimte vir almal” word graag deur hulle misbruik om die kerk in 'n geestelike supermark te verander waar almal reg is en waar bykans alles gangbaar is. Daarom dat geestelike intelligensie beide genade én waarheid moet wees. Anders word die eintlike punt en die Persoon oor wie kerkwees gaan gemis.

Geestelik intelligente mense tree liefdevol, maar beslis op. Hulle maak nooit kompromieë nie, maar hulle trap ook nooit op ander in dié proses nie. Soms bly hulle tjoepstil, al weet

hulle dat hulle reg is. Hulle laat nooit hulle eie wil, idees en opinies ten alle koste geld nie. As hulle verkeerd is, dan sê hulle askies - so maklik soos dit. En as daar gehelp moet word, meld hulle aan vir diens doer in die heel voorste loopgrawe. Geestelik intelligente mense in die Here se span is sag, broos, standvastig, sterk, swak, seker.... Daarom dat 'n groot dosis geestelike intelligensie vandag so dringend nodig is in die kerk.

### **Nog 'n nuwe intelligensie word vandag gevra: geestelike tyd intelligensie (GTI)**

*Geestelike tyd-intelligensie is die geloofsvaardigheid om die Here se tydsaanwysers te lees, dit jou eie te maak, én die keuse om elke dag daarbinne te leef*

Daar's baie leesstof oor goeie tydsbestuur op die mark. Wie weet hoeveel konsultante maak tans sakke vol geld deur mense te leer hoe om hulle tyd meer effektief te benut. Hulle help gewoonlik vir diegene wat tien dae agter hulle skedule is, of wat nooit 'n doodlyn kan haal nie hoe om hul chaotiese lewens onder beheer te kry deur goeie dagbeplanning, prioritering van hulle take, herskedulering van afsprake, ensovoorts. Terloops, die boek van Dru Scott Decker, "*Finding more time in your life*" (2001) is 'n moet-lees handleiding om jou hiermee te help as dit dalk ook in jou geestelike en normale lewe nodig is.

Solank as wat tydsbestuur net resepte bly, 'n klompie vaardighede wat ons meganies moet aanleer, kom ons nie regtig voor nie. Ons benodig veel meer as dit; ons benodig tydsintelligensie, daardie spesiale vermoë om die tye reg te lees. Tyd lees is essensieel. Tydverstaan is die sleutel tot die regte tydbenutting. Die basiese boustone van *geestelike tyd-intelligensie* (GTI klink darem al te lekker, of hoe!) is die geloofsvaardigheid om die Here se tydsaanwysers te lees, dit ons eie te maak, en die keuse om elke dag daarbinne te leef. Kom ons fokus nou vir 'n wyle op die basiese vaardighede vir GTI, daarna op 'n paar basiese GTI kompetensies of vermoëns.

## **TWEE BASIESE GTI VAARDIGHEDE**

### **I. Verstaan God se manier van tydbestuur**

#### **a. Gister**

God is ewig. Hy bestaan van altyd af en sal vir altyd daar wees. Maar met die skepping het Hy doelbewus gekies om binne die tyd wat Hyself geskep het, op te tree. Die belangrikste handeling van God binne die tyd is Jesus se kruisiging en opstanding. Daar herstel en verander God die tekstuur van die tyd sodanig dat die Nuwe Testament selfs van die tydsone waarbinne ons nou leef as die *eindtyd* praat. Hebreërs 1:1 sê glashelder dat Jesus God se finale stem met die aanbreek van die eindtyd is. Hoor net: "*In die verlede het God op baie maniere met ons deur die profete gepraat, maar in hierdie laaste dae het Hy met ons gepraat deur die Seun.*" Handeling 2 basuin dit uit dat die eindtyd

ook gekenmerk word deur die uitstorting van die Heilige Gees. 1 Johannes 2 gaan nog verder deur te sê dat ons inderwaarheid reeds in die laaste uur van die wêreldgeskiedenis leef vanweë al die anti-Christelike mense rondom ons. Dus, die eindtyd is sedert Jesus se optrede hier. Hy het die tekstuur van die tyd sodanig verander dat ons nou in die laaste dae leef.

### **b. Môre**

Om die tyd vanuit God se perspektief reg te lees, verg die kennis dat ons reeds in die laaste dae leef. Hierdie kennis sê vir ons dat Jesus gister se tekstuur grondig deur sy dood en opstanding verander het. Daarom is ons nuwe mense en ook nuwe tydwandelaars. Maar dit sê ook vir ons dat die tyd wat voor ons lê onderweg na die einde toe reeds nuutgemaak is. Jesus hou nou al die toekoms volledig in sy hand vas. Openbaring 20:11-15 gee daarom vir ons 'n finale blik op die slottoneel van die wêreldgeskiedenis.

God is nie stadig nie. Al beweeg Hy tans dag vir dag saam met sy skepping, is Hy so vinnig dat Hy reeds daardie slottoneel waar die aarde se gordyn vir oulaas sak kant en klaar geskryf en geredigeer het. En die beste nuus van alles: God wen. Ons wat in Jesus glo, wen ook saam. Ons plek is reeds bespreek by die Lam se ewige feesmaal. Daar's reeds 'n ewige plek gereserveer in God se nuwe stad vir ons elkeen op wie se voorkop God se Naam gegraveer is. Ons sien nou al die wenpaal. Ons hardloop voluit saam met Paulus soontoe omdat Jesus daar staan met 'n sakpas oorwinningskroon vir ons elkeen in sy hand (2 Timoteus 4:7-8). Hoor weer: os het die Here se toekoms gesien. Dit lyk goed!!!

### **c. Vandag**

God deel lewe hoogstens een dag op 'n slag uit. Dis sy werkritme sedert die skepping. Ook gee Hy een dag se brood op 'n slag, en een dag se geestelike vernuwing op 'n slag. Vandag is wanneer en waar die lewe gebeur. Vandag is presies waar God tans aan die werk is. Hy het gister reeds die doderyk agter ons verseël en al ons tekorte en oortredings van weleer met die kruis van Jesus uitgevee. Môre se toekoms musiek by die wenpaal is reeds deur God getoonset. God se gister en sy nuwe môre is dus kant en klaar afgehandel, geskeduleer en in plek. God werk vandag in die lig van sy groot gister daar by die kruis en sy nuwe môre by die wederkoms wanneer 'n nuwe hemel en aarde aanbreek. Dis die groot sleutel vir gelowiges om die tyd reg te verstaan, om God se manier van tydsbestuur te snap.

Jy en ek kort die nodige geestelike vaardigheid om in pas met God te leef. Hoor daarom weer: die Here se dagboek is vandag van agter en van voor verseël in die lig van sy geskiedenis sedert die skepping, en sy ewigheidskalender anderkant Jesus se wederkoms! Ten minste benodig ons hierdie geestelike kop- en hartkennis as ons vandag effektief wil leef. Dis die heel basiese komponente van geestelike tyds-intelligensie.

*GTI* gaan daarvoor dat jy weet hoe God met die tyd en binne die tyd werk. *GTI* mense fokus altyd eerste op God en op sy tydsbestuur, nie op hulleself en hul eie tydsbestuur nie.

## **II. Mense is gelyk aan tyd**

*God se hemelse horlosiewysers is mense*

Vir ons is tyd meestal abstrak. Tyd word gemeet in werksdae, afspraak en byeenkomste. Mense se salarisse word bepaal volgens die hoeveelheid ure wat hul per week werk. Tyd word daarom vir die meeste mense gevul met aktiwiteite wat sukses, geld en voorspoed waarborg.

In die Bybelse dae is tyd dikwels deur belangrike mense bepaal. Hoe belangriker iemand was, hoe meer is sekere belangrike datums met so 'n persoon in verband gebring. Lukas verwys byvoorbeeld na die feit dat Jesus gebore is in die tyd van keiser Augustus, of na Johannes die Doper wat begin optree het in die 14 de jaar van keiser Tiberius se regering.

Tyd is nie vir God abstrak nie. Dis nooit vir Hom eindelose afspraak en datums op dooie kalenders nie. God gebruik graag mense as sy belangrikste tydsaanduiders. 'n Tweede geloofsvaardigheid wat *GTI* mense daarom benodig, is die besef dat mense vir God gelyk is aan tyd. God Mense bepaal sy siening van, asook sy vernaamste handeling binne die tyd.

God se tydsbestuur word ingerig rondom belangrike mense hier op aarde, nie rondom projekte, skedules, take en skemas nie. Maar hier's nog meer skokkende nuus - in ons oë is diegene wat vir God lewensbelangrik is totaal en al die "verkeerde mense." Hulle is gewoonlik veels te onbelangrik vir ons om baie van ons tyd aan hulle te spandeer. Ter wille van hierdie mense kanselleer God egter al sy hemelse afspraak. Ter wille van hulle stel Hy selfs die wederkoms se datum uit!

### **a. Die "verkeerde mense"**

God hou veral van sondaars, goddeloses, dooies en magteloses, soos wat Romeine 5 'n paar keer vir ons sê. Geen wonder nie, want Jesus het in Markus 1 al aangekondig dat Hy nie vir gesonde mense gekom het nie, maar vir die siekes. Hy is die groot Dokter vir sondaars. Al wat godsdienstiges vir sondaars kan doen, is om hulle op die ou end met klippe dood te gooi. Vra maar vir die "vromes" daar in Johannes 8. Godsdienstige rooi kaarte en veroordeling - daarmee is hulle uitmuntend goed. Daarin blink hulle uit. Maar om vir die verkeerde mense om te gee, diegene vir wie Jesus sy lewe kom aflê het, dis 'n heeltetal ander storie.

Jesus spandeer die meeste van sy tyd op die oop see van die lewe, daar waar sonde-storms woed. Hy het die name en adresse van al die drenkelinge, én die reddingstoue om hulle te red. Dis sy passie, sy gunsteling werk (joune en myne ook). Jesus se dag vir dag tydsbestuur draai rondom sulke mense. Verlore skape, verlore munte, verlore kinders – hiervoor laat staan God net mooi alles, soos wat Jesus ons in Lukas 15 leer. Wanneer daaglikse tydsbeplanning in die hemel ter sprake is, is daar net een geldige vraag op die Almagtige God se tafel: “*Sal mense vandag hierdeur op die regte maniere aangeraak en verander word?*”

Ek wonder hoeveel van die godsdienstige aktiwiteite waarmee ons onself in die kerk besig hou word deur hierdie een oorheersende vraag bepaal wat die hemel elke dag so intens besig hou? Daar’s wie weet hoeveel ander “prioriteite” op kerklike agendas. *GTI* mense belyn egter hulle eie prioriteite met dié van die hemel. *GTI* mense se diepste vraag, wanneer hulle dagbeplanning ter sprake is, is ook: “*Sal mense se lewe tot eer van God hierdeur aangeraak en verander word?*”

As ons oor die nodige geestelike tyd intelligensie beskik, dan stel ons ons dagprogram én ons afspraak op God se manier van tydsbestuur in. Dan verskuif die klem in ons lewe drasties vanaf geld, persoonlike sukses en voorspoed na mense. Dan rig ons ons tyd in rondom God se gunsteling mense. Dalk vra dit dat ons vandag moet bedank uit ‘n paar komitees, moontlik selfs uit ‘n stagnante kerkraad wat lankal van God se agenda vergeet het, sodat ons God se stukkende mense kan begin dien en hulle veilig oortel in sy wingerd.

### **b. Onbelangrike mense**

Hoe ryker en magtiger mense is, hoe belangriker is hulle in ons dag. Status is deesdae gelyk aan sukses en sukses bring op sy/haar beurt net nog meer mag en aandag. Maar God hou nie noodwendig van die magtige mense van ons dag nie. Hoogmoedige mense wat op ander neerkyk en God verag, kan Hy glad nie uitstaan nie. So sê Hy in Jakobus 4 en 1 Petrus 5. Hy draai sy rug op diegene wat afkyk op die wêreld rondom hulle.

God se gunsteling mense is die nederiges, die eensames, die uitgeworpenes, weduwees, weeskinders, stukkendes, kinders, kleintjies, oues van dae, siekes, gevallenes. Onthou jy dat toe die dissipels op ‘n keer gewonder het wie die belangrikste in die koninkryk van God is, Jesus gesê het dat kindertjies elke keer met hierdie louere wegstap (Matt 18:1-4). En dat slawe en knegte die meeste van almal in God se oë tel (Mark 10:35-35). Jakobus sê op sy beurt dat ware godsdien is om weduwees en weeskinders te besoek (Jak 1:25). En Psalm 146 verkondig hardop dat God Hom graag ontferm oor die swakkes en die hulpeloses. Hierdie is sy gunsteling mense. Of hulle egter die kerk se gunsteling mense is, is ‘n totaal ander vraag!

*GTI* mense weet dat diegene aan die swaarkry-kant van die lewe baie hoog op God se agenda is. Het Jesus dan nie tydens sy heel eerste preek in Nasaret gesê Hy het Jesaja se woorde kom vervul dat God se genadejaar vir die armes, die gevangenes, die blindes, die siekes uiteindelik nou aangebreek het nie (Lukas 4)? Daarom ruim *GTI* mense baie tyd in vir God se geliefdes. Hulle halt langs die lewenspad saam met die barmhartige Samaritaan van Lukas 10 by mense wat deur die rowers uitmekaar geslaan is. Hulle ontferm hulle saam met Elisa in 2 Konings oor ‘n arm weduwee en sien toe dat sy kos het. Hulle deel in die Naam van Jesus in Matteus 10 bekere koue water aan sy kinders uit. Wanneer ander gelowiges ly, ly hulle saam. En wanneer ander vrolik en bly is, vier hulle saam fees, soos wat Paulus in Romeine 12 skryf.

### **c. God pas selfs die wederkoms se datum pas by sy gunstelingmense aan**

Is jou sitplekgordel vas? Hier volg nog ‘n heerlike porsie “skokkende” nuus: So belangrik is die “verkeerde mense” in God se oë dat Hy selfs bereid is om die datum van die wederkoms te verskuif om hulle te red. Ja, jy’t reg gelees. Of dink jy Petrus maak grappies as hy presies dit sê in 2 Petrus 3? Natuurlik nie! Petrus vertel hier vir die spotters wat lag vir die Christene omdat die wederkoms nog nie aangebreek het nie dat God juis om hulle onthelwe wag met hierdie groot dag (vers 4-7).

God het niemand vir die hel vervaardig nie. Daar is nie so ‘n plakker op sommige mense se koppe nie. Daarom talm Hy om vir oulaas terug te keer aarde toe as Regter want Hy wil hê dat sy hemelse feessaal nog voller word en die doderyk nog leer (Lukas 14). Juis ter wille van die “verkeerde mense” is God vandag so geduldig. Ter wille van hulle hou Hy die eindtyd se leisels remmend in sy hande vas. Praat van mensgeoriënteerde tydsbestuur! Terloops, God stel nie die wederkoms af nie, net uit. Hy is nie laat vir sy afspraak met die wêreld nie. Hy stel nie sy beloftes uit in daardie sin van die woord nie, maar Hy wag nog ‘n rukkie langer want sy gunsteling mense, verlorene, is nog nie tuis by Hom waar hulle hoort nie

Aan die ander kant sê God in 2 Petrus 3:11-12 op ‘n ewe verrassende wyse dat die “regte mense”, dit wil sê, sy eie kinders, die wederkoms kan verhaas. Kan jy dit glo? Ja, dit staan regtig ook daar geskryf. Gaan lees maar self. (Miskien moet jy net na ‘n letterlike vertaling kyk wat die Grieks direk weergee. Die Griekse woord wat Petrus hier gebruik beteken letterlik om die wederkoms vinniger nader te bring!) Gelowiges wat ywerige getuies vir Christus is en die goeie nuus deur hul dade en woorde daagliks uitdra, maak ‘n lewende verskil. So groot is hulle impak op die wêreld dat dit selfs die wederkoms kan naderbring. Ongeloof laat die wederkoms nog talm, terwyl die toewyding en ywer van God se kinders die wederkoms weer nadertrek.

God sal op presies die regte tydstip opdaag as Regter en Redder. Hy sal glad nie laat wees vir sy finale afspraak met die wêreld nie. Ons hoef egter nie ons koppe te breek oor die presiese datum van die wederkoms nie. Ons hoef nie daarvoor te spekuleer nie, want dan

verstaan ons in elk geval nie God se manier van tyd-hou nie. Hy werk nie met een of ander abstrakte terugkeer datum wat Hy iewers in die ewigheid los van mense as sy “horlosie” bepaal het nie. Nee, God is sedert die skepping en Jesus se herskepping dinamies, dag vir dag, met mense onderweg na sy groot dag. Mense is die hemelse horlosie!

Wanneer ongeloof toeneem en die nasies al hoe minder hoor van die bevrydende evangelie van Christus, dan druk dit die laaste dag as’t ware in trurat. Aan die ander kant, wanneer ons dag na dag aanhou om by mense te pleit om na God se feesmaal toe te kom, dan leef en praat ons die tyd na die weerkoms van Christus as’t ware weer korter. Dan is die einde nader eerder as verder!

Verstaan jy nou hoekom God se manier van tydhou nie in die eerste plek met take, gebeure, datums en abstrakte doelwitte verband hou nie, maar met mense? Ter wille van mense het God tyd geskep. Ter wille van mense hou Hy tyd tans in stand. En binne hierdie tyd werk Hy dag na dag om mense nuut te maak. Boonop bestuur Hy die tyd met wysheid in die rigting van die wederkoms. Geloof of ongeloof in mense se lewens is die twee grootste faktore wat ‘n uitwerking op hierdie finale dag van God het.

Die tyd rus op twee pilare. Die een pilaar is Jesus se eerste koms en die ander pilaar is sy tweede koms. Elke dag hiertussen is deel van die eindtyd. Maar dit is nie statiese tyd wat willoos afstuur op een of ander klinies-voorafbepaalde datum nie. Ja, natuurlik weet net God wanneer die tyd reg is vir sy aardse terugkoms. Dis wanneer Hy besluit het genoeg genooies is by die feesmaal van sy Seun. Maar beide Jesus en Petrus sê dat mense se doen en late het ‘n direkte impak op die laaste dag se aanbreek, of die verdere uitstel daarvan. Die evangelie moet eers na die wêreld toe gaan (Matteus 24); ongelowiges moet eers genoeg kans kry om te hoor (2 Pet 3).

Ons as kinders van die Here staan met ons arms soos ‘n Simson van ouds om die twee pilare waarop die tyd rus. Ons help om dit nader aan mekaar te trek deur ons uitleef van die beginsels van sy Woord. Of ons stoot dit nog verder weg deur ons passiwiteit. Ons is sleutelspelers binne die tyd.

### **Toets jou *GTI* vaardighede**

Om gelukkig voor God te leef het jy ‘n paar basiese geestelike tydsvaardighede nodig. Die belangrikste twee aspekte het jy reeds hierbo raakgeloop. Watter rol speel dit in jou lewe? Hoe gaan jyself ‘n impak op die tyd maak wat jy daaglik tot jou beskikking het? Antwoord gou hierdie vrae vir jouself en besluit hoe hoog of laag jou *GTI* is op ‘n skaal van 1-5, met 1 baie laag, en 5 baie hoog

1 2 3 4 5

Ek praat graag met ander mense oor die Here



Ek bid vir spesifieke persone se redding  
Ek en my familie sorg finansieël vir iemand wat swaarkry  
Ek is aktief betrokke by 'n program/aksie om minderbevoorregtes te help  
Ek is/was betrokke by 'n aksie/aktiwiteit om die evangelie uit te dra  
Ek het al iemand na die Here gelei, of is/was instrumenteel daartoe  
Ek moedig vriende/ gelowiges/familie aan om die evangelie uit te dra  
Ek is betrokke by/ondersteun/bid vir 'n jeugaksie  
Ek spandeer baie van my tyd en energie om 'n verskil in die wêreld te maak  
Ek ken 'n paar siekes/eensames/armes/lydendes op die naam

### **GTI kompetensies of vermoëns**

*Our mind is where our pleasure is, our heart is where our treasure is, our love is where our life is, but all these, our pleasure, treasure, and life, are reposed in Jesus Christ.*

*-Thomas Adams*

Geestelik intelligente mense soek daagliks na die kortste, mees effektiewe pad tussen hul geestelike visie en hul woorde, hande en voete. Kortom, hulle doen geloof, leef geloof, praat geloof. Hul verhouding met die Here is diep in hul siel ingebrand. Dit is deel van hulle interne waardesisteem, nie iets wat aangeplak is en wat nou en dan kunsmatig werk nie. *GTI* mense se geloof is nie te ingewikkeld nie. Dis eintlik heel eenvoudig. Daar's drie lewensbelangrike dinge diep in hulle siel ingebou:

- a. God werk teen skeppingspoed in die wêreld, teen een dag op 'n slag. Daarom is vandag vir hulle baie belangrik, want dis hier waar God aan die werk is.
- b. God deel vandag se brood vandag reeds uit. Elke dag gee Hy oorgenoeg om van te leef
- c. God maak sy mense deur die Heilige Gees vandag nuut. Hy begin vandag elke keer oor en voor.

Hierdie drie dinge is die basiese beginsels wat die geestelike brandstof vir alle *GTI* mense is. Dis in hul binneste ingebrand. Daarom dat hulle bogenoemde tydvaardighede verstaan en binne hul daaglikse leefritme inbou, naamlik dat God die verlede en die toekoms reeds verander het om die hede leefbaar te maak en dat tyd vir God gelyk aan mense is. Daarom groei hulle gedurig in hulle eie kompetensie om effektief van dag tot dag te leef. Vyf lewensbelangrike *GTI* vermoëns wat hulle elke dag beoefen, is:

### **1: Bekommernis kom tweede**

*Worry often gives a small thing a big shadow*

*- Sweedse spreuk*

Mense sonder die nodige geestelike tyd intelligensie bekommer hulle morsdood, ten spyte van hulle geloof. Hulle bekommer hulle oor derduisende dinge. Daar's nie iets op die lewe se rakke nie, of hulle bekommer daarvoor. As dit te veel reën, of te min. As die rand te swak is, of te sterk. As mense te voorspoedig is, of nie. Oor al hierdie dinge en nog baie meer, bekommer mense. Meeste mense se groot kommer draai om drie dinge wat met 'n lang Y rym, naamlik:

waar hulle *bly*,  
wat hulle *ry*, en  
wat hulle *kry*.

Hierdie drie dinge is die teelaarde vir kommer in meeste mense se lewe. Gaan kyk maar.

Helaas vier kommer ook hoogty in die kerk. Niemand is eintlik te "bekommerd" dat gelowiges deesdae so baie bekommer nie! Om een of ander onverklaarbare rede word dit nie as 'n oortreding van God se wil beskou nie. Hoekom weet ek nie. Want Jesus beskou bekommernis as een van die grootste geloofdiewe wat daar is. Gaan lees maar sy gelykenis oor die saad wat op verskillende plekke val, dan sien jy!

In Matteus 6:25-33 sê Jesus dat 'n gedurige bekommernis oor die daaglikse behoeftes aan kos en klere gelowiges verplaas na die speelveld van die ongelowiges. Wanneer ons dink ons moet ons doodwerk vir al ons lewensnoodsaaklikhede, dan trek ons 'n streep deur ons Hemelse Vader se daaglikse versorging. Daarom dat Jesus ons kleingelowiges noem wanneer kommer ons daaglikse metgesel geword het. Dan is ons eintlik niks anders as diegene wat nie 'n liefdevolle Hemelse Vader het wat hulle elke dag koester en bederf nie.

Hoe ontsnap ons uit die ystergreep van bekommernis? Hoe bekom ons die nodige *GTI* om daaglik gelukkig en tevrede te leef? Wel, Jesus sê presies vir ons wat ons moet doen in Matteus 6:

**Stap 1:** Jesus sê ons moet gaan leer by die voëls en by die veldblomme. Ons moet raaksien hoedat God vir die voëltjies elke dag van die nodige kos voorsien, al het hulle nie groot skure om dit in te berg nie. Ons moet ook raaksien hoe mooi Hy die veldblomme versier, al is hulle net vandag hier en môre dood. Nou ja, gaan doen dit asseblief. Gaan kyk na die voëls en die veldblomme. Neem waar en leer! Maak jou oë vandag oop vir God se hand in die natuur. Geniet dit en staan verwonderd. Sê saam met Pete Hamill: "I don't ask for the meaning of the song of a bird, or the rising of the sun on a misty morning. There they are, and they are beautiful."

As jy ernstig is om binne God se wil te leef en Hom te verheerlik, dan moet jy dadelik inskryf by God se leerskool. Sy leerskool vir *GTI* is die lewe self. Hy nooi jou uit om by die geringstes en die swakstes in sy skepping die heel grootste lesse van jou lewe te leer, sodat jy 'n slag kan ophou bekommer. Jy bring 'n groot skande oor die hemel met jou

kommer. Jy maak asof God nie ernstig is wanneer Hy waarborg dat Hy elke dag vir jou sal sorg nie.

**Stap 2:** Stel God se koninkryk vandag eerste, en alles wat jy nodig het sal vir jou gegee word (Matt 6:33). Hoor weer: Stel God se belange eerste. Hy sal vir die res sorg. Hoe? Ek weet eerlikwaar nie. Dit is sy departement. Vertrou Hom net daarmee. As God sterk genoeg is om die son elke oggend te laat opkom en die heelal in sy hand te hou, dan sal Hy sekerlik ook weet hoe om vir jou te gee wat Hy dink jy nodig het. Hou dus op bekommer. Verskuif jou blik van jou nood en al jou sogenaamde tekorte af. Kyk na God. Hy is genoeg. Hy is alles. Hy is die Heer. Hy ken jou deur en deur.

As jy sê die Here is jou herder, dan moet jy onthou daar's 'n tweede frase ook in Psalm 23:1 wat soos volg lui: "Ek kom niks kort nie." Nou ja, as jy 'n *GTI* mens is, dan is jy ernstig as jy sê die Here is my herder, want dan het jy regtig alles! Dan is jy in die geselskap van die Een wat hemel en aarde kan skuif. Dan sit jy aan die voete van Hom wat klippe brood kan maak en die dood in lewe kan verander.

## **2: Immigrasie na môre toe is nie 'n geldige opsie nie**

*The best way to predict the future is to invent it*  
- Alan Kay

Jakobus 4:13-17 roep ons op om nie ons hoop op môre te sit as die eintlike tydsone waar ons regtig eers gaan begin leef, geld maak en gelukkig wees nie. Dit waarsku ons teen 'n oorbehepteheid met die dag van môre. Wat is die ontsnappingsroete uit die suigkrag van môre met sy groener gras wat miljoene mense in 'n ystergreep gevange hou? Wel, dis tweevoudig:

**Les een:** Ons moet elke dag weet dat ons hoogstens net vandag het om te leef (Jak 4:14). Een dag op 'n slag is wat ons tydsgewys tot ons beskikking het. Of ons môre gaan leef, dit weet ons eerlikwaar nie. Ons is nie so groot of so sterk soos wat ons dink nie. Nee, ons lewe is eintlik maar soos 'n bietjie oggendmis wat verdwyn as die son daarop begin skyn. Ons is niks, net 'n bietjie asem wat iewers vir oulaas uitgeblaas gaan word. Daarom moet ons glad nie te selfversekerd oor die toekoms wees nie. En ook opreg dankbaar wees vir elke vandag wat ons met komplimente uit die hand van die Here ontvang. Dis alles net genade. Elke asemteug, elke hartklop, elke skewe snytjie brood – dis oordadige hemelse goedheid vir onbenullige klein mensies. Ons verdien net mooi niks hiervan nie.

**Les twee:** Wanneer ons wel na die toekoms kyk en vir môre begin beplan, dan doen ons dit aan die hand van die volgende geloofswoorde: "As die Here wil sal ons leef, dan sal ons dit of dat doen" (Jak 4:15). As God wil, *Deo Volente*, *DV!* Dis die taal van *GTI* mense. Ons is nie te selfversekerd oor ons eie vermoëns nie, ook nie oor die toekoms nie. Dis onnodige grootpraterij (Jak 4:16-17). Ons het nie beheer oor die dag van môre nie.

Slegs God weet. Net Hy kan besluit. Hy alleen bepaal en beheer die lewe, ook daardie lewe wat anderkant die gesigseinder voorlê. Ons leef elke dag uit sy hand.

As die Here wil en ons leef, gaan ons dit of dat doen. Maar moenie hierdie woorde gebruik as geykte kerktaal nie. Sê dit opreg, uit jou hart uit, gelowig! Laat God groot wees en jyself klein as dit oor jou lippe kom. Laat Hy die Heer wees as hierdie woorde 'n daaglikse belydenis word oor die Oorsprong van alle sukses en voorspoed wat jy dalk mag beleef. Dis net aan God te danke. Nie aan jouself nie. Die bietjie of die baie wat jy het, is vandag meer as genoeg. Jy kan in elk geval net op een bed op 'n slag slaap; op een stoel op 'n keer sit; in een motor op 'n slag ry. Of jy dan geen motor, een motor, of tien motors op jou naam het, dis aan God se dag vir dag goedheid te danke dat jy in staat is om te leef en hierdie dinge onder jou seëninge te tel.

Maak seker dat jou seëninge nie net in rande en sente gemeet word nie. Maak seker dat dit nie net aan jou werk, jou gesondheid, veiligheid, persoonlike geluk, of aan ander tasbare, meetbare dinge verbind word nie. Ja, sulke dinge is ook seën, maar soms word tasbare dinge juis die groot probleem. Daarom dat Jakobus 1 die rykes oproep om arm voor God te wees. Hy weet dat besittings mense maklik weg van God af kan vat. Aan die ander kant moet arm mense elke dag weet hoe ryk hulle voor God is. Ja, jy's geseënd as jy God ken, as jy weet alles wat jy het en is, kom van Hom af. Jou toekomsdrome moet hieromheen gebou word. Dit moet God se eer in die ereplek hê.

Ja, jy mag ook oor môre droom en praat. Jy moet goed hiervoor beplan, maar doen dit *DN!* Jy moet 'n toekomsskepper wees en ook 'n aktiewe speler in daardie toekoms. Vandag al. Leer by John Schaar: "The future is not a result of choices among alternative paths offered by the present, but a place that is created - created first in the mind and will, created next in activity. The future is not some place we are going to, but one we are creating." Maar wees wys. Doen dit nie in jou eie krag nie, maar in God se Naam. Laat sy Gees jou Gids wees, sy Woord die lig vir jou pad. Beplan versigtig en nederig, maar doen dit dapper. Sien die toekoms hier voor jou en skep dit. Voel dit en laat dit grondvat. Werk vir die toekoms, bestuur jou lewe met wysheid onderweg soontoe, maar onthou dat jy op jou eie geen beheer het daarvoor nie. Dit hang net van God af.

Saggeus, sekerlik een van die heel rykste mense met wie Jesus te doene gehad het toe Hy op aarde was, het 'n totaal nuwe toekomsvisie gehad na sy ontmoeting met Jesus (Lukas 19:1-10). Daar en dan het hy God aangestel as die Besturende Direkteur van sy besigheid. Dis hoekom Saggeus ook kon sê dat hy voortaan 50% van sy besittings aan die armes afstaan. Praat van 'n nuwe besigheidsplan! Praat van 'n geseënde toekomsdroom! Leer by mense soos hy. Stel God as die Hoof van al jou toekomsplanne aan. Nee, laat Hy die eksklusiewe Ontwerper en die Bouer daarvan wees.

### **3: Maak vandag oorvol met vreugde**

*Let no one come to you without leaving better and happier  
- Mother Teresa*

Gelowiges wat elke dag reg uitkoop weet dat God vol vreugde is. Daarom floreer hulle te midde van vreugde. Saam met die Psalmkrywer verheug hulle hulleself oor elke nuwe dag wat die Here gemaak het. Hulle geniet vandag tree vir tree saam met God.

Mense met geestelike tyd intelligensie verklaar elke dag tot 'n feesmaal. Hulle is daaglikse vreugde skeppers en vreugde uitdelers. Hulle wag nie totdat 'n amptelike vakansiedag iewers op 'n kalender aanbreek voordat hulle begin feesvier nie. Hulle is nie afhanklik van die owerhede of van die kerk om amptelike godsdienstige feesdae en vakansiedae uit te roep nie. Alles en behalwe. Hulle skeep en beleef hulle eie leefste elke dag. My gunsteling Bybelteks in hierdie verband is in Prediker 9 waar ek lees ons moet elke dag wit klere dra en ons moet ons hare met olie versorg.

Mense in die Bybelse tyd was baie arm. Hulle het meestal net een of twee stelle gewone klere gehad en 'n ekstra stel wit klere wat feesdrag was. Dus, wanneer mense hul feesklere aangehad het, het almal geweet 'n buitengewone funksie vind iewers plaas.

Die Prediker se raad is dat mense nie net op feesdae wit klere moet dra nie. Nee, ons moet dit elke dag doen. Ons moenie vir ander wag om 'n fees af te kondig of te laat aanbreek nie, ons moet dit self laat gebeur. Ons is die beginpunt en die gees van elke fees. Ons klere moet dit wys. Ons leefstyl ook. So ook die feit dat ons olie op ons hare uitgiet.

In die Bybelse tyd het mens gewoonlik 'n bietjie duur olie op jou gaste se kop gesit wanneer hulle vir 'n feesmaal by jou opgedaag het. Hierteenoor sê Prediker dat ons dit ook vir onself moet doen, en gereeld ook. Ander moet die feesvreugde gedurig aan ons ruik! Hulle moet wonder waar's die fees. Net om hierna by ons te hoor hulle het pas by een so 'n belangrike fees opgedaag toe hulle by ons aangeland het. In die Here se Naam moet ons elke dag wat oor ons pad kom tot 'n feesgeleentheid verklaar.

*GTI* mense maak die doelbewuste keuse om vandag met vreugde te vul. Hulle weet vandag gaan nie noodwendig goed of lekker wees nie. Trouens, dit kan dalk 'n Blou-Maandag wees. Of 'n Mismoedige-Dinsdag. Of 'n Somber-Sondag. Maar die Here se soort mense oefen nogtans die keuse uit om dit met vreugde te vul. Hulle kies vir feesklere en vir lekkerruik-olie, al sit almal rondom hulle enkeldiep in die donkerte. Hulle kies soos 'n Paulus daar in Handeling 16 om lofliedere in die tronk te sing, al sing almal langs hulle hooplose, treurige liedere. Elke dag kies hulle om saam met God te leef, om sy vreugde en vrede te ervaar. Hulle weet dat diegene wat met die Gees vervul is nie anders kan nie as om te sing, soos wat Efesiërs 5:18-20 sê.

Party mense maak jou bly as jy hulle gesig sien, ander weer as jy hulle rug sien. Party maak jou opgewonde as hulle kom, ander weer as hulle vertrek. *GTI* mense is egter nie

energietappers of suurstofdiewe nie. Nee, hulle teenwoordigheid laai enige atmosfeer, of dit nou troebel, dood, neutraal of lewendig is, met nuwe potensiaal. Hulle teenwoordigheid voorspel altyd opwinding en feesvreugde. Hulle vriendelikheid is aansteeklik. Hulle leefpassie is oorweldigend. Hulle straal in elke situasie hoop, krag en lewe uit.

#### **4: Doen die belangrikste dinge vandag eerste**

*Planning is bringing the future into the present so you can do something about it now*  
- Alan Lakein

*GTI* mense het altyd oorgenoeg tyd, 'n volle dag op 'n slag. Daarom kan hulle leef, werk en rus. Hulle is nie soos die meeste ander mense wat gedurig te min tyd het nie. Hulle spog daarom nie aanhoudend onder mekaar wie van hulle die besigste of die afwesigste is nie. Hulle kry nie maagkrampe en spanningshoofpyne oor alles wat nog gedoen moet word nie. Hulle het daagliks die regte lewensritme. Hulle hardloop hulleself nie dood nie; jaag hulleself nie flou nie; leef hulleself nie moeg nie. Hulle geniet God se werke, maar hulle geniet ook hul eie dagtaak sonder om ooit 'n slaaf daarvan te word.

Hoor weer 'n slag: *GTI* mense is nie werkslawe of spoedslawe nie. Hulle hardloop hulle nie elke dag uitasem agter dinge, mense of doodlyne aan nie. Douglas Adams se filosofie: "I love deadlines. I love the whooshing sound they make as they fly by", is nogal waar van hulle. Nee, hulle staan nie onverskillig teenoor hulle werk, of teenoor bepaalde pligte en take wat afgehandel moet word nie, maar hulle het die regte prioriteite in plek in hulle lewe.

Mense met God se tyd in hulle harte weet hoe om pas te hou. God gee hul lewenspas aan. Hy bepaal hulle prioriteite. Dit wat vir God saakmaak, tel die meeste punte in hulle dagboek. God se kalender, sy dagbeplanning en sy belange kom eerste. Daarom laat hulle nie 'n enkele dag die son sak voordat hulle nie tasbaar omgee het vir minstens een van God se gunsteling mense nie. Hulle skep gedurig geleenthede om iets vir onbelangrike mense, soos 'n arme, 'n verstoteling, 'n sieke, te beteken. Hulle koop elke dag die tyd uit (Efesiërs 5:16) deur daardie dag 'n ganse leeftyd se lewe op te leef. Hulle het net vandag om dit te doen. Nee, dit maak hulle nie moeg, gespanne of gejaagd nie, want mense wat vanuit hulle passie leef, leef sonder om moeg te word en loop sonder om afgemat te raak. Hulle jaag nie uitasem deur vandag nie, hulle leef voluit daardeur, want die Here gee hulle krag, soos wat Jesaja sê.

Dit is eintlik nie billik om op grafopskrifte te sê hoe oud *GTI* mense in mensejare geword het nie, want hulle leef hulle lewe eerder in Goddelike dae en binne God se manier van tyd-meting! Elke dag maak vir hulle saak, nie elke verjaarsdag nie. *GTI* mense dra elke dag 'n stukkie lig in die duisternis in as hulle iemand se voete afdroog, of as hulle ander se laste help dra. Hulle wil diensknegte wees vir net een persoon langs hulle, oorkant

hulle, voor hulle, agter hulle en digby hulle. Dis meer as genoeg. Een dag op 'n slag, een mens op 'n keer – dis hulle leefritme. En, nee, hulle probeer nie om ander mense se lewens op eie stoom te verander nie, want hulle kan nie. Dis die Here se afdeling. Maar hulle wil graag daar wees waar die Here deur hulle ook sy veranderingswerk doen. Dan staan hulle uit die pad uit en los die werk oor aan die Here. Eer of erkenning is hoegenaamd nie op hulle radarskerm nie.

Mense met geestelike tyd intgelligensie ken daardie bekende *80/20 Pareto beginsel*, naamlik dat 20% van effektiewe mense se tyd en energie gewoonlik oorloop in 80% se resultate, terwyl net mooi die teenoorgestelde in oneffektiewe mense se lewe gebeur. Laasgenoemdes spandeer dikwels 80% van hulle tyd om uiteindelik met 20% se resultate opgeskeep te sit. *GTI* mense kan dit nie bekostig om so oneffektief te wees nie. Daarom prioritiseer hulle elke dag se stukkie lewe wat hulle by die Here ontvang het in terme van *mense en gebeure*. Hulle fokus elke dag tot hul beskikking op:

- daardie mense wat hulle *te alle koste* moet sien en daardie dinge wat hulle te alle koste vir hierdie mense moet doen,
- dan daardie mense wat hulle *behoort* te sien en daardie dinge wat hulle vir hierdie mense behoort te doen,
- dan die mense wat *lekker sou wees* om te sien en daardie dinge wat lekker sou wees om vir hulle te doen,
- dan die take wat *gedelegeer moet word* na iemand anders om dit veel beter te doen,
- en dan daardie afsprake en take wat eintlik maar *gelaat kan word* omdat sulke kontakte nie enige daadwerklike impak op die koninkryk van God gaan hê nie.

Peter Drucker, die bekende besigheidskonsultant wat onlangs oorlede is, vra 'n goeie vraag wat jy ook vir jouself moet afvra as jy eerste dinge eerste wil stel: “*What can I and only I do that, if done well, will make a real difference?*” Gebruik hierdie vraag as 'n leefriglyn, want dit sal bepaal of jy elke dag op die mees effektiewe manier tot God se eer aanwend. Ander mense wat nie God se prioriteite in hulle lewe het nie, sal definitief met jou oor jou lefprioriteite verskil. Selfs kerkmense wat nie hierdie lewensbelangrike geestelike waarhede snap nie, sal met jou kibbel. Maar hou aan om eerste dinge eerste te stel en dit eerste te bly doen, al is dit hoe moeilik. Hou altyd en onder alle omstandighede by jou prioriteite. Moenie jou fokus verskuif totdat jy vir ander mense gedoen het wat jy moet doen nie. Spandeer elke dag jou tyd en energie wyslik aan al die goeie dinge waarvoor die Here jou bestem het, soos wat Paulus in Efesiërs 2:10 sê.

### **5: Moenie te stadig vir vandag wees nie, maak hier en nou 'n stroom-op verskil!**

*Dit help nie om te wag vir die regte tyd nie. Daar's nooit so 'n tydstip nie. Jy moet dit in die geloof skep*

In sy boek, “*Blink*” (2003),” wat verband hou met die vermoë om met ‘n eerste oogopslag die essensiële feite waar te neem, vertel die skrywer Malcolm Gladwell, dat sommige mense die gawe het om oombliklik ‘n konteks te lees en dadelik goeie besluite in die lig hiervan te neem. *GTI* mense is “blinkers”. In Ou-Testamentiese taal gesê, hulle beskik oor Spreuke se soort wysheid. Hulle is goeie *lewe-lesers* wat weet wanneer om wat te doen. Hulle weet waar en wanneer om te praat, en wanneer nie. Hulle weet ook wanneer en hoe om iets konstruktief in die Here se Naam te doen. Hulle het nooit die luukse om kritieke besluite uit te stel vanaf die een vergadering of kommissie na die ander, soos wat dikwels in die kerk gebeur, nie. *GTI* mense wil nooit te stadig vir vandag wees nie.

Om een of ander rede glo baie kerklikes dat mens beter besluite neem as jy dit vir ‘n paar maande, of in sommige gevalle selfs vir jare, laat oorstaan. Toegegee, ‘n wagtydperk is soms nodig. Oorhaastige, swak besluite is altyd dwaas. Maar aan die ander kant, die Here se *GTI* mense weet hulle het eintlik net vandag. Hulle is daarom nooit te stadig vir vandag nie, want die Here is vandag aan die werk. Hy is vandag aan die beweeg. Sy mense waag dit juis vandag al met vandag. Hulle kan “blink”; dit wil sê, hulle kan op hulle voete ‘n opsomming van uiteenlopende situasies, mense en gebeure maak en blitsig lewensveranderende besluite hieromtrent neem. Hulle is die nuwe generasie gelowiges wat so broodnodig is vir vandag se soort wêreld.

Môre is dikwels vir *GTI* mense te laat om goeie dinge te doen. Anders as kerklike agterbankers en voor-sitters, kan hulle nie jare lank agter hoë kerklike mure debatteer oor die meriete van sekere besluite terwyl mense dag na dag in die donker daarbuite verdwaal nie. Hulle wag nie jare lank vir die regte tyd nie, hulle skep dit in die geloof. Hulle kry die regte tyd in plek, vandag al.

Natuurlik aanvaar mense wat oor geestelike tyd intelligensie beskik aanspreeklikheid vir hulle dade en keuses. Hulle verskuif nooit die blaam as iets nie volgens plan verloop nie. Maar hulle is nooit te bang om kans te waag, of om groot geloofspronge te neem nie. Geloof is juis om vandag berge te begin skuif terwyl almal rondom jou sê: “stadig oor die klippe.” Daardie immergroene: “dit sal tog nooit werk nie,” kry hulle ook nie onder nie. Onthou, berge skuif nooit tussen sulke tipe mense nie. Die sement van stagnasie, doodsheid en onveranderlikheid rondom sulke hooploses raak eintlik net al hoe dikker!

Hoeveel maal word potensiële *GTI* mense, wat drome droom en vergesigte sien, se entoesiasme en visie nie deur pessimiste rondom hulle gesteel nie. Moenie jou ore vir sulke vals klanke uitleen nie. As Moses sy ore aan al die doempofete langs die pad na die Beloofde Land uitgeleen het, sou Israel net daar in die woestynsand van Egipte weggesyfer het. As Elisa, soos sy slaaf, begin beef het voor die oormag soldate wat Dotan een oggend omring het (2 Konings 5), sou hy daardie dag as ‘n onbeduidende profeet in die vergetelheid verdwyn het. As Paulus na Lukas en sy medewerkers geluister het wat hom wou keer om Jerusalem toe te gaan (Handelinge 21), sou ‘n groot deel van die



Romeinse Ryk nooit die goeie nuus oor Jesus gehoor het nie. As Maarten Luther na menslike raad geluister het sou hy nooit teen die kerk van sy dag opgestaan het en die Reformasie van stapel gestuur het nie. As Moeder Theresa haar op menslike ondersteuning verlaat het sou sy nooit vrou-alleen in Kalkutta ingestap het om die armes se lot ingrypend te verander nie. En jy? Luister jy na die stroom pessimiste rondom jou, of na die Gees se roepstem hier binne in jou hart? Dit sal bepaal of jy geestelike tyd intelligensie het, of nie.

Oorversigtigheid was dalk die regte soort konvensionele wysheid 40 jaar gelede toe alles in die samelewing nog relatief staties en stabiel was. Vandag se wêreld is egter blitsvinnig. Ons benodig gelowiges om elke hoek en draai soos dié wat Malcolm Gladwell in “Blink” beskryf, daardie mense wat met een oogopslag intuïtief die regte geestelike besluite kan neem en kreatief op hulle voete kan dink. Ons benodig vinnige, goeie kontekslesers, wat tegelykertyd ook passiewolte God-dieners is; *GTI* mense met leeuemoed wat nie bang is om die *status quo* omver te gooi en haastige koersaanpassings te maak omdat vandag se wêreld juis dit vra nie. Radikaal? Ja, maar die alternatief is nog veel erger: stagnasie en dood!

Verby is die dae dat die wêreld inmekaar sal val net omdat iemand iewers vandag ‘n foutiewe besluit geneem het. Om foute te maak, is menslik. Almal doen dit. Nie een van ons weet in elk geval alles nie. Ben Weininger se woorde is waar, al is dit ietwat ontboesemend: “We must have the courage to allow a little disorder in our lives.” Ons ken immers maar net ten dele, soos wat 1 Korintiërs 13 sê. Ons is soms ook oor raad verleë, netsoos Paulus in 2 Korintiërs 4. Deur klein foute leer ons klein lesse en deur groot foute leer ons ontsettend baie! Ons moet die waagmoed hê om meer effektief in die Here se diens te wees. Vandag gebeur. Daar’s nie nog tyd om verder te mors nie. As vandag op ons drempel verskyn, moet ons aanmeld vir diens. Ons durf nie te stadig wees nie.

Die wêreld moet met die evangelie deursuur word, want die son trek water. Boonop sit ‘n groot gros kerkmense elke dag in kammaland se bootjie en dut. Jy kan nie op hulle reken vir veel hulp nie. Maar *GTI* mense weet hulle moet vandag nog een of ander Everest in die Here se Naam aandurf. Natuurlik is hulle bang wanneer hulle sien watter berge voor hulle op die horison wink om uitgeklim te word. Maar hulle leef nie agter veilige heinings, of binne geestelike geriefsones nie. Daarom doen hulle daagliks wat gedoen moet word! Hulle skrik nie vir uitdagings nie, al bewe hulle. Vrees is nie ‘n afskrikmiddel nie, dis dikwels juis die aanduiding dat hulle op die regte koers is.

*GTI* mense leef in die geloof dat God hulle soms uitdaag om op water saam met Jesus te wandel. Hulle moet uit die boot klim as dit die enigste manier is hoe om vandag bo-op die water te beland. As hulle sink, dan weet hulle minstens dat Jesus daar sal wees om hulle te red. Maar hulle kan nie nee sê vir die kans van ‘n leeftyd om saam met Jesus op water te stap bloot omdat hulle bang is om vandag se geestelike uitdagings in die oë te

kyk nie. *GTI* mense is aksie-mense. Hulle is doeners, en boonop effektiewe doeners daarby. Soos goeie golfspelers swaai hulle hul houe deur. Nee, hulle oefen nie net heelyd geestelike dryfhoue doer eenkant nie. Hulle skakel hulle gebede en woorde om in daade, die regte soort wat God verheerlik. Hulle vingerafdrukke is betyds, dis op elke dag te sien, vingerafdrukke met die kruis van Christus daarop ingegraveer.

### Het jy dit?

*GTI* kompetensie is om nie oor die dag van môre te bekommer nie.  
*GTI* kompetensie is om die lewe nooit eksklusief na môre toe uit te stel nie  
*GTI* kompetensie is om vandag met vreugde te vul, die regte soort  
*GTI* kompetensie is om die belangrikste dinge vandag eerste te doen.  
*GTI* kompetensie is om nie te stadig vir vandag te wees nie. Dis om juis hier en nou die regte besluite te neem en die regte dinge te doen wat die res van vandag anders sal laat uitsien.

### Toets gou jou *GTI* vermoëns

Antwoord gou die volgende vrae vir jouself en besluit hoe hoog of laag jou *GTI* vermoëns is op 'n skaal van 1-5, met 1 baie laag en 5 baie hoog

1   2   3   4   5

Ek leef gelowig met my oog op vandag, eerder as op môre  
God se opinie tel meer as ander mense s'n in my lewe  
My prioriteit is om elke dag 'n verskil in Jesus se Naam te maak  
Ek leer graag in die natuur oor God se daaglikse versorging  
Ek gryp elke kans aan wat ek het om goed te doen aan ander  
Ek leef pro-aktief, nie reaktief nie  
Ek doen stroom-op dinge vir God  
Ek het 'n gevoel van dringendheid in my oor die werk van die Here  
Ek kies om elke dag met vreugde te leef  
Ek leef een dag op 'n slag in die Here se Naam  
Ek stel my behoeftes en aktiwiteite daaglik ondergeskik aan God S'n  
In verskillende situasies waar ek my bevind maak ek 'n verskil vir Jesus  
Ek poog om elke dag kommervry te leef  
My toekomsbeplanning hou direk verband met die uitdra van God se ryk  
Ek handel dinge vinnig en effektief af wat ek vir die Here aanpak  
Ek doen waagmoedige dinge in die Here se Naam  
Ander se negatiwiteit keer my nie om dinge vir God te doen nie  
Ek prioretiseer my lewe daaglik in die lig van God se wil  
Ek wil elke dag 'n lewende seën vir ander wees  
Ek neem vinnige, goeie besluite om die evangelie vorentoe te vat

Ek stel nooit 'n kans uit na môre toe om die regte dinge te doen nie  
Ek aanvaar aanspreeklikheid vir my geestelike keuses  
Ek hou van geestelike uitdagings  
Ander mense neem my geestelike opinies ernstig op  
Ek werk saam met mense wat 'n geestelike verskil maak en dit uitleef  
Ek vertrou God volledig met my toekoms  
Ek spandeer my tyd aan dinge wat 'n verskil in ander se lewens maak  
Ek som situasies goed op en maak 'n impak daarbinne  
Ek omring my met kundige Christene na wie se raad ek luister  
Ek leef met die wete dat elke dag spesiaal en kosbaar is

**TOTAAL:**

### **Skerp jou intelligensie op**

*You cannot see faith, but you can see the footprints of the faithful. We must leave behind "faithful footprints" for others to follow.*

*-Dennis Anderson*

In rugby is daar 'n bekende "use it or lose it" reël. Dit geld ook wat ons algemene intelligensie betref. So sê neurowetenskaplikes. As jy ophou om sekere breinfunksies te benut, kan jy later sekere van daardie vermoëns verloor. Geestelike tyd intelligensie werk ook so - gebruik dit of verloor dit. Oefen elke dag om een dag op 'n slag vir God te leef. Begin vandag. Dit gaan die res van die dag anders maak. En môre ook, as God wil dat jy nog in daardie tydsone leef. Maar hier en nou moet jy die regte keuses maak sodat daar vir diegene naby aan jou 'n pad gebou word waarop hulle ook kan loop, 'n pad wat hulle duidelik kan sien. Los jou voetspore agter in Rots, Jesus S'n. Dan is daar vir ander 'n goeie lewenspad gebaan. Jy is dit aan hulle verskuldig.

Leef elke dag in die lig van God se prioriteite. Sonder die regte beplanning is mislukking 'n gewaarborgde metegesel op jou pad. Moenie onverskillig leef nie. Maar moenie so bang wees vir onsekerheid en chaos soos die res van die kerk nie. Anders as al daardie toekoms georiënteerde mense rondom jou vir wie chaos so bedreigend is omdat dit die ordelikheid en geroetineerdheid van die lewe bedreig, moet jy juis floreer in chaos. Hoekom? Wel, jy weet tog dat Jesus gekom het om Lig in donker te bring. Chaos is sy gunsteling werkterrein, nie veilige hawens nie. Daarom bedreig dit jou nie as jy chaos rondom jou sien nie. Dis jou werkplek! Nou toe, gaan koop die tyd vandag uur vir uur behoorlik uit!

## **VIII: Meld aan by vandag. Jy's nog betyds**

Jy hoef nie net deur jou ou dagboeke en foto albums van die verlede te blaai as jy op soek is na belangrike en spesiale dae in jou lewe nie. Jou geboortedag, jou gradeplegtigheid, bekering of troue is nie die enigste groot dae in jou lewe nie. Dit ook, maar as jou herinneringe oor gister groter is as jou drome vandag, dan is jy in die moeilikheid.

Daag 'n slag by die belangrikste dag op hierdie oomblik in jou lewe op, by vandag. Hier en nou maak saak, maak nie saak wie wat vir jou sê nie. Vandag het die potensiaal om omskep te word in 'n werklike groot een. Vandag het Goddelike DNA, want dis deur God gemaak. Dis met sy komplemente aan al die bewoners van moederaarde, ook aan jou, geskenk. Moenie vandag wegpak in die hangkas van soveel ander vermorste, onopgeleefde dae nie. Dag na dag se hemelse manna is al hoeveel kere in die verlede nie deur jou opgebruik nie. Dit het te veel maal tevergeefs by jou lewe se voorstoep op jou gewag.

Haal die hemelse geskenkpapier rondom vandag af. Moenie in daardie slegte gewoonte van gister en eergister volhard deur nuwe hemelse manna weer uit die pad te loop nie. Of God nie toe te laat om jou behoorlik van binne af nuut te maak nie. Pluk asseblief vandag kraakvars en nuut van die Here se genadeboom af. Eet vandag op die regte maniere en leef! Moenie doen wat die hoofkarakter in 'n flik van 'n klompie jare gelede, genaamd *Shirley Valentine*, gedoen het toe sy gesê het: "I got lost in unused time!" Dis 'n verskriklike manier om te verdwaal.

### **Slaap elke aand in die hemelse brandkluis**

Ons moet elke dag voluit leef, maar ons moet elke dag ook voluit rus. Ons is nie werkslawe nie, definitief ook nie leef-slawe nie. Daarom moet ons elke aand slaap, en goed ook. Ons het rus nodig. Saam met Dawid in Psalm 3:6 moet ons kan sê dat wanneer ons gaan lê, dan slaap ons goed en ons word weer wakker, want die Here sorg vir ons. Saam met hom moet ons ook in Psalm 4:9 sê dat ons onbesorg en kommervry elke aand gaan lê en dadelik aan die slaap raak omdat die Here ons veilig laat leef. Net soos ons manier van leef, moet ons manier van slaap ook 'n getuienis wees van ons lewe wat daaglik in die Here se hand is.

Die lewe gebeur nie net wanneer ons wakker is nie, maar ook in ons slaap. Dan is ons nie skielik vir 'n paar uur lank uit aksie of afwesig nie. Ons moet seker maak dat ons elke aand gelowig, in God se arms, gaan slaap. Daar rus ons regtig. Daar is ons veilig. As ons elke aand eers ons probleme aan die Here voete neersit en in ruil hiervoor sy rus ontvang, dan slaap ons goed. Dan voeg ons elke keer 'n volle nag se rus tot ons lewe toe. Dan droom ons soet drome en veilige drome. Dan kry ons nuwe krag om bedags oop-oë deur ons drome te leef.

Sluit elke dag behoorlik af voor jy gaan slaap. Wees bly dat vandag ook God se spesiale geskenk aan jou was. Sluit dit dankbaar af sonder dat jy dink jy het outomaties enige reg op môre. Moenie los drade aan die einde van vandag laat rondlê nie. Plaas jouself in die Here se hande aan die einde van elke dag en vertrou Hom met jou lewe wanneer jy oorskuif na droomland toe.

Moenie met woede gaan slaap nie. So sê Paulus in Efesiërs 4. Woede mag nooit in jou siel agterbly as die son aan die einde van die dag oor jou sak nie. Praat dit uit as dit moet. Verwyder dit uit jou gedagtes. Wees vry as jy jou oë toemaak.

Wees bly oor elke vandag wat die Here aan jou gee. Dis genade, verniet, onverdiend. Dis 'n geskenk uit die Allerhoogste se hand. Jy lewe net vir 'n rukkie, maar tog leef jy juis vandag. Vandag is joune ook. Hier aan die einde van nog 'n genade-dag skenk die Here 'n heerlike nagrus aan jou. Moet asseblief nie in een enkele nag in droomland inplons sonder die volgende stukkie geestelike dissipline nie:

- a. **Dink gou vir 'n paar oomblikke na oor God se goedheid** deur die loop van die dag. Hoe het die Here vir jou vandag hemelse manna gegee? Water daaglikse brood was op jou spyskaart? Het jy vandag dalk meer as net brood geëet? Hoe het die Here voorsien in jou en jou dierbares se behoeftes? Waar het jy oral God se hand in vandag raakgesien? Op watter maniere het God jou van voor af nuut gemaak? Watter impak het jou doen en late op ander gehad? Hoe is ander se lewens verander omdat God jou vandag juis naby aan hulle neergesit het?
- b. **Sê dankie aan die Here vir vandag en vir sy brood en manna.** Gee aan Hom die eer vir vandag, vir elke stukkie oorfloed en tekort. Wees ryk voor God vanaand, al is jy brandarm. Wees arm voor God vanaand, al is jy ryk. Wees klein, maar oordadig in jou dankbaarheid. Jubel en juig oor alles wat vandag in jou, met jou, rondom jou en met ander gebeur het wat God se eer nog meer weerkaats.
- c. **Vra askies** vir elke vermorste kans, elke verswygde woord wat God sou verheerlik, elke nagelate geleentheid om te dien en vir ander om te gee. Vra askies vir enige stukkie selfsug of eersug. Aanvaar ook God se vergifnis en maak daardie boeke vir oulaas toe. Moenie met skuldgevoelens of onafgehandelde negatiewe emosies gaan slaap nie. Dis slaapversteurders, wakkerbly-pyne.
- d. **Vra vir hemelse manna vir die nag wat voorlê.** Bid die Heer se goedheid en sorg af oor jou dierbares, jouself, mense rondom jou en ver van jou af.

### **Moenie 'n slagoffer wees nie**

Jy is nie 'n slagoffer nie. Jy's iemand wat elke dag 'n lewensgrootte verskil kan leef. Hierdie verskil gebeur as jy kies om nie 'n gevangene van jou eie emosies, jou omstandighede, jou verlede, jou familie, jou kerk, jou werk, jou buurt, jou land, jou wat

ookal te wees nie. Ja, jy het 'n verlede, of jy dit wil weet of nie. Jou verlede gooi elke dag 'n skaduwee, of 'n lig, oor vandag. Helaas kan jy nie maak asof gister of eergister nie 'n effek op jou manier van leef het nie, want dit het. Maar jy kan besluit of dit 'n skaduwee of 'n lig is! Jy kan ook besluit om na die regte gister toe terug te stap, soos wat ons in hoofstuk 3 gesien het.

Wanneer onwelkome gaste soos misdaad, mishandeling of ander traumatiese gebeure hul littekens op ons lewe laat, dan kan ons maklik in slagoffers van die lewe verander. Dan bly ons in die intensiewe eenheid as ons nie iets daadwerklik hieraan doen nie. Vra my, ek was vir 'n rukkie lank ook 'n slagoffer van 'n motorkaping. 'n Paar jaar gelede het my doppie amper geklap toe ek gekeer is. Aanvanklik het ek gedink ek "cope" goed met hierdie traumatiese ervaring, totdat my vrou en goeie vriende my 'n paar weke later na die werklikheid toe terug geruk het deur vir my te sê ek hanteer nie hierdie situasie te effektief nie. Eers toe ek by 'n terapeut uitgekom het, het die greep wat hierdie insident op my daaglikse menswees gehad het van my skouers afgegly. Maar ek moes kies dat dit gebeur. Ek moes kies om nie langer gevange gehou te word deur emosies soos vrees, woede of selfs haat nie. Ek moes kies om oor te begin leef en van voor af te begin leef. Ek moes besluit dat 'n nuwe dag aangebreek het. En dit het! Goddank!

Watter dinge hou jou gevange sodat die mooiheid van vandag nie ten volle benut word nie? Watter vrese en onsekerhede lê jou lam? Kyk dit in die oë. Gaan sien iemand wat jou kan help om dit te doen, as dit moet. Jy is nie 'n supermens nie. Jy is nie onbreekbaar, onoorwinlik en onaantasbaar nie. Die lewe gebeur, ook met jou. Moenie dat dit jou uitknikker nie.

### **God het besluit om jou flou gister te vergeet; wie's jy om dit nog lewend te hou?**

Jy skuld jouself vandag. Soos wat Prediker 9 sê, 'n lewende hond is beter as 'n dooie leeu. Nou ja, jy ook. Jy leef! Jy's hier. Al het jy dalk jou werk verloor, of ernstig siek geword, God het gekies dat jy vandag steeds lewe. Jou waarde het nie skielik afgeneem omdat die geld in jou sak, of jou gesondheid, moontlik dramaties minder geword het nie. Of omdat een of ander maatskappy of instelling miskien so vaak was om jou dienste gister of eergister te termineer nie. Selfs al het jou huwelik of 'n kosbare vriendskap op die rotse geloop, jy is nie vandag 'n mislukking nie. Nie eens al die verkeerde dinge wat jy aangevang het, of die skewe paadjies wat jy dalk gister geloop het kan vandag teen jou tel as jy in die Here se hand leef en sy vergifnis ken nie.

Jy leef met die grasia van God. Jy is kosbaar in sy oë. Gister se foute en gebreke is minstens 'n nagreis ver agter jou. Saam met gister wat verby is, is gister se seer, swaar, swak besluite, verkeerde besluite, struikelinge en pyn ook vandag verby. God het gekies om oor en voor met jou te begin. Wie is jy om te weier om sy genade te ontvang? Wie is

jy om te weier dat God jou nuut omvou met sy liefde en deernis? Wie is jy om aan te hou met bitterheid of selfjammerte?

Moenie die leuens glo dat jou waarde net in geldterme gemeet kan word nie, of dalk net in jou nuttigheidswaarde vir sommiges nie. Jy is so kosbaar dat God jou nie oorgeslaan het toe Hy vanoggend aan al sy geliefdes hier op aarde brood uitgedeel het nie. Ook is jy nie afgeskeep toe nog 'n porsie nuwe lewe deur die Gees oor sy kerk uitgegiet is nie. Hoe kan jy toelaat dat vals verhale oor gister en eergister jou gevange hou? Ontsnap uit jou selfopgelegde vonnis uit. Raak vry.

### **Leef vandag sonder spyt**

*Love life and live it to the full  
Enjoy the moment  
Reflect on your life  
Make every second count  
Don't have regrets  
Richard Branson*

-

*"No regrets!"* So sing Mirelle Matthieu, 'n Franse sangeres, in een van my gunsteling liedjies. Sing oor die lewe sonder spyt of verwyd. Leef dit een dag op 'n slag binne God se heilige hand. Te veel van ons leef met onnodige skuldgevoelens. Ons is gedurigdeur aan die snuffel en soek na foute, tekorte en gebreke in ons lewe. Ons skiet aanhoudend te kort in ons eie oë. Daar's nie 'n fout op die horison nie, of ons het dit onderlede.

As ons mense is wat vir vandag wil leef saam met die Here, dan kry ons elke nuwe dag behoorlik klaar met gister se foute. Ons neem sommer al gisteraand hiervan afskeid. Ons krap nie heelyd in gister se donker laaie rond nie. Ons aanvaar verantwoordelikheid vir ons lewenskeuses, foute en oorwinnings wat gister en eergister gebeur het. Maar ons laat nie toe dat hulle ons bloots ry nie. Saam met Paulus in Filippense 3 maak ons ons los van dit wat agter is en leef voorwaarts.

Ons leef met ons voet teen vandag se pedaal. Daarom is daar nie spyt of verwyd in ons hart nie. Ons maak regtig vrede daardie omstandighede wat ons nie kan verander nie. Ons leef ook saam met daardie mense wat ons graag anders wou hê, maar wat dalk nie gaan verander nie. Ons sorg egter dat hulle ons nie na hulle probleemvlak toe aftrek nie.

### **Wees aanspreeklik vir jou lewe vandag**

Vra vir iemand naby aan jou om 'n dagreisger saam met jou te wees, 'n dag-afrieter, teenoor wie jy aanspreeklik is vir wat jy vandag dink, praat en doen. Moenie alleen deur die lewe pendel nie. Dis moeilikheidsoek, dis gevaarlik.

Ek moet sê, ek is ietwat versigtig vir daardie term mentorskap omdat dit 'n nuwe modegier geword het, ook in die kerk. Almal is deesdae mentors, en almal het ook mentors omdat dit nou die in-ding is. 'n Goeie vriend het my lank terug 'n belangrike les geleer: as almal iets begin doen, moet jy dalk oorweeg om uit te klim uit daardie oorvol baan. As almal skielik begin aandele koop of eiendomsporefeuljes ontwikkel, vanaf die besturende direkteur tot die persoon wat die kantoor se vloere was, dan's dit tyd om die rooiligte te sien flikker. Dieselfde gebeur miskien met mentorskap. In te veel kerklike kringe word mentorskap 'n "wettige" manier van skinder en geheime deel tussen individue wat nie veronderstel is om daardie geheime te ken nie. Mentorskap kan maklik in 'n magspeletjie ontaard, of selfs in 'n bedekte manier van spoggerie wanneer mense vir mekaar begin vertel: "ek is mos so en so se mentor," of: "het jy geweet daai bekende persoon is eintlik my geestelike mentor."

Kies eerder vir een of twee medereisigers wat vandag saam met jou en naby jou stap. Jy moet minstens een persoon vertrou om vandag langs jou te stap aan wie jy verantwoording kan doen vir jou eie lewenskeuses. Dit moet 'n medespeler wees, iemand wat regtig langs jou loop en nie bokant jou uittroon nie. Hierdie dagreisiger moet die moed hê om jou reguit aan te vat en jou terug te stamp op die regte roete. Nee, dis nie iemand by wie jy loop en skinder, of wat jou gedurig voorsê presies wat om te doen, en wat nie. Teenoor so 'n medereisiger moet jy deursigtig en aanspreeklik wees vir jou gedagtes, woorde en daede. Anders raak jy lewensvreemd. Op dié wyse beskerm jy jouself teen jouself!

### **Mense wat vandag voluit vir God leef is 'n ander *species* as diegene wat al hulle hoop op môre sit**

Daar's 'n lewensgrootte verskil tussen toekomsgeoriënteerde mense en hedegeoriënteerde mense.

- Mense wat vir môre leef, stel die betekenis van die lewe gedurig soontoe uit. Vreugde en geluk wag vir hulle altyd om die draai, nooit hier nie.
- Mense wat vir die toekoms leef, mors vandag gedurig op. Hulle is nie gerat vir vandag nie. Hulle koop nie vandag uit nie omdat dit nie vir hulle nie in vandag se tydsone leef nie. Hulle is veels te besig om teen 180 km per uur vir die toekoms te beplan. Daarom leef hulle so skrikwekkend vinnig om vandag agter die rug te kry sodat die toekoms iewers vorentoe kan aanbreek.
- Mense wat vir môre leef, is vandag vol stres en spanning. Hulle probeer so hard om vir die toekoms voorsiening te maak dat hulle nie weet wat vandag met vriende en familie rondom hulle gebeur nie. Mense met hul oog op die toekoms is baie bang vir vandag. Hulle onsekerhede en vrese oor môre ontnem hulle alle lewensvreugde. Daarom dat hulle nie aangemeld het toe vandag by hulle lewe afgelaai is nie.



- Toekomsgedrewe mense sien die lewe as ‘n lang uitgestrekte pad. Daar’s nie ‘n dringendheid in hulle binneste om vandag te leef asof elke sekonde regtig tel nie. Hulle leefhouding is dié van: “môre is nog ‘n dag; nee, môre *is* die dag!” Sê wie? Mense wat vandag deur-leef is soos kortafstandatlete. Hulle hardloop die lewe voluit. Vandag maak saak. Dit tel. Hulle suig die murg uit elke vandag uit, omdat elke nuwe dag onherhaalbaar, nuut en vars is. Hulle hanteer vandag nooit met ‘n traak-my-nie-agtige houding asof dit maar net nog ‘n doodgewone dag is nie.
- Vandag is vir diegene wat dit aangryp veels te kosbaar om dit nie met die nodige respek te behandel nie. Hulle weet dat elke vandag presies die regte dag is om ‘n verskil te ervaar en ‘n verskil te maak. Vandagmense beskou vandag as spesiaal omdat God dit gemaak het.
- Vandagmense het veel meer korttermyn doelwitte as langtermyn doelwitte. Hulle beleef elke dag as ‘n volledige en afgeronde stukkie lewe, nie as ‘n punt onderweg na ‘n ongedefinieërde môre toe nie. Hulle bereik hul doelwitte gouer en ook meer effektief, want hulle jaag nie heelyd agter onbereikbare ideale aan nie. Hulle sien die horison hier naby hulle en leef rustig, maar baie gefokus, soontoe. Hulle leef nie gejaagd nie, maar teen God se een-dag-op-‘n-keer leefspoed. Hulle het egter ‘n dringendheid ‘n “sense of urgency” in hulle omdat vandag so baie saakmaak.
- Vandagmense is veel meer ingestel op God se wonderwerke en sy versorging hier en nou. Vandag al hulle hoe Hy manna uitdeel en oor en voor begin met sy mense. Hulle wag nie vir die dag van môre om sy hand in aksie te sien nie.

### **Ja, dis dalk onseker, maar wat ‘n avontuur om vir vandag te leef**

*Superficiality is the curse of our age*

*-Richard Foster*

Een van die kenmerke van menswees is ‘n aanhoudende soeke na vastigheid en sekuriteit. Vra maar vir die Israeliete doer in Numeri 13 se dae. Toe hulle honger en totaal onseker oor die toekoms in die woestyn rondgedwaal het, was hulle nie te beïndruk met die verslag van die verspieders wat deur Moses na die Beloofde Land toe gestuur is nie. Tien van die twaalf verspieders het juis vertel dat daar groot moeilikheid op hulle wag as hulle die land wil inneem. Net twee, Josua en Kaleb, het verby menselike beperkings gekyk en God se hand vandag al en môre ook raakgesien. Hulle was bang, maar nogtans oortuig dat hulle die avontuur moes aandurf om vorentoe, die onbekende in, saam met Hom te stap.

As Moses daardie dag sou gedoen het wat die meeste kerke vandag doen, naamlik om demokratiese stemmings te hou, of gedurig die mense se opinies te vra en almal gelukkig te probeer hou, dan sou Israel net daar omgedraai het en teruggekeer het na ‘n bekende, haglike scenario toe, na Egipte toe. Tog het Moses en sy twee verspieders, wat daardie waagmoedige minderheidsverslag saamgestel het, stroom-op gekies vir God se pad. Hulle

wou nie mense tevrede stel nie, maar vir God, al het dit daardie dag amper hulle lewens gekos.

Om vir vandag te leef, op so 'n manier dat 'n nuwe môre nou al begin ontsluit, vra *guts*. Dit kos baie moed om afstand te doen van materiële sekerhede en menslike sekuriteite. Meeste kerkmense kry dit nie reg nie. Hulle is vasgevang in stres, bekommernis en angs oor môre. Hulle leef nie waagmoedig nie, maar skuil in veilige hawens; dit terwyl Jesus stormwaarts loop, na die oop see toe. Om vir vandag saam met God te leef vra 'n nuwe manier van leef, sorgvry leef.

Sorgvry leef beteken onder andere:

- om God elke dag in die oë te kyk en Hom net vir vandag se brood te vertrou;
- om nie gedurig vir môre te beplan en soontoe te leef nie;
- om soos 'n kindjie oor klein dingetjies opgewonde te raak;
- om in eenvoud te kan leef;
- om 'n belangrike stuk werk te los ter wille van 'n onbeplande aand uit saam met jou familie of vriende;
- om nou en dan sonder 'n horlosie te leef;
- om op te hou om mense te probeer verander om soos jy te wees;
- om uitbundig te lag;
- om eg te wees;
- om uit die bloute vir iemand te vra of jy vir hom of haar mag bid;
- om vry van onderdrukte agressie te wees;
- om op 'n bus of in 'n koffiewinkel of wagkamer rustig uit jou sakBybel te lees;
- om vrolik in 'n verkeersknoep of in 'n lang ry te wag;
- om bly te wees dat ander gelukkig wegstap nadat hulle by jou was;
- om te ontspan;
- om dankbaar te wees vir klein deurbrake en onopgemerkte suksesse;
- om iets vir iemand te doen sonder dat hy of sy of iemand anders daarvan weet;
- om tevrede te wees;
- om jou selfoon af te sit as 'n onbelangrike persoon jou aandag vra;
- om genoeg te hê, al het jy min;
- om jou nie moeg te maak oor dinge en situasies jy nie kan verander nie;
- om vir 'n paar oomblikke elke dag na die skepping se musiek te luister;
- om ander te laat deel in dit wat jy het;
- om nie jou kop gedurig te breek oor wat ander mense van jou dink nie;
- om vol deernis te wees teenoor diegene wat minder as jy het;
- om daaglikse probleme te omskep in nuwe geleenthede;
- om vandag se probleme elke slag vandag al uit te sorteer;
- om 'n oorvol dagprogram op die ingewing van die oomblik te verander ter wille van iemand wat jou nabyheid nodig het.

**Daar's nie verlore kanse nie, net verlore dae**

Frank Sinatra sing: "I did it my way." Ek wil graag sing: "I did it God's way." Moenie uitstel om vandag saam met die Here te wandel nie. Moenie die fout maak wat Marta gemaak het in Lukas 10 toe Jesus by hulle huis kom kuier het nie. Pleks dat sy, soos haar suster Maria, alles net so laat staan het en dadelik aan sy voete gaan sit het, het Maria rondgeskarrel om die kos vir al die belangrike gaste reg te kry. Boonop was sy vies dat haar suster aan Jesus se voete loop sit het terwyl sy alleen moes kos maak. Gelukkig het Jesus haar vinnig tot haar sinne teruggeruk. Hy het vir haar gesê dat Maria juis die regte deel uitgekies het wat nooit weer van haar af weggevat kan word nie.

Maria het reg gekies. Haar keuse was Jesus. Sy het op die regte plek gaan sit – aan Jesus se voete. Sy het dit boonop be-tyds gedoen – sommer daar op die plek. Die gevolg – nuwe lewe! Vir altyd. Daardie dag was Maria se beste dag ooit. Dit het alles begin met 'n besoek van Jesus wat sy nie deur haar vingers laat val het nie. Moenie saam met Marta rondskarrel met ander dinge as Jesus kom kuier nie. Laat staan alles waarmee jy besig is. Want jy weet nie of jy die voorreg ooit weer sal beleef dat Hy kom kuier nie. Goddelike dae soos hierdie kruis mens se pad nie aldag nie. Dae kom en gaan! Kanse, dié is daar baie, maar Goddelike dae – hulle kom net een dag op 'n slag.

Die tyd kan ongelukkig nooit weer teruggedraai word nie. Gryp dus die paar leefdae aan wat jy het. Nee, waag dit maar net met vandag. Dis die beste dag met die beste kanse ooit. Soos wat ek pas weer beleef het. 'n Persoon daar uit Springs op die Oos-Rand bel my verlede week en vra of 'n vriend van hom, genaamd Pieter Parkin my dringend kan skakel. Pieter was in die hospitaal met 'n kankergewas op sy tong. En Pieter het die handdoek eintlik met God ingegooi. Toe gee hierdie vriend vroër verlede week vir Pieter 'n boek wat ek 'n paar jaar gelede geskryf het, getiteld: "Dit kos guts om te bly glo." Dit het sy lewe radikaal omgekeer.

Ek het die volgende dag van Pieter gehoor. Die kanker het hom seergemaak, maar skielik was die doodsware gewig van twyfel van sy skouers af. God het hom vrygemaak. Ons het opgewonde vir mekaar gesê hoe goed God is. Pieter het ook gevra of hy my kan kom sien as hy weer in Pretoria se omgewing kom.

Toe, skaars drie dae later kry ek 'n oproep dat Pieter onverwags dood is. Sommer net so. Maar die goeie nuus is dat hy hier in beseringstyd van sy lewe een dag 'n stukkie eendag-en-vir-altyd lewe omarm het wat Jesus aan hom gegee het. Dit was oor en oor die moeite werd. Toe die regte vandag by sy lewe opdaag, het Pieter die kans met beide hande aangegryp. Ek onthou nog die vreugde in sy stem terwyl ons twee vir 'n kort rukkie gepraat het. Hy was so bly dat hy die Here se kind is. Daar was regte feesvreugde in sy stem. Praat van goeie tydsbenutting! Praat van absoluut betyds wees! Te veel vorige dae het hy deur sy vingers laat val, maar minstens een dag, toe Jesus kom kuier het, het hy alles gelos om saam met Hom te kuier. En lewe as ewige geskenk ontvang.

Wis jou verlore dae vandag uit. Want van hulle is daar meer as genoeg op jou kerfstok. Kry hulle eens en vir altyd agter jou. Begin deur minstens van vandag af elke nuwe dag wat jy gratis kry op die regte maniere te beleef. Moenie vandag ook nog vermors nie. Leef dit op deur Jesus as die Eregas van jou lewe te verwelkom. Dan raak jy 'n effektiewe tydsbenutter.

### **Is jy vandag alleen? Goed so!**

Wie's langs jou as jy rondom jou kyk? 'n Massa kerkleiers wat vreesloos opstaan en uitstaan vir God? Magtige sendingbewegings, kerke en Christelike organisasies wat die hele land oorspoel? Indrukwekkende besigheidsmense en politici wat van vroeg tot laat voor God buig en hul besighede op koninkryksbeginsels bestuur? 'n Veilige samelewing wat aan die hand van God se voorskrifte leef? Jongmense wat God om elke hoek en draai dien? Waarskynlik nie! Dalk is jy alleen. Goed so! Dis 'n goeie gevoel om te hê. Want die Christendom word toe nie gebou met groot getalle, luidrugtige stemme, massas, en wat nog alles nie. Indiwidue maak 'n lewensgrootte verskil. Jy is deel van 'n Span van Een. Terloops, die Here is daardie Een, nie jy nie. Hoeveel ander kerkmense daar rondom jou is, is nie regtig ter sake nie. Die enigste vraag is of Jesus die Een is wat die heel naaste is. Dan is dit die Oorwinningsspan waarin jy speel. Dan tel getalle nie meer nie.

Hoekom verander gewone mense soos jy nie die wêreld in Jesus se Naam nie? Miskien omdat jy tevergeefs jou tyd verwyd deur te sit en wag op nog menslike versterkings. Hulle sal waarskynlik nie betyds opdaag nie, in elk geval ook nie genoeg van hulle nie. Jy sit jou hoop tevergeefs op aardse prinse. Moenie! God is jou enigste Bron van krag. Wag vandag net op Hom. Hy sal opdaag. Betyds ook, en met 'n handvol hemelse manna, genoeg vir vandag. Ook met lewende water, genoeg dat jy nog baie oor het om weg te gee vir ander rondom jou. Nee, jy's nie te jonk of te oud, te ongeleerd of te slim, te siek of te besig, te swak of te klein van geloof om die regte persoon op die regte tyd op die regte plek te wees nie. Jy is 'n een-man of een-vrou weermag in die Naam van die Here. Wat 'n gevegsmag, wat 'n taakspan!

Roep die regte versterkings in as jy hulp ontbied. Vra God om op te daag om vandag te van hoek tot kant te verander. Nee, weet dat Hy lankal reeds opgedaag het. Hy het gister reeds tot jou redding verskyn. Vra Hom maar net om die blinddoek van jou eie oë af te haal. Sodat jy God in die geloof kan raaksien. Dis al. Dan begin die verskil sommer hier digby jou, een dag op 'n slag.

### **Wees radikaal, breek die dak af**

*We either make ourselves happy or miserable. The amount of work is the same*  
- Carlos Castaneda

Wat moet jy vandag doen? Wel, leer by daardie lam man van wie ons lees in Markus wie se vriende besef het Goddelike kans kom net een keer en dalk nooit weer nie. Daarom dat hulle radikaal geraak het. Hulle het Petrus se woonhuis se dak afgebreek om hulle verlamde vriend tot voor Jesus se voete te laat afsak. Praat van ekstreem! Dis nou vir jou ekstreme geloof. Maar hulle kon eenvoudig nie anders nie. Mōre was Jesus dalk weg. Dan was die kans van 'n leeftyd om hulle siek vriend tot digby Jesus te bring vir altyd daarmee heen. Nee, vandag was beslis nie maar net nog 'n dag in hulle oë nie. Daardie dag toe hulle die dak afgebreek het, was die enigste dag. Daarom dat hulle desperate planne moes maak om die meeste te maak van die klein geleentheid wat hulle gehad het.

Jesus kon nie anders as om kennis te neem van die dapperheid van die vriende van die siek man nie. Hulle was skielik in Jesus se ruimte, in sy gesigsveld. Hy moes eenvoudig van hulle kennis neem. Dis radikale geloof. Dis wat gebeur wanneer mense net een dag op 'n slag het om die wêreld te verander, of om ander te help. Dan moet dakke afgebreek word en alle konvensies oorboord gegooi word. Dan tel fatsoenlikheid en sulke dinge veel minder as dat lewens daadwerklik deur Christus vernuwe word.

Jesus self kon ook nooit wag tot 'n volgende dag as Hy iewers op 'n sabbat 'n sieke raakgeloop het nie. Daar en dan moes Hy elke slag help en genees. Al het dit sy doodsvonnis beteken, Jesus kon nie mense verwaarloos nie. Hy het juis gekom om mense se lewens te verander en dit het Hy ook dag en nag gedoen. Sy horlosiewysers was stukken mense. Sy dagboek was oorvol met afsprake om sondaars te red. Sy finale dagbeplanning het aan die kruis 'n hoogtepunt bereik toe Hy die sondes van mense daar op sy skouers getel het. By sulk mense - dis waar jy en ek ook moet wees. Radikaal, voluit, in die hoogste versnelling teen vandag se leefspoed.

Jy is genomineer as 'n impak-speler om vandag teen God se spoed 'n daadwerklike verskil te maak. Laat jou lig vandag skyn. Laat jou naam en adres agter op al 24 ure wat jou vandag vanuit elke kant omring. Maak seker dat mense wat saam met jou in hierdie tydsone deurbring behoorlik kennis neem van jou doen en late as een van die aardse verteenwoordigers van Christus. Laat jou teenwoordigheid vandag tel! Wees die regte impak.

Hou op om so 'n skrikwekkende toekomsbeplanner te wees. Doen sommer net vandag 'n paar regte dinge. En geniet dit, maak nie saak wat mōre inhou nie.

...Al leef jy net een enkele dag in jou hele lewe op so 'n radikale manier dat die engele in die hemel daarvan kennis neem, dan het jy meer gedoen as ander mense in 'n duisend dae.

...Al bring jy net vandag in God se voorhowe deur, dan het jy dalk meer gedoen as diegene wat 'n leeftyd in kerke spandeer.

...Al is jy net vandag daar vir iemand in groot nood, dan het jy meer plek volgestaan as mense wat 'n leeftyd in mekaar se geselskap deurbring.

...Al sê jy net een woord vandag op die regte tyd vir die regte persoon, dan het jy dalk meer gesê as die wêreld se grootste sprekers saam.

...Al doen jy vandag net een regte danspassie, dan is dit veel meer as mense wat hul lewe lank op die verkeerde musiek se ritmes rondplons.

### **Geniet vandag saam met God**

*Joy is the serious business of heaven*

- C. S. Lewis

Ja, dis waar, die wêreld moet verander. Lewens moet aangeraak word. Die armes moet kos kry. Eensames moet bygestaan word. Trane moet afgedroog word. Die evangelie moet verkondig word. Dinge en mense moet verander. Maar nou ja, soos wat Jesus al in Markus 14 gesê het, die armes sal altyd by ons wees. Maar Jesus Self is vandag hier. Vandag is net die dag! Hy is die Eregas. Laat staan alles en geniet vandag voluit saam met Hom. Hy is die Lewe, nie jou drome oor sukses, beter werk, meer dinge op jou naam, luukser vakansies, meer vriende, of groter invloed nie. Maak vandag jou spesiale dag om saam met Jesus te wandel. Geniet dit. Moenie te veel dinge beplan wat jy wil sê of vra tydens hierdie ontmoeting nie. Nee, loop net 'n slag sorgvry saam met die Here, onbepland en vreugdevol.

Ja, dis goed en reg om groot drome te droom oor hoe jy nog die wêreld vir God wil verander. Dis mooi om planne te beraam hoe om die kerk nog te verander. Maar die belangrikste van alles is om vandag in die teenwoordigheid van jou Hemelse Vader te wees en dit net van 'n kant af te geniet. Om daar te wees waar Hy is, is meer as genoeg. Dis die lewe self. Los al jou planne 'n slag eenkant. Daag net op. Geniet God se spesiale feesmaal saam met jou in jou eie klein hoekie van die wêreld. Verheug jou oor die Heer se teenwoordigheid. Sing 'n vreugdeslied voor Hom. Dans vrolik. Wees 'n slag oordadig bly. Laat dit uitbundig oor jou eie lippe borrel, al weet niemand anders daarvan nie. Vul jou huis, jou werkplekkie met 'n stukkie persoonlike vreugde omdat Jesus spesiaal by jou kom kuier het. Doen dit vandag!

### **One day at a time, sweet Jesus...**

Dalk ken jy die Engelse lied: One day at a time sweet Jesus, that's all I'm asking from You." Kom ons sluit ons reis af met hierdie lied as ons gebed. Kom ons sing biddend oor ons nuwe lewenspassie vir vandag. Kom ons sing uit volle bors. Kom ons bid, bely en getuig dat ons van nou af een dag op 'n keer wil leef en gaan leef. Kom ons doen dit biddend en vreugdevol in die hande van Jesus. Hy het juis vandag moontlik gemaak. Dis ook ons s'n, met sy grasia. Kom ons gaan leef dit dan vrolik uit in die Naam van ons Here. Kom ons hê 'n slag die *guts* om vir vandag te leef!

